

**FITOSOSIOLOGIE EN VELDBESTUUR VAN DIE OOSTELIKE
KALAHARI DORINGVELD**

deur

JACOBUS HENDRIK LOUW SMIT

**Voorgelê ter vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die graad**

MAGISTER SCIENTIAE (NATUURLEWEBESTUUR)

in die

Sentrum vir Natuurlewebestuur

Departement Vee- en Wildkunde

Fakulteit van Natuur - en Landbouwetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Leier: Prof. Dr. N.van Rooyen

Oktober 2000

KALAHARI LAND

*Kalahari land met jou rooi-bruin sand
vorm my band, met my Vaderland*

*Kalahari sand wat my voete laat brand
Geen rand in my hand kan my hart so laat brand*

*Geen rente of sent kan my pret so versend
soos jou mense gedênk, in liefde gebênd*

*Kameeldoorn boom met dorings bekroon
'n stille troon in 'n ewige droom*

*Die Boesmansgras in water gewas
verskaf die krag wat bokke laat draf*

*Versamelvoël neste gemaak van reste
is die beste in dié geweste*

*Berghaan se fleur verskaf die geur
in sy kleure verbeur*

*Kalahari se leeu, so beeldskoon soos sneeu
verskans 'n spreek vir 'n sonnige eeu*

*Tot op Bray gery, lekker dors gekry
Sonstraal vermy om honger te kry*

*Ou Frik se bulletjies die kry die pilletjies
want hul verstik aan die duwweltjies*

Physiologi

Opedra aan:

My ouers, my vrou en die Kalahari en sy mense

ABSTRACT

Phytosociology and veld management of the eastern Kalahari Thornveld

by

JACOBUS HENDRIK LOUW SMIT

Supervisor: Prof. Dr. N. van Rooyen
(Department of Botany
University of Pretoria)

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree

MAGISTER SCIENTIAE (WILDLIFE MANAGEMENT)

The deteriorating state of the veld condition in South Africa is of major concern and needs attention to prevent further deterioration. The first step towards sound veld management is the classification of vegetation and a comparison with research done in the past.

The vegetation of the eastern Kalahari Thornveld was classified and refined by means of the Braun-Blanquet and TWINSpan procedures. A total of 1 071 sample plots were randomly distributed over an area of 114 391 km², in the eastern part of the Kalahari. Stratification was based on land types and terrain units. The classification of the floristic data resulted in five different major vegetation units which were presented in five separate sinoptic tables. The 56 plant communities identified, were further described and ecologically interpreted. A species list of all the flowering plants as well as rare, endemic and the most important poisonous species were compiled. A total of 24 mapping units were identified and mapped. The application of Braun-Blanquet data in the assessment of veld condition and grazing capacity for the 24 mapping units were carried out using the Ecological Index Method. Bush encroachment and potential areas of

bush encroachment were identified, using the quadrant method.

Abstract

Keywords

Introduction

INHOUDSOPGAWE

ABSTRACT	i
HOOFSTUK 1 INLEIDING	1
 HOOFSTUK 2 ALGEMENE OORSIG	 5
Eienskappe van die Kalahari	5
<i>Terreinvorm</i>	5
<i>Gebrek aan oppervlakwater</i>	5
<i>Sandbedekking en plantegroei</i>	6
<i>Omgewing van kontras</i>	7
<i>Panne</i>	7
Ligging van die Kalahari Sisteem	7
Ligging en grootte van die studiegebied	8
Oorsig van vorige plantkundige studies	11
<i>Veldtipe 16 (Acocks 1953; 1988)</i>	11
1. Die Kalahari Doringveld	11
i. Die noordoostelike Kalahari	14
ii. Die oostelike Kalahari	14
iii. Die sentrale Kalahari in die Hopetown-Kimberley- Vryburg-omgewing	14
iv. Die westelike en noordwestelike Kalahari, wes van die Asbesberge en Kurumanheuwels	14
2. Die Vryburg struikbosveld	
i. Die <i>Tarchonanthus</i> -veld van die Ghaaplatto	14
a. Digte <i>Tarchonanthus</i> -veld	15
b. Oop <i>Tarchonanthus-Rhus ciliata</i> -veld	15
c. Digte gemengde struikbosveld	15
ii. Gemengde <i>Tarchonanthus</i> -veld	16
iii. Gemengde <i>Tarchonanthus-Rhus-Croton</i> -veld	16

iv. Gemengde <i>Tarchonanthus</i> doringveld	16
<i>Plantegroeitipes</i> (Van Rooyen & Bredenkamp 1998)	19
1. Kalahari Vlakte Doringbosveld (Plantegroeitipe 30)	19
2. Kalahari Bergbosveld (Plantegroeitipe 31)	19
3. Kimberley Doringbosveld (Plantegroeitipe 32)	19
4. Kalahari Platobosveld (Plantegroeitipe 33)	21
HOOFSTUK 3	22
OMGEWINGSFAKTORE	22
Fisiografie	22
<i>Fisiografiese streke</i>	22
1. Kalahari	22
2. Kaapse Middelveld	22
3. Hoëveld	24
<i>Topografie</i>	24
1. Klas A - Vlaktes met lae reliëf	24
2. Klas B - Vlaktes met matige reliëf	27
3. Klas D - Oop heuwels, laaglande en berge met lae tot hoë reliëf	29
i. Duineheuwels met parallelle kruine en laaglande	29
ii. Heuwels en laaglande	29
4. Klas E: Geslote heuwels en berge met 'n matige en hoë reliëf	30
i. Heuwels	30
a. Kurumanheuwels	30
b. Asbesberge	31
c. Korannaberger en Langeberge	31
<i>Dreinerings</i>	32
1. Dreineringsstreek C	32
2. Dreineringsstreek D	35

Geologie	36
<i>Fanerosoïkum</i>	40
<u>Senosoïkum</u>	40
1. Tersiêre formasies	40
i. Groep Kalahari	40
<i>Paleosoïkum</i>	41
1. Opeenvolging Karoo	41
i. Groep Ecça	41
ii. Formasie Dwyka	41
<i>Proterosoïkum</i>	42
<u>Eratem Mokolium</u>	42
1. Opeenvolging Olifantshoek	42
i. Groep Volop	42
a. Formasie Matsap	42
b. Formasie Brulsand	43
<u>Eratem Vaalium</u>	43
1. Opeenvolging Olifantshoek	43
i. Formasie Lucknow	43
2. Opeenvolging Griekwaland-Wes	43
i. Groep Cox	44
a. Andesietformasie Ongeluk	44
ii. Groep Griekwastad	44
a. Formasie Asbesheuwels	44
iii. Groep Campbell	45
a. Formasie Ghaapplato	45
b. Formasie Schmidtsdrif	45
iv. Formasie Vryburg	45
3. Supergroep Ventersdorp	46
i. Formasies Bothaville en Allanridge	46
ii. Formasie Rietgat	46

<i>Argeosoikum</i>	47
<u>Eratem Randum</u>	47
1. Groep Hartswater	47
2. Groep Amalia	47
3. Groep Zoetlief	47
<u>Eratem Swazium</u>	48
1. Groep Kraaipan	48
Grond	48
Klimaat	49
<i>Inleiding</i>	49
<i>Sonstraling en sonskynduur</i>	54
<i>Wolkbedekking</i>	55
<i>Temperatuur</i>	57
<i>Reënval</i>	58
<i>Verdamping</i>	58
<i>Ryp</i>	67
<i>Hael, wind en mis</i>	71
HOOFSTUK 4 METODES	72
Inleiding	72
<i>Landtipes</i>	73
<i>Geologie</i>	73
<i>Grond</i>	73
<i>Klimaat</i>	74
<i>Topografie</i>	74
<i>Plantegroei en Plantegroei klassifikasie</i>	74
Plantegroei klassifikasie	75
<i>Grootte, aantal en verspreiding van monsterpersele</i>	75
<i>Monsternemings metode</i>	76
i. Braun-Blanquet-metode	76
a. Floristiese-analise	76

<i>Habitat-analise</i>	77
i. Geologie	77
ii. Landtipe	78
iii. Topografie	78
iv. Aspek	79
v. Helling	79
vi. Hoogte bo seespieël	79
vii. Klipgrootte	80
viii. Klipperigheid van die grondoppervlak	80
ix. Geomorfologie	80
x. Terreinbeskrywing	80
xi. Grondtipe en gronddiepte	81
xii. Oppervlakerosie	81
xiii. Dreinerings van grond en mate van vertrapping	81
xiv. Totale persentasie kroonbedekking	81
xv. Algemene opmerkings	82
xvi. Ruitverwysing	82
<i>Data-analise</i>	82

HOOFSTUK 5	PLANTGEMEENSAPPE	84
5.1. Algemene oorsig van die plantegroeklassifikasie		84
5.2. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe op diep sandvlaktes		86
5.3. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe van die klipperige, vlakke sandvlaktes		120
5.4. Klassifikasie en beskrywing van plantgemeenskappe op klipperige vlaktes		158
5.5. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe op klipkoppies, die Kurumanheuwels, die Asbesberge en die Korannaberger		191
5.6. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe van riviere en panne		238

HOOFSTUK 6	SPESELYS	254
6.1.	Inleiding	254
6.2.	Spesielys	259
6.3.	Skaars, bedreigde en Rooi Data spesies	290
6.4.	Gifplante	291
6.5.	Endemisme en endemiese spesies	298
HOOFSTUK 7	VELDTOESTAND EN DRAKRAG	302
7.1.	Inleiding	302
7.2.	Metodes	303
7.3.	Drakrag en veldtoestand van die oostelike Kalahari Doringveld	305
HOOFSTUK 8	BOSVERDIGTING	328
8.1.	Inleiding en literatuuroorsig	328
8.2.	Die invloed van bosverdigting op grasproduksie	332
8.3.	Metodes	332
8.4.	Resultate	334
HOOFSTUK 9	SAMEVATTENDE BESPREKING	362
OPSOMMING		368
SUMMARY		371
BEDANKINGS		373
VERWYSINGS		375
BYLAE		397
Bylae 1		397
Bylae 2		408
Bylae 3		420
Bylae 4		428
Bylae 5		439

INLEIDING

"The Kalahari is not an easy place to know.

It is still less easy to understand."

Wayland (1953)

Die term Kalahari is uit die Setswana woord "*Kgalagadi*" afgelei en beteken "altyd droog" (Thomas & Shaw 1991). In hierdie konteks van ariditeit word die term Kalahari vir die beskrywing van 'n woestyn of semi-woestyn gebruik (Thomas & Shaw 1991). Passarge (1904) se benaming van die Kalahari is afkomstig vanaf 'n groep geologiese sedimente wat 'n groot gedeelte van suidelike Afrika bedek. Ten spyte van die oorsprong van die term Kalahari, heg elke mens sy eie waarde en betekenis daaraan. Volgens Main (1987) is die term Kalahari al as "wildernis" en "die land wat opgedroog het" of "soutpan" geïnterpreteer. Verder is die Kalahari in die verlede as 'n woestyn, 'n dorsland (Schwarz 1920; Debenham 1952) en 'n sandveld beskryf. Vir baie is die Kalahari 'n beproewing en 'n struikelblok in hul reis en verwagting. Die Kalahari is reeds as 'n ekosone (Werger 1978) en 'n fisiografiese streek (Wellington 1955) gedefinieer. Volgens Thomas & Shaw (1991) sien baie mense die Kalahari as 'n eidelose, groot eentonige, sanderige, onbewoonde woestyn.

Vanuit 'n menslike oogpunt voorsien die Kalahari slegs bestaansreg aan 'n klein groepie mense oor 'n baie lang periode en kan dit as waardelose, onbewerkbare grond beskou word wat, op sy beste, slegs vir swak gehalte beweiding aangewend kan word (Thomas & Shaw 1991).

Die vraag ontstaan nou of die Kalahari as 'n woestyn beskou kan word, al dan nie? Weens die groot omgewingsvariasies en relatief goed ontwikkelde plantegroei wat in die Kalahari voorkom, beskou verskeie outeurs (Grove 1969; Jones 1982) die klassifikasie van die Kalahari as 'n "woestyn", as onvanpas (Thomas & Shaw 1991). Woestyne word as sinoniem met ariditeit beskou. Meigs (1953) verdeel ariede omgewings in semi-ariëde, ariede en hiper-ariëde gebiede op (Figuur 1). Hierdie indeling is gebaseer op die gemiddelde jaarlikse reënval en die hoeveelheid vog wat beskikbaar is (Tabel 1).




Op sy beurt klassifiseer Mc (Simpson 1991) die wêreld se woestyne na aanleiding van die gemiddelde jaarlikse neerslag, as uiters aried (minder as 100 mm per jaar), aried (vanaf 60 mm tot 250 mm per jaar) en semi-arië (vanaf 150 tot 500 mm per jaar). Volgens hierdie klassifikasies kan die grootste gedeelte van die Kalahari as ariede en semi-arië gebied beskou word. Volgens Shantz (1956) is die enigste veilige aanname ten opsigte van semi-ariëde omgewings dat dit enige jaar uiters droog kan wees. Alhoewel daar soms na die suidwestelike Kalahari as 'n woestyn verwys word, word daar oor die algemeen aanvaar dat die Kalahari 'n ariede savanne is.

Die oostelike Kalahari Doringveld (Acocks 1988) is binne die grense van dié studie 'n semi-ariëde streek wat deel uitmaak van die Savanne-bioom van Suid-Afrika (Rutherford & Westfall 1986; Low & Rebelo 1996).

Een van die grootste tekortkominge ten opsigte van plantegroei-bewaring en benutting in Afrika is die gebrek aan kennis van die ekologie van verskeie ekosisteme of plantegroeitipes (Van Rooyen 1996). Die bestaande breë klassifikasie van Acocks (1953; 1988) is onvoldoende vir gedetailleerde landboukundige gebruike en bewaring, sowel as vir die ontwikkeling van plantegroei-bestuursprogramme op lokale en streeksgebied. Hierdie ekologies-gebaseerde bestuursprogramme is dan ook 'n voorvereiste vir die bestuur, bewaring en die benutting van enige ekosisteme (Lubbinge 1999). Die grondslag van so 'n bestuursplan is die onderskeiding van homogene plantegroeitipes. Sodra hierdie homogene plantegroei-eenhede geïdentifiseer is kan verdere navorsing rakende veldtoestand, plantproduksie, weikapasiteit, herbivoor-habitat verwantskappe en die diversiteit en bewaring van die plantegroei in die algemeen uitgevoer word.

Die hoofdoel van hierdie studie is die fitososiologiese klassifikasie van die plantegroei van die oostelike Kalahari Doringveld en sluit die beskrywing en kartering van plantgemeenskappe en waar moontlik, die invloed van omgewingsfaktore op die plantegroei, in. Die veldtoestand en drakrag van die natuurlike veld (onder huidige toestande) asook areas met potensiële bosin-dringing en -verdigting is bepaal en die struktuur van die potensiële indringerspesies is in vier hoogteklasse aangeteken.



Figuur 1 Die indeling van ariede omgewings in semi-ariede, ariede en hiper-ariede omgewings (Meigs 1953)



Tabel 1 Klassifikasie van ariede omgewings (Meigs 1953)

Klas	I_m^1	Gemiddelde jaarlikse neerslag (mm) ²
Semi-ariëd	- 20 tot - 40	> 200 - 500
Ariëd	< - 40 tot - 56	25 - 200
Hiper-ariëd	< - 56	12 opeenvolgende maande sonder enige reënval. Geen seisoenale regime.

¹ I_m = Thornthwaite Indeks van vog beskikbaarheid (Thornthwaite 1948)

I_m = $(100S - 60D) / PE$ waar PE die potensiële verdamping is; S en D is onderskeidelik die oormaat en tekort aan vog (saamgevoeg op 'n jaarlikse basis vanaf maandelikse data) met inagneming van gestoorde grondvog.

² = Waardes voorgestel deur Grove (1977)

HOOFSTUK 2

ALGEMENE OORSIG

Eienskappe van die Kalahari

Terreinvorm

Volgens Du Toit (1927) is die gelykheid, die gebrek aan oppervlakwater en die sandmantel wat die grootste gedeelte van die geologie van die Kalahari bedek, die kenmerkende eienskappe van die Kalahari. Die grootste gedeelte van die Kalahari is plat met 'n lae reliëf. Enkele lokale geïsoleerde heuwels of inselberge kom egter voor. Die grootste konsentrasie heuwels kom in die noordweste van die Kalahari, in die omgewing van die Okavango Delta voor. Noordooswaarts vanaf Namibië tot aan die suidwestelike kant van die Okavango Delta kom die Ghanzirif voor. Hierdie rif is in die konteks van die lae reliëf van die Kalahari, sigbaar as 'n lang, lae vinger van Prekambriese rotsdagsome. In die suidelike Kalahari kom die Langeberge en die Korannaberge suid- en suidweswaarts van Sonstraal tot by Postmasburg voor. Die Kurumanheuwels en Asbesberge strek vanaf Griekwastad noord- tot noordooswaarts, verby Daniëlskuil, tot noord van Kuruman. Oor die algemeen is die landelike gradiënte so laag dat 'n verandering in die reliëf nie altyd waarneembaar is nie. Die lokale reliëf van die Kalahari word deur die landvorme, wat oortyd op die oppervlak-eenhede van die Kalahari Groep sedimente ontwikkel het, verskaf (Thomas & Shaw 1991).

Gebrek aan oppervlakwater

Die gebrek aan permanente, en selfs seisoenale water in die Kalahari, maak dit 'n merkwaardige gebied. Die Okavangorivier wat in die noorde van Botswana geleë is, vorm die noordelike grens van die Noordelike Kalahari (Figuur 3) en het reg deur die jaar water. Die water bereik egter nie die semi-ariëde Kalahari nie aangesien 96 persent daarvan in die groot terminale delta verdwyn (Shaw 1984). Die Zambezirivier, tesame met die water vanaf die Choberivier, loop slegs deur die noordelike buiterande van die Middel Kalahari

(Figuur 3) (Thomas & Shaw 1991). 'n Aantal interne kanaalsisteme lewer egter 'n klein bydrae tot die hidrologiese voorraad van die Kalahari. Hierdie kanaalsisteme is nie-standhoudend, het gefossileerde kenmerke en sluit die Nata-, Boteti- en die Okwa-kanaalsisteme in (Thomas & Shaw 1991). In die suidwestelike gedeelte van die Kalahari kom die nie-standhoudende Auob-, Kuruman- en Nossobriviere voor. Diè riviere is komponente van die Moloposisteam wat histories aan die Oranjerivier verbind is en in die Atlantiese Oseaan uitmond.

Sandbedekking en plantegroei

Volgens Main (1987) is die Kalahari die sandbedekte area wat strek vanaf die Oranjerivier in die suide tot 1° Noord in die Demokratiese Republiek van die Kongo. Die sand bestaan volgens Thomas & Shaw (1991) uit 90 persent kwarsiet, met 'n deeltjie-deursnee van tussen 0.063 en 2 mm, en bereik 'n diepte van meer as 400 m in sekere gebiede. Die term Kalaharisand kan egter nie op die homogene afsettings toegepas word nie aangesien die sand van plek tot plek verskil in kleur, samestelling, dikte en moontlik ook ouderdom (Thomas & Shaw 1991). Die sandkleur word oor die algemeen beskryf as rooi (Bond 1957; Cooke 1957; Lancaster 1974; 1976; 1978), maar vertoon dikwels okergeel (Cooke 1957) en die oppervlaklae is soms gebleik (Wright 1978). Die rooi kleur van Kalaharisand kan aan die dun lagie ysteroksiede, wat tydens chemiese neerslag individuele sanddeeltjies bedek, toegeskryf word. Hierdie oksiede is afkomstig van ysterryke minerale binne die sandmatriks (Walker 1979; Gardener 1981). Die rooikleur van sand kan egter deur veranderlikes soos klimaat, die beskikbaarheid van minerale en mobilisering beïnvloed word. Die sand toon egter 'n duidelike kleurvariasie van gebied tot gebied binne die grense van die Kalahari. Volgens Grove (1969) varieer die kleur van droë sand op die duinriwwe in die suidweste van Botswana van geel-rooi (Munsell Indeks 7.5YR/5/6) tot rooikleurig (2.5YR/4/8), terwyl die kleur op die duinkruine bruin (7.5YR/5/4), en die duinstrate bleekbruin (10YR/7/3) is. In die suidwestelike Kalahari kom die sandmantel as afsettings van eoliese oorsprong voor. Hierdie afsettings is 20 tot 30 m dik en lê op uitgestrekte kalksteen oppervlaktes (Mabbutt 1955). In kontras hiermee is die sand in die noorde van Namibië 200 tot 300 m diep en lê ononderbroke op laer Kalaharigruis en vrugbare kleigronde of direk op gesteentes van die Karoo Opeenvolging (Thomas 1988).

Alhoewel sand oor die algemeen nie as 'n goeie groeimedium vir plante beskou word nie, beskik dit in ariede en semi-ariede omgewings oor die nodige potensiaal om tydens reënvalperiodes vog op te neem en te behou (Thomas & Shaw 1991). Die feit dat hierdie vog in die boonste ses meter van die Kalaharisand geleë is, tesame met die feit dat sekere spesies se wortelstelsel die vermoë het om tot in die onderliggende watertafel deur te dring, bevorder plantegroei-ontwikkeling (Thomas & Shaw 1991). Die lae voedingstofstatus van die Kalaharisand maak die gronde egter ongeskik vir die verbouing van gewasse (Sims 1981).

Omgewing van kontras

Daar is 'n enorme verandering in die plantbedekking van die Kalaharilandskap tussen lang droë siklusse met min of geen neerslag en 'n siklus met oorvloedige neerslag. Dit bring mee dat die Kalahari as 'n omgewing met aansienlike kontras beskou kan word, met 'n delikate balans tussen geologie, grond, plantegroei, dierelewe en klimaat (Thomas & Shaw 1991). Hierdie balans is 'n bepalende faktor in die uniekheid en veranderende karakter van die Kalahari.

Panne

Die hoof waterbronne in die gebied kom in die vorm van nie-standhoudende panne voor (Thomas & Shaw 1991). Die panne varieer in grootte vanaf 'n paar vierkante meter tot etlike vierkante kilometer. 'n Pan is 'n klein, geslote kom wat vir 'n kort periode water bevat en is kenmerkend van ariede en semi-ariede gebiede met 'n lae reliëf (Thomas & Shaw 1991). Panne kom regdeur suidelike Afrika voor en is 'n belangrike komponent van die landskap in gebiede waar die oppervlakmateriaal uit skalie of sandsteen bestaan en die gemiddelde jaarlikse reënval minder as 500 mm is (Goudie & Thomas 1985).

Ligging van die Kalahari Sisteem

Die grense en ligging van die Kalahari Sisteem, oor die algemeen, is al deur verskeie navorsers beskryf en strek ver oor die grense van Suid-Afrika. Volgens Main (1987) kan die Kalahari

Sisteen, gesien vanuit 'n geologiese oogpunt, beskou word as die sandbedekte area wat strek vanaf die Oranjerivier in die suide tot 1° Noord in die Demokratiese Republiek van die Kongo. Die oos-wes verspreiding strek volgens Cooke (1957; in Thomas & Shaw 1991) vanaf ongeveer $11^{\circ}00'$ Oos in Angola tot en met $32^{\circ}00'$ Oos in Zimbabwe.

Die Mega Kalahari, wat die Kalahari woestyn insluit, strek oor die grense van 9 lande (Figuur 2). Van noord tot suid sluit dit die volgende lande in: Gaboen, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Zaire, Angola, Zambië, Namibië, Botswana, Zimbabwe en Suid-Afrika (Thomas & Shaw 1991).

Passarge (1904; in Thomas & Shaw 1991) is die eerste wetenskaplike wat 'n poging aangewend het om 'n volledige stratigrafiese en geomorfologiese opname van 'n groot deel van die Kalahari te doen. Hy verdeel dan ook die Kalahari in drie streke naamlik: die noordelike Kalahari, noord van die Okavango Delta, die middel Kalahari, wat die Makgadikgadi depressie en Okavango Delta insluit en die suidelike Kalahari, wat vanaf die Makgadikgadi depressie tot suid van die "Bakalahari Schwelle" strek (Figuur 3). Die "Bakalahari Schwelle" behels die waterskeiding tussen die Molopo-Oranjeriviersisteen en die kanale wat noordwaarts dreineer.

Grove (1969) onderskei tussen die noordelike en suidelike grense van die Kalahari. Die noordelike grens strek vanaf die Okavango Delta-, Chobe- en Zambezi-moerasse tot by die Etosha panne in Namibië met die Oranjerivier in Suid-Afrika as die suidelike grens.


Volgens Debenham (1952), Baillieu (1975), Heine (1982) en Jones (1982) is die grootste gedeelte van die Kalahari in Botswana geleë en beslaan ongeveer 80 persent (nagenoeg 450 000 km²) van die oppervlakte van Botswana.

Ligging en grootte van die studiegebied

Die studiegebied is in die suidoostelike gedeelte van die Kalahari, binne die grense van Suid-Afrika, geleë. Die studiegebied beslaan die oostelike gedeelte van die Kalahari Doringveld en Vryburg Struikbosveld (Veldtipe 16) (Acocks 1953; 1988) en strek oor die grense van die Noord-Kaap, Noordwes- en die Vrystaat Provinsies (Van Rooyen & Bredenkamp 1996; 1998).



Figuur 2 Ligging van Kalahari streke oor die grense van 9 lande. Die bruin gedeelte, geïdentifiseer op grond van die Kalahari sandmantel, is die Mega Kalahari; die Kalahari-woestyn is die gebied tussen die Oranjerivier in die suide en die Etosha-Okavango-Zambesi lyn, in die noorde (Thomas & Shaw 1991)



Figuur 3 Indeling van die Kalahari-streke volgens Passarge (1904)

Die studiegebied is tussen ongeveer 25°20' en 29°10' Suid en 22°00' en 25°45' Oos geleë (Figuur 4a en b).

Figuur 4a dui die ligging van die studiegebied in die Savanne Bioom binne die grense van Suid-Afrika (Low & Rebelo 1998) aan. Figuur 4b toon die ligging, grense, hoofdorpe en aangrensende plantegroeitipes volgens Acocks (1953; 1988) aan. Die Langeberge, Koranna- en Asbesberge asook die Kuruman heuwels en Ghaapplato, is topografies belangrike dele binne die studiegebied (Figuur 8).

Die studiegebied beslaan naastebly 'n oppervlakte van 114 391 km² waarvan 8 621 km² in die Vrystaat, 48 475 km² in die Noord-Kaap en 57 185 km² in die Noordwes Provinsie voorkom (Low & Rebelo 1996; 1998). Hierdie oppervlakte is volgens die grense van Low & Rebelo (1996; 1998) bereken wat naastebly met die grense van Acocks (1953; 1988) ooreenstem.

Oorsig van vorige plantkundige studies


As gevolg van die ontoeganklikheid en strawwe klimaatstoestande in ariede gebiede soos die Kalahari is weinig navorsing rakende die plantegroekklassifikasie van die Kalahari Doringveld tot op hede uitgevoer.

Pole Evans (1936) karteer die plantegroei van die Kalahari as een veldtipe maar maak tog onderverdelings in die beskrywing daarvan.


Veldtipe 16 (Acocks 1953; 1988)

1. Die Kalahari Doringveld

Die Kalahari Doringveld word deur Acocks (1953; 1988) in vier afsonderlike gedeeltes onderverdeel:



Figuur 4a Ligging van die studiegebied binne die Savanne Bioom van Suid-Afrika (Low & Rebelo 1998)



- Dorpe
- Geografiese grense van die studiegebied
- Grense van die studiegebied
- Veld tipes (Acocks 1988)
- BANKENVELD
- CYBOPOGON-THEMEDA VELD(SANDERIG)
- DROë CYBOPOGON-THEMEDA VELD
- VALSE ORANJE RIVIER GEBROKE VELD
- VALSE BO- KAROO
- KALAHARI DORINGVELD EN STRUIKBOSVELD
- KALAHARI DORINGVELD INGEDRING DEUR KAROO
- GEMENGDE BOSVELD
- ORANJERIVIER GEBROKE VELD
- ANDER TURF DORINGVELD
- PAN-TURF VELD INGEDRING DEUR KAROO
- PAN-TURF VELD VAN DIE WES VRYSTAAT
- SUUR BOSVELD
- SUURAGTIGE GEMENGDE BOSVELD
- OORGANGS CYBOPOGON-THEMEDA VELD,



50 0 50 100 150 200 250 300 Kilometers

Figuur 4b Ligging van die oostelike Kalahari Doringveld, met hoofdorpe en die aangrensende veld tipes (Acocks 1988)

i. Die noordoostelike Kalahari

Dië geïsoleerde gedeelte van die Kalahari is op sand geleë en kom in die omgewing van Pienaarsrivier, noord van Pretoria, voor. Die plantegroei bestaan uit 'n oorgangstipe van beide Vryburg Struikbosveld en gemengde bosveld en is nie deel van hierdie studie nie.

ii. Die oostelike Kalahari

Die oostelike Kalahari kom in die westelike Vrystaat en in die Vryburg-Mafeking omgewing van Noordwes Provinsie voor en is deel van die studiegebied. Oor die algemeen is dit 'n oop savanne van *Acacia erioloba* bome met lang gras van die droë *Cymbopogon-Themedra* Veld en sommige Bankenveld grassoorte.

iii. Die sentrale Kalahari in die Hopetown-Kimberley-Vryburg omgewing

Die gedeelte is ook 'n *Acacia erioloba* savanne met verwantskappe met die droë *Cymbopogon-Themedra* Veld en is deel van die studiegebied.

iv. Die westelike en noordwestelike Kalahari, wes van die Asbesberge en Kurumanheuwels

Die gebied is 'n oop savanne met verspreide individue van *Acacia erioloba* en *A. haematoxylon*. Langs die riviere, panne en bergreekse kom *Boscia albitrunca*, *Grewia flava*, *Rhigozum trichotomum* en *Lycium hirsutum* algemeen voor. Grasse van die genera *Aristida*, *Eragrostis*, *Schmidtia*, *Stipagrostis* en *Centropodia* is hier van belang. Die plantegroei van die westelike en noordwestelike Kalahari duineveld is egter nie deel van die studiegebied nie en is deur Lubbinge (1999) beskryf en karteer.

2. Die Vryburg struikbosveld

Die veldtipe word deur *Tarchonanthus camphoratus* gedomineer en kom volgens Acocks (1953; 1988) op dolomiet met klipperige grond voor en bedek die grootste gedeelte van Griekwaland-

Wes, sowel as die suidelike dele van die Vryburg- en Kuruman-omgewing. Oor die algemeen is dié veldtipe 'n redelike digte bosveld wat uit struik, en soms klein bome, in 'n gemengde grasveld bestaan en kan as volg onderverdeel word:

i. Die *Tarchonanthus*-veld van die Ghaapplato

Die Ghaapplato is baie plat met 'n matige helling vanaf 'n hoogte van 1 200 m bo seespieël al langs 'n duidelike gemerkte eskarpement in die ooste tot ongeveer 450 m bo seespieël langs die voet van die Asbesberge in die weste. Die veldtipe word in die volgende drie hoof variasies verdeel:

a. Digte *Tarchonanthus*-veld

Kom hoofsaaklik op tufa voor wat die grootste dolomiet gedeelte waaruit die Ghaapplato bestaan, bedek. Ander spesies wat met die dominante *Tarchonanthus camphoratus* geassosieer word sluit in *Rhus tridactyla*, *Rhus lancea*, *Rhus pyroides*, *Diospyros austroafricana* var. *microphylla*, *Diospyros pallens* en *Euclea crispa* subsp. *ovata*, wat verspreid of saam in bosgroepe voorkom. In sommige gebiede is die veld meer oop en word *Olea europaea* subsp. *africana* meer algemeen aangetref. Die teenwoordigheid van ondergrondse water maak die aanwesigheid van spesies soos *Acacia karroo* en *Rhus lancea* moontlik, terwyl *Themeda triandra* op die rante van panne en smal dreineringskanale aangetref word.

b. Oop *Tarchonanthus-Rhus ciliata*-veld

Dié variasie word hoofsaaklik op die Ghaapplato op dolomiet, bedek met 'n lagie donkerbruin sanderige grond of 'n rooi sand en suuragtige gruis, aangetref.

c. Digte gemengde struikbosveld

Hierdie variasie kom langs die oostelike rant van die Ghaapplato, op dolomiet en die eskarpement voor. Saam met bogenoemde boom- en struikspesies word die volgende

spesies aangetref: *Celtis africana*, *Ficus ingens*, *Nymania capensis*, *Buddleja saligna*, *Maytenus undata* en *Cadaba aphylla*. Die dominante grasse sluit *Cenchrus ciliaris*, *Sporobolus fimbriatus*, *Cymbopogon plurinodis*, *Digitaria eriantha*, *Eragrostis lehmanniana*, en *Fingerhuthia africana* in. Digte bosgroepe, bestaande uit *Acacia mellifera* subsp. *detinens*, *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* en *Acacia karroo*, word ook in die variasie aangetref.

ii. Gemengde *Tarchonanthus*-veld

Die gemengde *Tarchonanthus*-veld kom hoofsaaklik op die suuragtige gestreepte ysterklip en Ongeluk lawa van die Kurumanheuwels en Asbesberge voor. Suidwaarts kom *Rhus dregeana* en *Rhus burchellii* algemeen voor, terwyl *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Enneapogon scoparius* en *Fingerhuthia africana*, belangriker word. *Digitaria eriantha* kom in bewaarde gebiede voor.

iii. Gemengde *Tarchonanthus-Rhus-Croton*-veld

Die gemengde *Tarchonanthus-Rhus-Croton*-veld van die Langeberge toon volgens Acocks (1953; 1988) 'n sterk ooreenkoms met die gemengde *Tarchonanthus*-veld van die Asbesberge. Daar is egter 'n duidelike aspek verskil ten opsigte van die plantegroei wat aan die wes- en oosfrontglooiings voorkom. Die wesfrontglooiings word bedek met *Croton gratissimus* waarvan die blaarkleur ooreenstem met die pienkerige en groenerige kleur van die kwarsiet waarop dit voorkom. Ander dominante spesies wat saam met *Croton gratissimus* aan die wesfrontglooiings aangetref word sluit *Euphorbia avasmontana*, *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus burchellii*, *Sarcostemma viminale*, *Putterlickia pyracantha*, *Aristida diffusa* subsp. *burkei* en *Heteropogon contortus* in. Aan die oosfrontglooiings is die teenwoordigheid van *Croton gratissimus*, *Euphorbia avasmontana* en *Sarcostemma viminale* beperk.

iv. Gemengde *Tarchonanthus* doringveld

Die variasie word op die koppies en vlaktes in die Kimberley-omgewing op harde, rooi

sandleem gronde wat kalkagtige tufkryt, doleriet, Ventersdorp lawa en rotsagtige heuwels bedek, aangetref. Soos die naam aandui, is doringbome soos *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* en *Acacia hebeclada* van belang. Ander belangrike spesies sluit in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Ziziphus mucronata*, *Ehretia rigida*, *Diospyros pallens*, *Rhus pyroides*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* en *Acacia karroo*. Hoewel *Themeda triandra* op die vlaktes aangetref word, is die grasveld gemeng en gereduseer tot *Eragrostis* spp., *Digitaria eriantha*, *Sporobolus fimbriatus*, *Stipagrostis uniplumis*, *Aristida diffusa* subsp. *burkei* en *Aristida congesta* subsp. *barbicollis*. Op die rotsagtige heuwels kom *Buddleja saligna* en *Rhigozum obovatum*, asook *Cenchrus ciliaris*, *Heteropogon contortus*, *Cymbopogon plurinodis*, *Eustachys paspaloides*, *Fingerhutia africana* en *Enneapogon scoparius* voor.

Die Vryburg Struikbosveld met bogenoemde onderverdelings is deel van die studiegebied.


Leistner (1967) verdeel die plantegroei van die suidelike Kalahari, hoofsaaklik die duineveld in die weste, in ses hoofgroepe en onderskei tussen die plantegroei van die panne, rivierbeddens, rivierbanke en ontblote kalkkreet, los sand, kompakte sand en duine.

Verdere navorsing is deur Leistner & Werger (1973) en Leistner (1986) op die plantegroei van die Kalahari Gemsbok Nasionale Park (KGNP), wat nie deel van die studiegebied is nie, gedoen.

Volgens Gubb (1980) kan die Kalahari Doringveld in sewentien plantegroeitipes verdeel word (Figuur 5). Slegs dié ongepubliseerde plantegroeikaart is beskikbaar en geen ander inligting aangaande die plantegroeitipes kan verkry word nie.

White (1983) verdeel die suidelike Kalahari in die Duine- en Doringveld.

Lubbinge (1999) onderskei twee hoofeenhede in die suidelike Kalahari Duineveld, naamlik: i) duineveld en ii) riviere en panne. Hy onderskei tussen drie alliansies en 14 assosiasies vir die Duineveld en sewe alliansies en 13 assosiasies vir riviere en panne.



Sandveldplantegroecitipes:

1. Kalahari-duineveld ingedring deur Karoo
2. Kalahari-duineveld
3. Molopo-doringveld
4. *Acacia-Terminalia*-veld

Bergveldtipes:

5. Langeberge
6. Asbesbergkompleks

Karoo-agtige veldtipes:

7. Ariede gebroke veld
8. Namakwaland gebroke veld
9. Oranjerivier gebroke veld
10. Vals ariede Karoo
11. Vals Bo-Karoo

Struikveld:

12. *Tarchonanthus*-veld van die Ghaapplato

Bosveld:

13. Suurgemengde Bosveld

Grasveld:

14. Droë *Cymbopogon-Themeda*-veld

Doringveld:

15. Kimberley-doringveld
16. Kimberley-doringveld ingedring deur Karoo
17. Vals Oranjerivier gebroke veld

Figuur 5 Plantegroei van die Kalahari (Gubb 1980)

Plantegroeitipes (Van Rooyen & Bredenkamp 1998: In Low & Rebelo 1996; 1998)

Van Rooyen & Bredenkamp (1998) onderskei die volgende plantegroeitipes in die studiegebied (Figuur 6):

1. Kalahari Vlakte Doringbosveld (Plantegroeitipe 30)


Dië veldtipe word gekenmerk deur 'n goed ontwikkelde boomstratum waarvan *Acacia erioloba* en *Boscia albitrunca* die dominante spesies is. *Acacia luederitzii* en *Terminalia sericea* kom yl verspreid voor. Die struiklaag bestaan hoofsaaklik uit *Acacia mellifera*, *Acacia hebeclada*, *Acacia haematoxylon*, *Lycium hirsutum* en *Grewia flava*. Opvallende grasspesies wat hier aangetref word sluit die volgende spesies in: *Eragrostis lehmanniana*, *Schmidtia kalahariensis* en *Stipagrostis uniplumis*.

2. Kalahari Bergbosveld (Plantegroeitipe 31)

Die Kalahari Bergbosveld is 'n meer oop savanne as die Kalahari Platobosveld (plantegroeitipe 33) en word deur *Tarchonanthus camphoratus* gedomineer. In die suidelike gedeeltes van dié plantegroeitipe is *Tarchonanthus camphoratus* yler versprei met *Rhus undulata* en *Rhus dregeana* die vernaamste bome. Die boomstratum is egter swak ontwikkel met enkele *Olea europaea* subsp. *africana* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* wat wydverspreid voorkom. In die noorde raak die gras suurder en bestaan die graslaag hoofsaaklik uit *Diheteropogon amplexans*, *Andropogon schirensis* en *Brachiaria serrata*. In die beskermde gebiede in die suide word die graslaag hoofsaaklik deur *Aristida diffusa*, *Eragrostis lehmanniana*, *Fingerhuthia africana* en *Digitaria eriantha* oorheers.

3. Kimberley Doringbosveld (Plantegroeitipe 32)

Hierdie is 'n oop savanne met *Acacia tortilis* en *Acacia erioloba* as die dominante bome terwyl *Acacia karroo* en *Boscia albitrunca* yl verspreid voorkom. Die struiklaag is swak tot matig ontwikkel en bestaan hoofsaaklik uit wydverspreide individue van *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera*, *Grewia flava* en *Lycium hirsutum*. Die graslaag




● Dorpe

▭ Grense van die studiegebied

▭ Geografiese ruit

Plantegroei tipes volgens Van Rooyen & Bredenkamp (1998)

- 14 - Kleierige Doringbosveld
- 18 - Gemengde Bosveld
- 28 - Struikagtige Kalahari Duineveld
- 29 - Karrooagtige Kalahari Bosveld
- 30 - Kalahari Vlakte Doringbosveld
- 31 - Kalahari Bergbosveld
- 32 - Kimberley Doringbosveld
- 33 - Kalahari Platobosveld
- 34 - Rotsagtige Hoëveld Grasveld
- 36 - Droë Kleierige Hoëveld Grasveld
- 37 - Droë Sanderige Hoëveld Grasveld
- 39 - Vogtige koel Hoëveld Grasveld
- 51 - Oranjerivier Nama Karoo
- 52 - Oostelike Gemengde Nama Karoo



Figuur 6 Plantegroeikaart van die oostelike Kalahari Doringveld (Van Rooyen & Bredenkamp 1998)

is redelik ontwikkel en bestaan hoofsaaklik uit *Themeda triandra*, *Enneapogon cenchroides*, *Eragrostis lehmanniana* en *Cymbopogon plurinodis*.

4. Kalahari Platobosveld (Plantegroei tipe 33)

Oor die algemeen is dit 'n redelike digte bosveld bestaande uit struike, en soms klein bome, in 'n gemengde grasveld. Die algemeenste struike wat voorkom sluit *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhigozum trichotomum*, *Ehretia rigida*, *Grewia flava* en *Maytenus heterophylla* in. Hoewel die boomstratum nie domineer nie, kom *Olea europaea* subsp. *africana*, *Acacia tortilis*, en *Boscia albitrunca* yl verspreid voor. Die graslaag bestaan hoofsaaklik uit lang grasspesies met *Themeda triandra*, *Aristida diffusa* en *Stipagrostis uniplumis* as die dominante spesies.

OMGEWINGSFAKTORE

Fisiografie

Fisiografiese streke


Fisiografie is die studiegebied deel van die Binnelandse Hoogvlak en word in die volgende drie hoofstreke (Figuur 7) verdeel: die Kalahari, die Kaapse Middelveld en die Hoëveld (Visser 1984).

1. Kalahari (Figuur 7, streek 1)

Die Kalahari strek van net noord van die Oranjerivier noordwaarts tot in Botswana en Namibië en is 'n plat, sandbedekte, halfwoestyngebied wat gekenmerk word deur 'n aantal groot panne noord van Upington, riviere soos die Kuruman- en Moloporiviere, en duine wat noordwes-suidoos strek (Visser 1984). Die plantegroei van die duineveld is deur Lubbinge (1999) beskryf. Die streek het 'n gemiddelde hoogte van 900 tot 1 200 m bo seespieël en word deur Karoogesteentes en gesteentes van die Tersiere Groep Kalahari onderlê. Dagsome is uiters skaars.

2. Kaapse Middelveld (Figuur 7, streek 2a-c)

Die streek lê suid en suidwes van die Kalahari en bestaan uit drie substreke, naamlik: die Namakwa-hoogland (Figuur 7, streek 2a), Boesmanland (Figuur 7, streek 2b) en die westelike gedeelte van die Bo-Karoo (Figuur 7, streek 2c), waarvan slegs laasgenoemde deel uitmaak van die studiegebied (Figuur 7, streek 2). Net noord van Prieska strek die Kaapse Middelveld in die valleie van die Harts- en Vaalriviere noordwaarts tot by Vryburg. Die sub-streek is betreklik gelyk en ongeveer 1 200 m bo seespieël geleë, met 'n toename in hoogte na die noorde. Die sub-streek word deur Karoogesteentes onderlê.



- | | | | | | |
|----|---|-------------------------------------|----|---|---------------------|
| 1 | - | Kalahari | 3a | - | Hoëveld |
| 2 | - | Kaapse Middelveld | 3b | - | Lesotho-hoogland |
| 2a | - | Namakwa-hoogland | 3c | - | Bo-Karoo |
| 2b | - | Boesmanland | 3d | - | Ghaap Plato |
| 2c | - | Westelike gedeelte van die Bo-Karoo | 3e | - | Griekwaplooiestreek |

Figuur 7 Fisiografiese gebiede van die oostelike Kalahari Doringveld (Wellington 1955: In Visser 1984)

3. Hoëveld (Figuur 7, streek 3d en e)

Visser (1984) verdeel die Hoëveldstreek in vyf sub-streke waarvan slegs die Ghaapplato (Figuur 7, streek 3d) en die Griekwaplooiestreek (Figuur 7, streek 3e) deel uitmaak van die studiegebied. Volgens Visser (1984) word die grootste gedeelte van die Hoëveld deur Karoogesteentes onderlê, maar na die noorde deur Argaïese graniet, gneiss en gesteentes van die Supergroep Ventersdorp onderlê. Weswaarts word gesteentes van Opeenvolgings Griekwaland-Wes en Olifantshoek aangetref. Die streek is betreklik gelyk en die hoogte varieer van sowat 600 m in die suide tot 1 800 m bo seespieël in die noorde.

Topografie

Die studiegebied kan volgens die breë terreinpatrone van Kruger (1983) in die Sentrale Binnelandse Vlakte en die Hoëveld Voor-Karoo Oppervlak verdeel word. Die grootste gedeelte van die studiegebied is deel van die Sentrale Binnelandse Vlakte en wissel van 900 tot 1 200 m bo seespieël. Die Hoëveld Voor-Karoo Oppervlak bestaan hoofsaaklik uit die Korannaberge, die Langeberge, die Kurumanheuwels en die Asbesberge (Figuur 8). Die verskillende terreinmorfologiese klasse (Kruger 1983) verskyn in Tabel 2.


Volgens Kruger (1983) het berge gewoonlik 'n helling groter as vyf persent en 'n reliëf van meer as 450 m, terwyl heuwels gewoonlik hellings van kleiner as vyf persent en 'n reliëf van minder as 450 m het. Hoewel daar in die teks na die Korannaberge, die Asbesberge en die Langeberg verwys word, is voorgenoemde egter nie berge nie, maar heuwels. Vlaktes en laaglande het op hul beurt hellings van minder as vyf persent en 'n reliëf van minder as 210 m (Kruger 1983).

1. Klas A - Vlaktes met lae reliëf (Tabel 2, Figuur 8)

Die grootste gedeelte van die studiegebied bestaan uit wydverspreide vlaktes met 'n lae reliëf van 0 tot 130 m (Figuur 8, nommers 1-3). In die noordelike, noordwestelike en noordoostelike gedeelte van die studiegebied is die vlaktes plat (Figuur 8, nommers 1 en 2). Wes tot noordwes van Vryburg kom effens golwende vlaktes voor, terwyl panne

Tabel 2 **Terreinmorfologiese klasse van die oostelike Kalahari Doringveld**
(Kruger 1983) waarvolgens die topografie van die studiegebied beskryf is

Klas	Beskrywing	Subklas	Reliëf (m)
A	Vlakte met 'n lae reliëf	1. Vlakte 2. Vlakte en panne 3. Effens golwende vlakte	0 - 130
B	Vlakte met 'n matige reliëf	6. Effens onreëlmatige vlakte (verspreide lae heuwels) en panne	30 - 210
D	Oop heuwels, laaglande en berge met 'n lae tot hoë reliëf	17. Duineheuwels met parallelle kruine en laaglande 18. Heuwels en laaglande	0 - 130 > 130 - 450
E	Geslote heuwels en berge met 'n matige en hoë reliëf	23. Heuwels	> 130 - 450



- Dorpe
- ▭ Grense van die studiegebied
- Terreinmorfologiese eenhede**
- Duineheuwels met parallelle kruine en laaglande
- Hoogs onreëlmatige vlaktes
- Heuwels
- Heuwels en laaglande
- Laaglande met heuwels
- Laaglande met parallelle heuwels
- Vlaktes
- Vlaktes en panne
- Effens onreëlmatige vlaktes
- Effens onreëlmatige vlaktes en panne
- Effens onreëlmatige, golwende vlaktes en heuwels
- Effens golwende vlaktes
- Effens golwende vlaktes en panne



Figuur 8 Terreinmorfologiese kaart (Kruger 1983) waarvolgens die topografie van die studiegebied beskryf is


wydverspreid wes, oos en suidwes van Vryburg aangetref word (Figuur 8, nommer 2). Die hoogte bo seespieël vir vlaktes met 'n lae reliëf (Figuur 8, nommer 1) neem toe van wes na oos met onderskeidelik 900 m in die weste en 1 200 m in die ooste (Figuur 9). Vanaf Ganyesa ooswaarts tot net noord van Stella en noordoos van Stella tot by Mafikeng, is die hoogte bo seespieël tussen 1 200 m en 1 350 m, met die hoogste punt 1 378 m op die plaas Bedrog. Die hoogte bo seespieël vir vlaktes en panne (Figuur 8, nommer 2) en vir effens golwende vlaktes (Figuur 8, nommer 3) varieer tussen 1 250 m en 1 350 m bo seespieël.

Een van die prominentste topografiese verskynsels wat hier voorkom is die Ghaapplatoeskarp wat aan die weste en suidweste van die vlaktes en panne (Figuur 8, nommer 2) voorkom. Die eskarp vorm die grens tussen vlaktes met 'n lae reliëf (Figuur 8, nommer 2) en vlaktes met 'n matige reliëf (Figuur 8, nommer 6). Die rand van die Ghaapplato het 'n hoogte van 1 220 m bo seespieël en 'n lae helling na die ooste. Vanaf die rant van die plato ooswaarts tot in die Hartsriviervallei daal die landoppervlak met 250 m (Figuur 9). Verskeie rivierterrasse is langs die Vaalrivier teenwoordig. 'n Groot aantal panne, waarvan sommige diep uitgewaai is, kom ook voor (Bosch 1993).

2. Klas B - Vlaktes met matige reliëf (Tabel 2, Figuur 8)

Suid, suidwes en suidoos van Taung kom effens onreëlmatige vlaktes met verspreide lae heuwels en panne voor (Figuur 8, nommer 6). Die term onreëlmatig verwys na ongelikhede in die terreinvorm wat deur strukturele variasie, byvoorbeeld alternatiewe lae van sandsteen en moddersteen, veroorsaak word (Kruger 1983). Die reliëf is matig (30 m tot 210 m), die welwing konkav of konveks en die eskarp duidelik waarneembaar. Meer as 80 persent van die vlakteoppervlakte het 'n helling van minder as vyf persent.

Die gebied tussen Kimberley, Barkley-Wes, Christiana en Boshoff val onder die Hoëveldstreek van die Binnelandse Plato (Bosch 1993). Die effens onreëlmatige vlaktes (met lae heuwels) en panne (Figuur 8, nommer 6) het 'n hoogte van 1 000 m tot 1 400 m bo seespieël en daal weswaarts. Die grootste gedeelte van dié gebied is egter tussen 1 000 en 1 200 m bo seespieël geleë (Figuur 9) met die hoogste punt wes van Warrenton, op



Figuur 9. 'n Digitale terreinmodel gebaseer op die 100 m kontoerintervalle (ENPAT 1994) van die oostelike Kalahari Doringveld

die plaas Domkrag (1 250 m bo seespieël). Gesteentes van die Dwyka en Ecce Groep onderlê groot dele van die gebied en verweer vinniger as die ander gesteentes om 'n landskap van lae reliëf en eentonige golwende en/of gelyke vlaktes te vorm. Tafelkoppies van dolorietvorm verskeie inselberge terwyl gesteentes van Ventersdorplawa 'n ongelyke plato met lae, ronde heuwels vorm (Bosch 1993).

3. Klas D - Oop heuwels, laaglande en berge met lae tot hoë reliëf (Tabel 2, Figuur 8)

i. Duineheuwels met parallelle kruine en laaglande

Enkele duineheuwels met parallelle kruine en laaglande (Figuur 8, nommer 17) word noord tot noordoos en suid van Sonstraal, maar noord en oos van die Korannaberge aangetref. Hierdie duine kom afsonderlik voor. Die welwing is konkaaf en reguit met 'n reliëf van 0 tot 130 m. Tussen 20 tot 50 persent van die oppervlakte het 'n helling van minder as vyf persent. Weerskante van die duineheuwels kom vlaktes voor. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 050 m tot 1 150 m.

ii. Heuwels en laaglande

Heuwels en laaglande (Figuur 8, nommer 18) kom wes van die Kurumanheuwels en oos van die Langeberge voor en sluit die Klipfonteinheuwels in. Die grootste gedeelte van die heuwels en laaglande is aan die westekant van die Kurumanheuwels, in 'n noord-suid rigting, geleë en sluit groot dele van die Asbesberge met hoogtes van minder as 1 500 m bo seespieël in (Figuur 9). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 200 m - 1 500 m (Figuur 9). Die hoogste punt is op die Klipfonteinheuwels, noordwes van die plaas Klipfontein en het 'n hoogte van 1 587 m bo seespieël.

Die welwing is konkaaf of reguit met 'n reliëf van 130 m tot 450 m. Tussen 20 tot 50 persent van die oppervlakte het 'n helling van minder as vyf persent.

4. Klas E: Geslote heuwels en berge met 'n matige en hoë reliëf (Tabel 2, Figuur 8)

i. Heuwels

Die grootste gedeelte van die heuwels wat in die studiegebied voorkom is in die Hoëveld Voor-Karoo Oppervlak geleë en bestaan uit die Korannaberge, Langeberge, Asbesberge en die Kurumanheuwels (Kruger 1983). Enkele rantjies en koppies noord van Wolmaranstad, heuwels in die Schweizer-Reneke-Taung-Vryburg-omgewing, heuwels suid van Pomfret en noordwes en wes van Heuningvlei, is deel van die Sentrale Binnelandse Vlakte (Kruger 1983). Meer as 80 % van die oppervlakte het 'n helling van meer as vyf persent.

Die laagliggende koppies (Figuur 8, nommer 23) in die Vryburg-, Schweizer-Reneke-, Amalia- en Taung-omgewing is die enigste positiewe geografiese verskynsel in dié omgewings. Dié koppies bestaan geologies uit gestreepte ystersteen (Groep Kraaipan) en kwartsiet (Formasie Vryburg - slikssteen). Hier is die eskarp duidelik waarneembaar en die hoogte bo seespieël varieer van 1 220 m tot 1 372 m. Die welwing is konkaf of reguit en die reliëf wissel van 130 m - 450 m. Die laagliggende Makhurunheuwels in die Heuningvlei-omgewing, sowel as koppies soos Jakkalskop, Spitskop en die Waterberge in die Pomfret-omgewing het nie 'n duidelike eskarp nie. Die hoogte bo seespieël wissel van 1 100 m aan die voet van die Makhurunheuwels tot en met 1 240 m op die kruin van die hoogste heuwel (Figuur 9). Die welwing is hier konkaf of reguit en die reliëf varieer tussen 130 m en 450 m.

a. Kurumanheuwels (Figuur 8)

Die grens tussen die Kurumanheuwels en Asbesberge is moeilik waarneembaar en dit wil voorkom asof dit aaneenlopende heuwels is (Figuur 8, nommer 23). Die Kurumanheuwels strek suidwaarts vanaf Tsineng, suid-suidoos verby Kuruman tot noord van Daniëlskuil met geen duidelike eskarp. Die hoogte bo seespieël wissel van 1 500 m aan die voet van die heuwels tot en met 1 855 m op die kruin (Figuur 9). Die hoogste punt is aan die oostekant van die heuwels op die plaas Gakarosa, met 'n hoogte van 1 855 m bo seespieël, geleë. Meer as 80 persent van die Kurumanheuwels het 'n helling van meer as vyf persent

met 'n variasie in reliëf van 130 m tot 450 m. Die welwing is konkaf of reguit.

b. Asbesberge (Figuur 8)

Die Asbesberge begin noordwes van Daniëlskuil in die omgewing van die plase Arbeidsvreugd en Krantzkloof en strek vir 'n wyle (tot wes van Daniëlskuil) suidwaarts parallel aan die Kurumanheuwels. Die Asbesberge strek suidwaarts tot by Lime Acres waarna dit effens suid-suidweswaarts, verby Griekwastad strek. In die omgewing van die Groenkloof asbesmyn breek enkele alleenstaande heuwels weg van die Asbesberge en strek in 'n suidwestelike rigting tot in die omgewing van Grootfontein, suidwes van Postmasburg. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 500 m tot 1 748 m (Figuur 9). Laasgenoemde is die hoogste punt van die Asbesberge en is op die Ouplaasmyn geleë. Die reliëf varieer van 130 - 450 m. Die welwing is konkaf of reguit en minder as 20 persent van die oppervlakte het 'n helling van minder as vyf persent.

c. Korannaberge en Langeberge (Figuur 8)

Die Korannaberge strek vanaf Sonstraal in die noorde reg suidwaarts tot wes van Dibeng. Verskeie inselberge kom voor en strek in 'n oostelike rigting. Enkele heuwels kom oos van die Korannaberge voor en kan beskou word as deel van die Korannaberge. Die Korannaberge het 'n hoogte van 1 200 m aan die voet van die heuwels en 1 586 m op die kruin. Die hoogste punt, op die plaas Groenwater, het 'n hoogte van 1 586 m bo seespieël. Die welwing is reguit of konkaf met 'n reliëf van 130 m tot 450 m. Meer as 80 persent van die oppervlakte het 'n helling van meer as vyf persent.

Die Langeberge strek vanaf Mosimane in die noorde, in 'n suid tot suid-suidweswaartse rigting, tot by Waterford in die suide. Die hoogte van die Langeberge varieer van 1 200 m tot 1 686 m bo seespieël, met die hoogste punt 1 686 m op Vaalkop, aan die noordelike deel van die bergreeks. Die hoogste punte op die noordelike en suidelike gedeeltes van die Langeberg is onderskeidelik 1 610 m op Hoekplaas en 1 501 m op Bakenskap. Die welwing is hoofsaaklik konkaf en die reliëf varieer van 130 - 450 m. Minder as 20 persent van die oppervlakte het 'n helling van minder as vyf persent.

Dreinerings

Die studiegebied val binne dreineringsstreke C en D (Opmetings- en Grondinligtingspersoneel 1992) en word hoofsaaklik deur die Molopo-, Kuruman-, Harts- en Vaalriviere, met hul sytakke en verskeie spruite, gedreineer (Figuur 10). Die Vaal-, Droë Harts- en Hartsriviere is die hoofriviere binne die grense van die studiegebied wat in dreineringsstreek C aangetref word, terwyl die Molopo- en Kurumanriviere die hoofriviere in dreineringsstreek D is.

1. Dreineringsstreek C

Gepaard met die donderstorms wat tydens die somermaande in die studiegebied voorkom, val daar soms hael. Hael kom gewoonlik vanaf Oktober tot Maart voor met die grootste moontlikheid gedurende November (Schulze 1997). Vanuit die klimaatstatistieke van die Weerburo (1998) is daar gemiddeld drie dae per jaar met hael by Kimberley, Plessisdraai, Koopmansfontein II en Vaalharts, twee dae en by Kuruman en Armoedsvlakte, een dag. Die studiegebied val volgens die indeling van Schulze (1997) dus in die gebied met gemiddeld een tot drie dae hael per jaar.

Mis kom gemiddeld vier dae per jaar by Kimberley, Plessisdraai en Armoedsvlakte, en een dag per jaar by Kuruman, Vaalharts en Koopmansfontein II voor.

Die wind waai gewoonlik uit die noordweste en bereik gewoonlik sy maksimum spoed in die namiddag. Tydens donderstorms is kortstondige sterk, rukkerige suidwestewinde 'n algemene verskynsel. In die noordelike gebiede kom stofstorms soms voor. Hierdie stofstorms is egter afhanklik van die ontbloting wat deur langdurige droogtes veroorsaak word. Skielike koues kom af en toe voor en word vergesel deur 'n onplesierige, koue suidewind (Schulze 1979). Dié koue suidewind word met koue fronte geassosieer en veroorsaak koel weer in die somer en bitter koue weer in die winter.

HOOFSTUK 4

METODES

Inleiding

Weens die mens en dier se primêre afhanklikheid van plante vir suurstofproduksie en voedsel, is 'n goeie plantegroeibedekking uiters noodsaaklik vir die bewaring en ontwikkeling van grond wat as groeimedium vir plante dien. Tydens die afgelope eeu het die natuurlike hulpbronne en weivelde van Suid-Afrika baie verswak. Die verswakking kan basies aan twee faktore toegeskryf word, naamlik: 'n gebrek aan kennis onder boere en die onwetenskaplike bestuur van grond en plantegroei (Scotney 1984). Weens die mens se afhanklikheid van sy natuurlike hulpbronne en 'n groeiende wêreldbevolking, het die druk op die natuurlike hulpbronne al groter geword. Hierdie oorbenutting, en selfs onderbenutting, van ons natuurlike hulpbronne kan verder aanleiding gee tot gronderosie, met gepaardgaande verliese aan waardevolle bogrond, verlaagde plant- en diereproduksie en bosverdigting (Acocks 1953; 1988). Om verdere verswakking en agteruitgang te voorkom is dit noodsaaklik dat daar 'n balans gehandhaaf moet word om die optimum benutting van plantegroei en natuurlike weiveld te verseker. Laasgenoemde is egter uiters noodsaaklik in semi-ariëde tot ariëde gebiede soos die Kalahari wat 'n beperkte reënval en groeiseisoen het. Weens dië heersende omstandighede in Suid-Afrika het dit al hoe meer noodsaaklik geword dat 'n beter bewaringsbeleid ten opsigte van ons natuurlike hulpbronne gevolg moet word. Om so 'n bewaringsbeleid daar te stel is dit noodsaaklik om die natuurlike plantegroei op 'n floristiese en strukturele wyse te klassifiseer. Sodoende word 'n bydrae gelewer tot die daarstelling van moontlike bewarings- en bestuursprogramme in die praktyk.

Die hoofdoel van hierdie studie is die fitososiologiese klassifikasie van die plantegroei van die oostelike Kalahari Doringveld en sluit die beskrywing en kartering van plantgemeenskappe en waar moontlik, die invloed van omgewingsfaktore op die plantegroei in. Die veldtoestand van die natuurlike veld (onder huidige toestande) asook areas met potensiële bosindringing en bosverdigting is bepaal en die struktuur van die potensiële indringerspesies is in vier hoogteklasse aangeteken.

Landtipes

'n Landtipe is 'n area met 'n eenvormige terreinvorm, grondpatroon en klimaat (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Nege Landtipes, naamlik: Ae, Ag, Ah, Ai, Bd, Dc, Fc, Ib en Ic (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c) is binne die grense van die studiegebied geïdentifiseer en as stratifikasie-eenhede gebruik.

Geologie

Geologiese inligting, soos van 1:250 000 skaal geologiese kaarte bepaal (sien onder habitat-analise), is gekorrigeer deur alle koördinate, soos deur GPS (Geografiese Posisionerings Sisteem) (Ensign GPS Trimble Navigation) vir elke perseel bepaal, in GIS in te lees en dan die betrokke geologie met behulp van die rekenaarprogram ARCVIEW te bepaal. Beskrywings van die onderskeie geologiese formasies is volgens Visser (1984) en SAKS (1980).

Grond

Die gronde is geklassifiseer en beskryf volgens MacVicar *et al.* (1977). Die Landtipe-opnamepersoneel (1984a; 1986c) het die beskrywings van MacVicar *et al.* (1977) gevolg, gevolglik is dieselfde beskrywings by die beskrywing van die plantgemeenskappe (Hoofstuk 5) gebruik omrede dit as bron in hierdie studie aangewend is. Hoewel die Grondklassifikasiewerkgroep (1991) die beskrywings van die gronde van Suid-Afrika hersien het, word dié klassifikasie nie in hierdie studie gebruik nie. In dié verband is dit belangrik om net na die volgende veranderinge in die grondbeskrywings te verwys.

1. Die Huttonvorm (MacVicar *et al.* 1977) word deur die Namibvorm (Grondklassifikasiewerkgroep 1991) vervang en kan in die volgende grondfamilies onderverdeel word:
Nortier, Henkries, Kalahari en Beachwood
2. Die Mispahvorm (MacVicar *et al.* 1977) word deur die Coegavorm (Grondklassifikasiewerkgroep 1991) vervang wat in die volgende twee grondfamilies onderverdeel word:
Namabies en Marydale.

Klimaat

Klimaatinligting is vanaf die Weerburo (1998) en Schulze (1979; 1997) verkry.

Topografie

Die terreinmorfologiese kaart van Kruger (1983), tesame met die topo-kadastrale kaarte van 2522 Bray, 2524 Mafeking, 2622 Morokweng, 2624 Vryburg, 2722 Kuruman, 2724 Christiana, 2726 Kroonstad, 2822 Postmasburg en 2824 Kimberley (Hoofdirektoraat: Opmetings- en Grondinligting 1988) is gebruik vir die beskrywing van die topografie van die studiegebied.

Plantegroei en plantegroei klassifikasie

Om die nodige agtergrondkennis ten opsigte van die plantegroei van die studiegebied te verkry, is die literatuur van Acocks (1953; 1988), Gubb (1980) en Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998) geraadpleeg.

Die plantopnames vir plantegroei klassifikasie, is voorafgegaan deur twee fases van verkenning. Tydens die eerste fase van verkenning is die grense van die studiegebied vasgestel en is 'n algemene idee van die plantegroei, topografie en opnametegniese daargestel. Tydens die tweede fase van verkenning is met opnames begin om vertrouwd te raak met die opname tegnieke en onbekende plante is versamel vir identifikasie deur personeel van die H.G.W.J. Schweickerdt-herbarium¹ (PRU) en die Nasionale Herbarium (PRE) (Nasionale Botaniese Instituut²) in Pretoria.

Herbariumeksemplare is gedurende plantegroeiopnames aangevul deur ekstensiewe versamelings oor die hele studiegebied en is ter insae beskikbaar by die H.G.W.J Schweickerdt-herbarium¹ (PRU).

¹. H.G.W.J Schweickerdt-herbarium (PRU), Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002

². Nasionale Herbarium (PRE), Nasionale Botaniese Instituut, Privaatsak X101, Pretoria

Die spesielys is verder aangevul uit bestaande spesielyste van Speedy³ en Departement van Omgewingsake en Toerisme (Natuurbeewaring)⁴.

Plantegroekklassifikasie

Grootte, aantal en verspreiding van monsterpersele

Die aantal monsterpersele wat in 'n bepaalde gebied uitgeplaas word, word bepaal deur die grootte van die gebied, die heterogeniteit van die plantegroei in die gebied en die akkuraatheid wat benodig word vir die klassifikasie van dië plantegroei (Bredenkamp 1982). Die grootte van die studiegebied is as basis gebruik vir die bepaling van die aantal monsterpersele per stratifikasie-eenheid. Namate daar 'n verandering in die plantegroei samestelling binne 'n stratifikasie-eenheid voorgekom het, is daar van die benadering afgewyk deur ekstra persele uit te plaas en te monster.

Binne hierdie redelike homogene stratifikasie-eenhede is die monsterpersele op 'n subjektiewe basis (Braun-Blanquet 1932 & 1964; Werger 1973; Bredenkamp 1982; Eckhardt 1993; Perkins 1997) volgens die lokale terreineenhede[#], byvoorbeeld vlaktes, rivierbed, rivierwal, pan, bergvoet, berghang en bergkruin, uitgeplaas. Dië presiese posisie van die persele* was gekies sodat dit as verteenwoordigend van die plantegroei beskou kan word.

Die stratifikasie is gebaseer op die verteenwoordigende Landtipes (Landtipe-opnamepersoneel 1984a & 1986c; Bezuidenhout 1988; Bredenkamp *et al.* 1989) binne die grense van die studie-

³. Mnr. J.G. Speedy, Posbus 2188, Vryburg 8600

⁴. Molopo Natuurreservaat, Departement van Omgewingsake en Toerisme, Noordwes Provinsie, Privaatsak X34, Vryburg 8600

⁴. Sandveld Natuurreservaat, Departement van Omgewingsake en Toerisme Vrystaat Provinsie, Posbus 414, Bloemhof 2660

[#]. 'n Terreineenheid is enige deel van die landoppervlak met 'n homogene vorm en helling (Landtipe-opnamepersoneel 1984a, 1986c).

*. 'n Perseel = 'n Relevé. 'n Relevé word beskou as die lys van waarnemings, saam met al die floristiese en geassosieerde omgewingsdata van 'n betrokke monsterperseel (Eckhardt 1993).

gebied. Die minimum perseelgrootte van 200 m² vir die boom- en struikstratum en 30 m² vir die kruidstratum was gebruik. Met kruidstratum word bedoel alle grasse en nie-grasagtige kruide van enige hoogte, insluitend semi-houtagtige bossies. Volgens Bredenkamp (1982) word voldoende inligting in 'n 200 m² perseel versamel om die plantegroei in savanne gebiede te klassifiseer.

Monsterneming het vanaf einde Januarie tot einde Junie 1995, 1996 en 1997 plaasgevind. 'n Totaal van 1 071 relevés is opgeteken.

Monsternemings metode

i. Braun-Blanquetmetode

Die Braun-Blanquetmetode van die Zürich-Montpellier skool vir fitososiologie, wat onder andere deur Braun-Blanquet (1932; 1964); Coetzee (1972; 1974); Coetzee & Werger (1973); Werger (1973; 1974) en Mueller-Dombois & Ellenberg (1974) beskryf is en reeds met sukses in suidelike Afrika gebruik is (Bezuidenhout *et al.* 1988, Behr & Bredenkamp 1988, Bredenkamp *et al.* 1989, Bezuidenhout & Bredenkamp 1990), is as opnametegniek gebruik. Diè metode is 'n gestandardiseerde gebruiksmetode vir plantegroei klassifikasie in Suid-Afrika (Bredenkamp 1982). Om die resultate van twee verskillende areas binne 'n gebied te vergelyk, is dit noodsaaklik dat dieselfde opname tegniek gebruik moet word (Eckhardt 1993).

a. Floristiese-analise

Tydens die plantopnames is alle plantspesies binne elke monsterperseel aangeteken. Vir elke plantspesie wat aangeteken is, is daar 'n bedekkingsgetalsterktewaarde volgens die Braun-Blanquet-skaal (Werger 1974; Mueller-Dombois & Ellenberg 1974) toegeken wat soos volg geskat is:

- r - 'n Enkele individu/min individue (skaars) met 'n kroonbedekking van minder as een persent (%) van die monsterperseeloppervlakte
- + - Individue van dieselfde spesie wat nou en dan voorkom en 'n kroonbedekking van minder as een persent (%) van die monsterperseeloppervlakte uitmaak

- 1 - Volop, met 'n kroonbedekking van 1 tot 5 persent (%) van die monsterperseeloppervlakte
- 2a - Enige aantal individue met 'n kroonbedekking van meer as vyf 5 tot 12 persent van die monsterperseeloppervlakte
- 2b - Enige aantal individue met 'n kroonbedekking van meer as 12 tot 25 persent van die monsterperseeloppervlakte
- 3 - Enige aantal individue met 'n kroonbedekking van meer as 25 tot 50 persent van die monsterperseeloppervlakte
- 4 - Enige aantal individue met 'n kroonbedekking van meer as 50 tot 75 persent van die monsterperseeloppervlakte
- 5 - Enige aantal individue met 'n kroonbedekking van meer as 75 persent van die monsterperseeloppervlakte

Habitat-analise

Die verspreiding van plantegroei word deur die fisiese omgewingstoestande beïnvloed (Daubenmire 1968; Gauch 1982; Bredenkamp 1982, Bredenkamp 1975). So word die teenwoordigheid van 'n spesie in 'n bepaalde gebied nie net deur een enkele faktor bepaal nie, maar deur die komplekse interaksies van verskeie fisiese en biologiese faktore (Daubenmire 1968). Hierdie toestande kan beskou word as die produk van verskeie omgewingsveranderlikes (Eckhardt 1993). Die fisiese omgewing speel 'n belangrike rol by die interpretasie van plantegroeigemeenskappe (Bezuidenhout 1988) en daarom is dit belangrik dat gedetailleerde habitatinligting (Morris 1973; Bredenkamp 1975) aangeteken moet word.

Die volgende fisiese omgewingsveranderlikes is vir elke monsterperseel bepaal, of waargeneem en aangeteken:

i. Geologie

Die geologie van die studiegebied is beskryf en bepaal deur gebruik te maak van die volgende 1:250 000 skaal geologiese kaarte:

2522 Bray (Geol. opn# 1974a)	2524 Mafeking (Geol. opn# 1974c)
2622 Morokweng (Geol. opn# 1974b)	2624 Vryburg (Geol. opn# 1993b)
2722 Kuruman (Geol. opn# 1979)	2724 Christiana (Geol. opn# 1994)
2726 Kroonstad (Geol. opn# 1978)	2822 Postmasburg (Geol. opn# 1977)
2824 Kimberley (Geol. opn# 1993a)	

ii. Landtipe

Die volgende 1:250 000 skaal landtipekaarte (Landtipe-opnamepersoneel 1984; 1986; 1987) is gebruik om die landtipe van elke monsterperseel te bepaal:

2522 Bray (Landtipe-opn. ¹ 1984b)	2624 Vryburg (Landtipe-opn. ¹ 1984g)
2724 Christiana (Landtipe-opn. ¹ 1984c)	2722 Kuruman (Landtipe-opn. ¹ 1986a)
2726 Kroonstad (Landtipe-opn. ¹ 1984d)	2822 Postmasburg (Landtipe-opn. ¹ 1986b)
2524 Mafeking (Landtipe-opn. ¹ 1984e)	2824 Kimberley (Landtipe-opn. ¹ 1987)
2622 Morokweng (Landtipe-opn. ¹ 1984f)	

iii. Topografie

Die topografie van 'n bepaalde area kan die effek van sonlig, reënval, wind en logging op die plantegroei beïnvloed (Strahler & Strahler 1987). Die volgende topografiese posisies van elke monsterperseel ten opsigte van die landskap is aangeteken:

1. kruin	5. vlakte
2. skouer	6. rivier
3. middelhang	7. pan
4. voethelling	8. plato

Geol. opn# = Geologiese Opnames

Landtipe-opn.¹ = Landtipe-opnamepersoneel

iv. Aspek

Die rigting waarin die glooings strek (aspek) is met behulp van 'n kompas bepaal, met noord as die magnetiese noord. Die volgende kodes (volgens Van Rooyen 1978) is gebruik:

N	-	noord	S	-	suid
NO	-	noordoos	SO	-	suidoos
NW	-	noordwes	SW	-	suidwes
O	-	oos	W	-	wes

v. Helling

Die hellings van die glooings is met behulp van 'n klinometer bepaal en in die volgende klasse verdeel:

1. gelyk	=	0 - 3°
2. geleidelik	=	3 - 8°
3. matig	=	8 - 16°
4. steil	=	16 - 26°
5. baie steil	=	26 - 45°

vi. Hoogte bo seespieël

Die hoogte bo seespieël van elke monsterperseel is bepaal deur dit vanaf die volgende 1:250 000 skaal topo-kadastrale kaart af te lees:

2522 Bray	2524 Mafeking	2622 Morokweng
2624 Vryburg	2722 Kuruman	2724 Christiana
2726 Kroonstad	2822 Postmasburg	2824 Kimberley

(Hoofdirektoraat: Opmetings- en Grondinligting 1988)

vii. Klipgrootte

Die volgende skaal is vir die beskrywing van klipgrootte gebruik:

- | | |
|------------------|--|
| 1. Gruis | - klippies met 'n deursnee <10 mm |
| 2. Kleinklippies | - klippies met 'n deursnee \geq 10 mm tot 50 mm |
| 3. Klippe | - mediumgrootte klippe met 'n deursnee >50 mm tot 250 mm |
| 4. Groot klippe | - groot klippe met 'n deursnee van >250 mm tot 1 000 mm |
| 5. Rotse | - rotsblokke met 'n deursnee van meer as 1 000 mm |

viii. Klipperigheid van die grondoppervlak

Die klipperigheid van die grond beïnvloed die vegetatiewe groei van plante deurdat dit 'n effek op die dreinerings van water veroorsaak, die ontkieming van sade verlaag en wortelpenetrasie laat afneem (Perkins 1997). Die persentasie van die perseeloppervlakte wat met klippe bedek is, is geskat en aangeteken.

ix. Geomorfologie

Die vorm van die onmiddellike landskap is as volg beskryf:

1. Konkaaf
2. Konveks
3. Plat

x. Terreinbeskrywing

Die volgende terreinbeskrywings is gebruik: Berg, rif, krans, vallei, sandvlakte, duin, donga, vlei, vloedvlakte, rivierbed, rivierwal en pan.

xi. Grondtipe en gronddiepte.

Vanweë beperkte tyd en die grootte van die studiegebied is geen profielgate gegrawe nie, maar bestaande gate, soos aangedui op die onderskeie landtipe kaarte (Landtipe-opnamepersoneel 1984a, 1986c) is wel besoek. Die inligting van Landtipe-opnamepersoneel (1984a en 1986c) is gebruik.

xii. Oppervlakerosie.

Die graad van oppervlakerosie van elke monsterperseel is binne die volgende klasse geskat en aangeteken:

Klas 1:	-	Geen erosie
Klas 2:	-	Matige erosie
Klas 3:	-	Dongas

xiii. Dreinerings van grond en mate van vertrapping

Die dreinerings van die grond, sowel as die mate van vertrapping is in drie klasse, naamlik: goed, matig en swak verdeel.

xiv. Totale persentasie kroonbedekking

Die totale persentasie kroonbedekking behels die geprojekteerde kroonbedekking as persentasie van die monsterperseeloppervlakte vir elk van die volgende stratumme (volgens Lubbinge 1999):

Groot bome	-	> 6m
Klein bome	-	2 - 6m
Struik	-	< 2m
Nie-grasagtige kruide		
Grasse		

xv. Algemene opmerkings

Versteuring van die plantegroei en bestuurspraktyke, asook brand, ontbossing en die gebruik van gifstowwe is hieronder aangeteken.

xvi. Ruitverwysing

'n GPS (Geografiese Posisionerings Sisteem) (Ensign GPS Trimble Navigation) is gebruik om elke monsterperseel se koördinate (lengte- & breedtegraad in grade, minute en sekondes) te bepaal.

Data-analise

Die TURBOVEG sagteware rekenaarprogram (Hennekens 1996) is gebruik vir die inlees, verwerking en voorbereiding van fitososiologiese tabelle. Die floristiese datastelle van 1995, 1996 en 1997 is gekombineer en as een datastel verwerk. Dié volledige datastel is onderwerp aan TWINSPAN (Tweerigting indikatorspesie analiserings tegniek) (Hill 1979a), 'n objektiewe, statistiese en numeriese klassifikasietegniek, deur gebruik te maak van die MEGATAB rekenaarprogram (Hennekens 1996b).

Die totale datastel is deur die TWINSPAN-tegniek in diskontinue hoofgroepe verdeel met 'n hoofskeding tussen bergveld en vlakveld. Die TWINSPAN-tegniek dui op die eerste benadering tot die verskillende plantegroei-eenhede. Vyf verskillende hoofgroepe, naamlik *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld van die vlaktes met baie diep sanderige gronde, *Acacia erioloba* - *Eragrostis lehmanniana* bosveld van die vlaktes met diep sanderige gronde, *Tarchonanthus camphoratus* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld van die klipperige vlaktes, *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld van die berge en *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* struikveld van die riviere is geïdentifiseer en as afsonderlike tabelle hanteer vir verdere verwerking. Vir die bepaling van die verskillende plantgroeigemeenskappe is elk van dié hoofplantegroei-eenhede aan 'n verdere TWINSPAN onderwerp en met behulp van Braun-Blanquet prosedure en die sagteware rekenaarprogram MEGATAB (Hennekens 1996b) verfyn om fitososiologiese tabelle op te stel. Aangesien die datastelle se fitososiologiese tabelle baie groot is, is dit nie aan die ordeningstegniek, DECORANA (Ontneigde Ooreenstemmings-

analise) (Hill 1979b), onderwerp nie. Die analise word gebruik om gradiente in die plantegroei te identifiseer wat aan floristiese variasie en geassosieerde omgewingstoestande toegeskryf kan word. Die verskillende plantgemeenskappe is informeel benaam en klasse, ordes, alliansie, assosiasie en sub-assosiasies is identifiseer en beskryf.

'n Vereenvoudigde TWINSPAN dendogram en verkorte Sinoptiese tabel verskyn in Hoofstuk 5. Die resultate van die plantegroei klassifikasie, plantegroei kaart en karteringseenhede word in Hoofstuk 5 bespreek.

HOOFSTUK 5

PLANTGEMEENSKAPPE


5.1. Algemene oorsig van die plantegroeklassifikasie

Savanne word gedefinieer as 'n area met 'n geslote grasbedekking waarin individuele bome en/of struike voorkom. Twee plantlewensvorme wat normaalweg as antagoniste voorkom, naamlik oop grasveld en droë woud, en deur skerp grense geskei word, kom saam in 'n savanne voor (Walter 1971). In 'n savanne kom dus twee kompeterende gemeenskappe in 'n delikate ewewig met mekaar voor (Walter 1971). Hierdie ewewig word volgens Walter (1971) deur die beskikbare vog in die grond beheer. In 'n gebied met 'n relatiewe plat topografie en 'n somerreënval vind Walter (1971) dat die grasbedekking op 'n oop grasveld alle beskikbare vog benut en dat die grasse so aangepas is dat hulle die droë seisoen gunstig kan oorleef deur 'n absolute minimum grondvog te gebruik.

Die plantegroei van die studiegebied is in die volgende hoofeenhede (Tabelle 9, 10, 11, 12, en 13) (agterblad) verdeel en word in die plantegroekaart (Figuur 17) (agterblad) saamgevat.

- i) *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld (Tabel 9)
- ii) *Acacia erioloba* - *Eragrostis lehmanniana* bosveld (Tabel 10)
- iii) *Tarchonanthus camphoratus* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld op vlaktes (Tabel 11)
- iv) *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld op berge (Tabel 12)
- v) *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* geslote struikveld van riviere (Tabel 13)

'n Opsomming van die hierargiese klassifikasie van die hoofplantegroei-eenhede met hul kenmerkende omgewingsfaktore verskyn in Figuur 18. Die hele datastel is in vyf verskillende fitososiologiese tabelle (Tabelle 9, 10, 11, 12 en 13) (agterblad) verdeel en die ligging van die onderskeie plantegroeitipes word in Figuur 17 (agterblad) saamgevat. Tydens die benaming van die plantgemeenskappe (assosiasies) is gebruik gemaak van die formele klassifikasiet Terme en



Figuur 18 Hierargiese diagram om die prominente omgewingskenmerke van die onderskeie klasse en ordes van die oostelike Kalahari Doringveld aan te toon

klassifikasietodes, maar die plantgemeenskappe is informeel benaam. Die terminologie van klas, orde, alliansie en assosiasie word slegs aangewend om die hiërargiese uiteensetting van die fitososiologiese tabelle te vergemaklik. Waar daar slegs 'n alliansie voorkom, met geen verdere onderverdelings nie, is die betrokke naam ook vir die plantgemeenskap (assosiasie) gebruik. Die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) is met die uitsondering van die terme hoog, laag en groot gebruik omrede sy grense van die totale kroonbedekking te uiteenlopend is vir 'n sinvolle onderskeid in dié studiegebied.

5.2. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe op diep sandvlaktes (Tabel 9; Figuur 17: karteringseenhede 1-10)

Hierargiese klassifikasie van die *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld

Klas 1: *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld

Orde 1.1: *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* geslote struikveld

Alliansie 1.1.1: *Eragrostis echinocloidea* - *Zygophyllum pubescens* geslote struikveld
(karteringseenheid 1 Figuur 17)

Assosiasie 1.1.1.1: *Cullen obtusifolia* - *Eragrostis rotifer* oop struikveld

Assosiasie 1.1.1.2: *Rhigozum trichotomum* - *Nerine laticoma* oop struikveld

Assosiasie 1.1.1.3: *Rhigozum trichotomum* - *Zygophyllum pubescens* geslote struikveld

Alliansie 1.1.2: *Acacia mellifera* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld
(karteringseenheid 2 Figuur 17)

Assosiasie 1.1.2.1: *Acacia mellifera* - *Cenchrus ciliaris* oop struikveld

Assosiasie 1.1.2.2: *Acacia mellifera* - *Cleome rubella* geslote struikveld

Assosiasie 1.1.2.3: *Rhigozum trichotomum* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld

Alliansie 1.1.3: *Acacia mellifera* - *Centropodia glauca* oop boomveld

Assosiasie 1.1.3.1: *Acacia mellifera* - *Hermannia affinis* oop boomveld
(karteringseenheid 3 Figuur 17)

Assosiasie 1.1.3.2: *Acacia mellifera* - *Nolletia arenosa* oop boomveld
(karteringseenheid 4 Figuur 17)

Orde 1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia mellifera* geslote struikveld

Alliansie 1.2.1: *Acacia haematoxylon* - *Acacia mellifera* geslote boomveld

(karteringseenheid 5 & 6 Figuur 17)

Assosiasie 1.2.1.1: *Acacia haematoxylon* - *Heliotropium ciliatum* geslote boomveld (karteringseenheid 5 Figuur 17)

Assosiasie 1.2.1.2: *Acacia haematoxylon* - *Eragrostis pallens* oop struikveld (karteringseenheid 6 Figuur 17)

Assosiasie 1.2.1.3: *Acacia haematoxylon* - *Rhynchosia totta* yl struikveld (karteringseenheid 6 Figuur 17)

Assosiasie 1.2.1.4: *Acacia haematoxylon* - *Tarchonanthus camphoratus* kort bosveld (Typicum) (karteringseenheid 6 Figuur 17)

Alliansie/Assosiasie 1.2.2: *Enneapogon scoparius* - *Geigeria ornativa* lae oop boomveld (karteringseenheid 7 Figuur 17)

Orde 1.3: *Grewia retinervis* - *Acacia mellifera* oop struikveld

Alliansie 1.3.1: *Acacia luederitzii* - *Schmidtia pappophoroides* oop struikveld

Assosiasie 1.3.1.1: *Acacia luederitzii* - *Oxygonum delagoense* oop struikveld (karteringseenheid 8 Figuur 17)

Assosiasie 1.3.1.2: *Acacia luederitzii* - *Urochloa panicoides* oop struikveld (karteringseenheid 9 Figuur 17)

Alliansie/Assosiasie 1.3.2: *Diospyros lycioides* - *Acacia mellifera* oop struikveld (karteringseenheid 10 Figuur 17)

Bogenoemde plantgemeenskappe (assosiasies) beslaan die grootste gedeelte van die studiegebied en kom oorwegend op landtipes Ah en Ae voor. Meer as 80 % van die oppervlakte van die landtipes het 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf wat varieer van 0 - 30 m en van 30 - 90 m (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die landskap is dus oor die algemeen plat. Die grootste gedeelte van die gebied bestaan hoofsaaklik uit terreintipes vier en vyf, wat hoofsaaklik voethellings en valleivloere of vlaktes insluit (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Klas 1: *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld

Dié plantegroeitipe kom op baie diep sanderige gronde van die effens golwende tot plat sandvlaktes voor en is hoofsaaklik tot die noordelike en noordwestelike gedeelte van die studiegebied (karteringseenhede 1 tot 10 Figuur 17) beperk. Dié plantegroeitipe is beperk tot die laerliggende gedeeltes van die studiegebied met hoogtes wat varieer van 1 000 m tot 1 384 m bo seespieël (Bylae 1a-p).

Geologies bestaan die area hoofsaaklik uit rooi tot vleeskleurige en wit waaisand van Tersiêre tot Resente ouderdom met enkele dagsome van wit, grys en rooskleurige kwartsiet met ondergeskikte subgrouwak van Formasie Matsap. Dagsome van die ouer Kalaharilae van Tersiêre ouderdom (oppervlakkalksteen, silkrete en sandsteen) word in die rivierlope aangetref (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Dié plantegroeitipe kom hoofsaaklik op landtipes Ah en Ae voor. Die grond bestaan uit rooi-geel apedale, goed gedreineerde gronde met Hutton en Clovelly die prominente grondvorme (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Rooi en geel, hoë basestatus gronde, dieper as 300 mm kom oor die algemeen voor en duine is afwesig.

Hierdie plantegroeitipe word deur spesies van spesiegroep 28 gekenmerk (Tabel 9). Hierdie groep sluit alle spesies in wat in meer as 17 % van die relevès voorkom. Die algemeenste houtagtige spesies is *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (Figuur 19), *Acacia erioloba*, *Grewia flava*, *Ehretia rigida*, *Acacia hebeclada* subsp. *hebeclada*, *Ziziphus mucronata* en *Lycium hirsutum* (spesiegroep 28, Tabel 9). Die opvallendste grasspesies is hoofsaaklik *Eragrostis lehmanniana* (Figuur 20), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Schmidtia kalahariensis*, *Eragrostis trichophora*, *Tragus racemosus* en *Stipagrostis obtusa* (spesiegroep 28, Tabel 9).

Die algemene teenwoordigheid van *Aristida congesta* subsp. *congesta* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* dui waarskynlik op wanbestuurspraktyke wat oorbeweidings en bosverdichtings tot gevolg het.



Figuur 19 'n Digte stand *Acacia mellifera*, met 'n baie yl grasbedekking binne die *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld (Klas 1)



Figuur 20 Voorbeeld van 'n goeie grasbedekking, hoofsaaklik *Eragrostis lehmanniana* en *Stipagrostis uniplumis*, binne die *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld (Klas 1)

Orde 1.1: *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* geslote struikveld

Hierdie geslote struikveld word op die laerliggende, goed gedreineerde, baie diep sandgronde van die sandvlaktes in die noordelike deel van die studiegebied aangetref (karteringseenhede 1 tot 4, Figuur 17). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 000 m tot 1 172 m (Bylae 1a-h).

Geologies bestaan die area hoofsaaklik uit rooi tot vleeskleurige en wit waaisand van Tersiêre tot Resente ouderdom met enkele dagsome van wit, grys en rooskleurige kwartsiet met ondergeskikte subgrouwak van Formasie Matsap. Dagsome van die ouer Kalaharilae van Tersiêre ouderdom (oppervlakkalksteen, silkreet en sandsteen) word in die rivierlope aangetref (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die verskil in geologie tussen die verskillende ordes sal met bespreking van die opvolgende assosiasies behandel word.

Hierdie plantegroeitipe word, met die uitsondering van twee relevès, op landtipe Ah aangetref. Die dominante grondvorme vir terreineenhede vier en vyf is hoofsaaklik die Hutton- en Clovellyvorme met dieptes van meer as 1 200 mm, terwyl die Mispah- en Fernwoodvorme kenmerkend van die vlakker gronde is (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die grond bestaan uit rooi en geel, hoë basestatus gronde, dieper as 300 mm en duine is afwesig (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Twee alliansies, sewe assosiasies en twee sub-assosiasies vorm deel van die *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* geslote struikveld. Hierdie geslote struikveld word deur spesies van spesiegroep 7 gekenmerk (Tabel 9). Benewens die opvallende spesies van spesiegroep 28, is *Rhigozum trichotomum* en *Aptosimum marlothii* (spesiegroep 7, Tabel 9), sowel as *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9) prominent.

Alliansie 1.1.1: *Eragrostis echinocloidea* - *Zygophyllum pubescens* geslote struikveld

Hierdie geslote struikveld word in die noordelike en noordoostelike gedeelte van die studiegebied, in die Tosca en Bray-omgewings en langs die Moloporivier aangetref (karteringseenheid 1, Figuur 17). Dié plantegroei kom op die sandvlaktes en in rivierlope voor. Meer as 80 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 0 - 30 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hellingslengte wissel vanaf 1 000 m tot

10 000 m en die hellingsvorm is gelyk (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hoogte varieer van 1 000 m tot 1 108 m bo seespieël met 'n gemiddelde hoogte van 1 055 m bo seespieël (Bylae 1a-c).

Geologies bestaan die gebied uit eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van die ouer Kalaharilae van Tersiere ouderdom, soos oppervlakkalksteen, silkreet en sandsteen, in die rivierlope (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Oor die algemeen is die grond dieper as 1 200 mm. Die grondvorme bestaan uit die Clovelly- en Huttonvorm. Die grondtekstuur is oorwegend fyn- en mediumsand (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Hierdie gronde het oor die algemeen geen meganiese beperkings nie en hoewel klippe volop kan voorkom is die grond wel ploegbaar (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie kom voor in spesiegroep 3 (Tabel 9) met *Zygophyllum pubescens* en *Eragrostis echinochloidea* die opvallendste diagnostiese spesies. Ander opvallende spesies is *Rhigozum trichotomum* en *Aptosimum marlothii* (spesiegroep 7, Tabel 9) en *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9). *Phyllanthus angolensis*, *Hermbstaedia odorata* en *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 27, Tabel 9) word ook algemeen aangetref.

Assosiasie 1.1.1.1: *Cullen obtusifolia* - *Eragrostis rotifer* oop struikveld

Hierdie assosiasie word hoofsaaklik in droë rivierlope en valleivloere (terreineenheid 5) van die Moloporivier in die noordelike gedeelte van die studiegebied aangetref (karteringseenheid 1 Figuur 17). Die helling is effens konveks tot plat. Meer as 80 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 0 - 30 m vanaf die laagste tot die hoogste punt. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 000 m tot 1 093 m, met 'n gemiddelde hoogte van 1 060 m (Bylae 1a).

Die geologie stem ooreen met dié van die *Eragrostis echinochloidea* - *Zygophyllum pubescens* geslote struikveld (alliansie 1.1.1) (Tabel 9).

Hierdie assosiasie word oorwegend op landtipe Ah3 aangetref. Die dominante grondvorm in

hierdie valleivloere is die Mispahvorm met 'n diepte van 100 tot 250 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die grondtekstuur bestaan oorewegend uit fynsand (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die gronde is dus baie vlak en word op rots aangetref.

Die diagnostiese spesies word in spesiegroep 1 (Tabel 9) saamgevat met *Cullen obtusifolia* en *Eragrostis rotifer* onderskeidelik die opvallendste diagnostiese kruid- en grasspesie. Die dominante bome en struik is *Acacia karroo*, *Lycium cinereum* en *Ziziphus mucronata*. Die boom- en struikstratum het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 16 % en 19 % (Bylae 1a). Die gras- en struikstratum is redelik ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 18 % en 13 % (Bylae 1a). Dominante grasspesies is *Eragrostis rotifer*, *Cynodon dactylon*, *Eragrostis porosa* (spesiegroep 1, Tabel 9), *Eragrostis echinocloidea* (spesiegroep 3, Tabel 9), *Emneapogon scoparius* (spesiegroep 17, Tabel 9) en *Setaria verticillata* (spesiegroep 22, Tabel 9). *Cullen obtusifolia*, *Argemone ochroleuca* (spesiegroep 1, Tabel 9) en *Pentzia calcarea* (spesiegroep 3, Tabel 9) is die dominante kruide. Hierdie assosiasie word van assosiasies 1.1.1.2. en 1.1.1.3. onderskei weens die teenwoordigheid van spesiegroep 1 (Tabel 9) en die afwesigheid van spesiegroepe 2 en 3 (Tabel 9). 'n Gemiddeld van 41 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref (Bylae 1a).

Assosiasie 1.1.1.2: *Rhigozum trichotomum* - *Nerine laticoma* oop struikveld

Hierdie assosiasie kom in die droë rivierlope van die Moloporivier, wes van Bray, in die noordelike gedeeltes van die studiegebied voor (karteringseenheid 1 Figuur 17). Die topografie is hier betreklik gelykliggend. Meer as 80 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 0 - 30 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hoogte bo seespieël wissel van 1 051 m tot 1 056 m met 'n gemiddelde hoogte van 1 061 m (Bylae 1b).

Geologies bestaan die gebied uit eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van die ouer Kalaharilae van Tersiere ouderdom (oppervlakkalksteen, silkreet en sandsteen) (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Swanzium graniet word hier aangetref.

Die *Rhigozum trichotomum* - *Nerine laticoma* oop struikveld kom op landtipe Ah7 voor. Die

dominante grondvorme in die rivierlope varieer van die Fernwood- tot die Mispahvorm met dieptes van 100 tot 250 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die Hutton- en Clovellyvorme van die omliggende vloedvlaktes is dieper as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Hierdie gronde het geen meganiese beperkings nie en die grondtekstuur varieer vanaf fynsand tot fynsand-kleileem en fynsand-klei (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Spesiegroepe 7, 18 en 25 (Tabel 9) bevat spesies wat ook in die assosiasie voorkom, terwyl spesiegroep 3 (Tabel 9) die assosiasie differensieer. Die diagnostiese spesies van die gemeenskap is *Nerine laticoma* en *Dimorphotheca zeyheri* (spesiegroep 2, Tabel 9). *Rhigozum trichotomum*, *Aptosimum marlothii* (spesiegroep 7, Tabel 9) en *Tragus racemosus* (spesiegroep 28, Tabel 9) is ook prominent. Hierdie assosiasie word van die *Cullen obtusifolia* - *Eragrostis rotifer* oop struikveld (assosiasie 1.1.1.1) onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 2 (Tabel 9) en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 1 (Tabel 9). Die bome en struike het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 19 % en 15 % (Bylae 1b) met *Acacia erioloba*, *Acacia mellifera* (spesiegroep 28, Tabel 9) en *Rhigozum trichotomum* (spesiegroep 7, Tabel 9) die dominante houtagtige spesies. Die grasstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 25 % (Bylae 1b) en is relatief goed ontwikkel. Dominante grasse is *Eragrostis echinocloidea* (spesiegroep 3, Tabel 9), *Eragrostis lehmanianna*, *Schmidtia kalihariensis*, *Tragus racemosus* en *Stipagrostis obtusa* (spesiegroep 28, Tabel 9). Die kruidstratum is ook redelik ontwikkel met 'n gemiddelde kroonbedekking van 14 % (Bylae 1b) met *Salsola rabieana*, *Selago paniculata* (spesiegroep 3, Tabel 9) en *Aptosimum marlothii* (spesiegroep 7, Tabel 9) prominent. 'n Gemiddeld van 33 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref (Bylae 1b).

Assosiasie 1.1.1.3: *Rhigozum trichotomum* - *Zygodium pubescens* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word op baie diep sanderige gronde van die Moloporivier vloedvlaktes (terreineenheid vier) aangetref (karteringseenheid 1 Figuur 17). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 000 m tot 1 108 m met 'n gemiddelde hoogte van 1 051 m (Bylae 1c).

Geologies bestaan die gebied uit rooi eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van die ouer Kalaharilae (oppervlakkalksteen en silkrete) van Tersiere ouderdom met jaspiliet en gestreepte ystersteen van die Formasie Asbesberge van die groep Griekwastad (Landtipe-

opnamepersoneel 1984a).

Hierdie assosiasie word op terreineenheid vier van landtipe Ah 7 aangetref. Die dominante grondvorms is die Hutton- en Clovellyvorm met dieptes van meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Hierdie gronde het geen meganiese beperkings nie en is ploegbaar. Die grondtekstuur stem ooreen met dié van die *Rhigozum trichotomum* - *Nerine laticoma* oopstruikveld (assosiasie 1.1.1.2).

Diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Zygophyllum pubescens*, *Pentzia calcarea* en *Eragrostis echinochloidea* (spesiegroep 3, Tabel 9). Die boom- en struikstratum is baie goed ontwikkel en het onderskeidelik kroonbedekkings van 34 % en 18 % (Bylae 1c). Dominante bome en struike is *Rhigozum trichotomum* en *Boscia albitrunca*. Dominante grasse van dié assosiasie is *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 4, Tabel 9), *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 25, Tabel 9), *Eragrostis lehmanianna*, *Schmidtia kalihariensis* en *Stipagrostis obtusa* (spesiegroep 28, Tabel 9). Die gemiddelde kroonbedekkings van die gras- en kruidstratum is onderskeidelik 33 % en 8 % (Bylae 1c). Spesies van spesiegroepe 4, 17, 18 en 25 (Tabel 9) word ook in hierdie assosiasie aangetref. Alle ander spesies, met die uitsondering van spesies van spesiegroep 28, is grootliks afwesig. 'n Gemiddeld van 36 spesies per relevè word in hierdie assosiasie aangetref (Bylae 1c).

Alliansie 1.1.2: *Acacia mellifera* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld

Hierdie geslote struikveld word in die noordelike en noordwestelike gedeelte van die studiegebied, in die Molopogebied op baie diep sanderige gronde van die sandvlaktes, droë rivierlope en panne aangetref (karteringseenheid 2 Figuur 17). Meer as 80 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 0 - 30 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Hierdie hellingslengte wissel vanaf 1 000 m tot 10 000 m vir terreintipe 4 en 20 m tot 300 m vir terreintipe 5 (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hellingsvorm is oor die algemeen gelyk. Die hoogte varieer van 1 000 m tot 1 108 m bo seespieël met 'n gemiddelde hoogte van 1 026 m (Bylae 1d-f).

Geologies bestaan die gebied uit rooi eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van die ouer Kalaharilae (oppervlakkalksteen en silkreë) van Tersiêre ouderdom met jaspiliet en

gestreepte ystersteen van die Formasie Asbesberge (Landtipe-opnamepersoneel 1984a).

Die grootste gedeelte van hierdie alliansie word hoofsaaklik op landtipe Ah 2 aangetref. Ander landtipes wat in die gebied aangetref word is landtipes Ah 3, 4, 5 en 7. Oor die algemeen is die gronde dieper as 1 200 mm. Die dominante grondvorms bestaan uit die Clovelly- en Huttonvorms. Die grondtekstuur is oorwegend fyn- en mediumsand. Die klei-inhoud varieer van 2 - 6 % (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Hierdie gronde het oor die algemeen geen meganiese beperkings nie en is ploegbaar.

Die diagnostiese spesies van hierdie alliansie word in spesiegroep 6 saamgevat (Tabel 9) met *Eragrostis rigidior* die prominente gras. Ander opvallende spesies is *Rhigozum trichotomum* en *Aptosimum marlothii* (spesiegroep 7, Tabel 9), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9), *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 26, Tabel 9) en *Boscia albitrunca* (spesiegroep 27, Tabel 9). Spesies van spesiegroepe 9, 12, 16, 19, 22, 26 en 27 (Tabel 9), word ook algemeen aangetref.

Assosiasie 1.1.2.1: *Acacia mellifera* - *Cenchrus ciliaris* oop struikveld

Hierdie assosiasie is beperk tot die noordwestelike gedeelte van karteringseenheid 2 (Figuur 17) en kom op die vloedvlaktes en rivierbeddings van die Moloporivier suid van Watersend, wes van Vorstershoop en noord van McCarthy's Rust voor. Hierdie assosiasie sluit ook panne in (relevés 41, 42, 44, en 45). Die hellings varieer van 0 tot 1 % en die hellingsvorm is konveks tot plat. Die hellingslengte varieer van 1 000 m tot 15 000 m (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 014 m maar kan tot 'n hoogte van 1 064 m bo seespieël styg (Bylae 1d).

Die geologie stem ooreen met dié van die *Acacia mellifera* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld (alliansie 1.1.2).

Ongeveer 77 % van hierdie assosiasie word op terreintipe vier van landtipe Ah 2 aangetref. Die belangrikste grondvorms is die Hutton- en Clovellyvorms, met dieptes van meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die grondtekstuur is oorwegend fynsand, maar mediumsand kom ook voor (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Klippe word nie algemeen aangetref nie, maar

kom wel op die oppervlak voor.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is spesies van spesiegroep 4 (Tabel 9) met *Cenchrus ciliaris* die opvallendste grasspesie en *Rhus burchellii* die opvallendste struikspesie. Die bome en struik het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 15 % en 10 % (Bylae 1d) met *Boscia albitrunca* (spesiegroep 27, Tabel 9), *Acacia eriloba*, *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 28, Tabel 9), *Rhigozum trichotomum* (spesiegroep 7, Tabel 9) en *Lycium bosciifolium* (spesiegroep 16, Tabel 9) die dominantste houtagtiges. Die gemiddelde kroonbedekking van die gras- en kruidstratum is onderskeidelik 20 % en 7 % (Bylae 1d). Dominante grasse en kruide is *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 4, Tabel 9), *Eragrostis rigidior* (spesiegroep 6, Tabel 9), *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 26, Tabel 9), *Schmidtia kalihariensis* (spesiegroep 28, Tabel 9), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9) en *Senna italica* (spesiegroep 28, Tabel 9). Ander spesies wat algemeen aangetref word is spesies van spesiegroepe 6, 7, 9, 16, 19, 22 en 26 (Tabel 9). Alle ander spesies, met die uitsondering van spesies van spesiegroep 28, is grootliks afwesig. Hierdie assosiasie het die laagste gemiddelde aantal spesies per relevè van hierdie klas (Klas 1), naamlik 31 (Bylae 1d).

Assosiasie 1.1.2.2: *Acacia mellifera* - *Cleome rubella* geslote struikveld

Hierdie assosiasie val ook binne karteringseenheid 2 (Figuur 17) en word op die vloedvlaktes van die Kurumanrivier in die Severnomgewing sowel as op effens klipperige sandvlaktes oos van Aansluit tot suidoos van Morokweng aangetref en sluit een pan (relevè 55) in. Die helling, hellingsvorm en hellingslengte stem ooreen met dié van assosiasie 1.1.2.1. Die hoogte bo seespieël is gemiddeld 1 032 m, maar styg tot 'n hoogte van 1 172 m (relevè 145) (Bylae 1e).

Die geologie stem ooreen met dié van die *Acacia mellifera* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld (alliansie 1.1.2).

Hierdie assosiasie word op terreintipe 5 van landtipes Ah 2 (13 relevès), Ah 3 (twee relevès), Ah 4 (een relevè), Ah 5 (agttwee relevès) en Ah 7 (drie relevès) aangetref. Die dominantste grondvorme is die Hutton- en Clovellyvorm met dieptes van meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die grondtekstuur is oorwegend fynsand, maar mediumsand kom ook voor. Kalkklippe

is opvallend in die rivier- en sandoppervlak.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is spesies van spesiegroep 5 (Tabel 9). Die dominante bome en struik is *Acacia mellifera* en *Acacia erioloba* (spesiegroep 28, Tabel 9), *Boscia albitrunca* (spesiegroep 27, Tabel 9) en *Rhigozum trichotomum* (spesiegroep 7, Tabel 9). Die boom- en struikstratum het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 15 % en 10 % (Bylae 1e). Die gras- en kruidstratum is nie goed ontwikkel nie en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 13 % en 8 % (Bylae 1e). Die dominante grasse en kruide is *Eragrostis rigidior* (spesiegroep 6, Tabel 9), *Stipagrostis uniplumis* en *Schmidtia pappophoroides* (spesiegroep 26, Tabel 9), *Eriocephalus ericoides* (spesiegroep 6, Tabel 9), *Hermannia comosa* (spesiegroep 9, Tabel 9) *Monechma incanum* (spesiegroep 12, Tabel 9) en *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9). Ander spesies wat algemeen aangetref word is spesies van spesiegroepe 6, 7, 9, 16, 19, 22, 26 en 28 (Tabel 9). Die insluiting van riviere by hierdie plantegroeitipe kan moontlik toegeskryf word aan die nie-standhoudende aard van die Kurumanrivier wat baie selde water het, sowel as die afsetting van sand in die rivierlope en -oewers.

Assosiasie 1.1.2.3: *Rhigozum trichotomum* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word in karteringseenheid 2 (Figuur 17) op baie diep sanderige gronde van die sandvlaktes, met afwesigheid van klippe, aangetref. Die topografie is hier betreklik plat en die helling, hellingsvorm en hellingslengte stem ooreen met dié van assosiasies 1.1.2.1. en 1.1.2.2. (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 000 m in die weste tot 'n hoogte van 1 163 m (relevè 141) (Bylae 1) in die ooste. Die gemiddelde hoogte bo seespieël van dié assosiasie is 1 032 m (Bylae 1f). Hierdie assosiasie stem ooreen met assosiasies 1.1.2.1 en 1.1.2.2. wat geologie, grond en landtipe aanbetref, maar verskil ten opsigte van die floristiese samestelling.

Hierdie assosiasie word oorwegend op terreintipe 4 van landtipes Ah 2 (15 relevès) en Ah 7 (vier relevès) aangetref. Die belangrikste grondvorme wat by monsterpersele aangetref word is die Hutton- en Clovellyvorm met dieptes van meer as 1 200 mm. Die grondtekstuur varieer van fyn-mediumsand tot mediumsand (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Klippe is afwesig en die grond is ploegbaar.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is spesies van spesiegroep 6 (Tabel 9) met *Tapinanthus rubromarginatus*, *Barleria rigida*, *Eragrostis rigidior*, *Aptosimum albomarginatum* en *Monechma divaricatum* die opvallendste diagnostiese spesies. Die boom- en struikstratum is nie goed ontwikkel nie en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 18 % en 12 % (Bylae 1f). Dominante bome en struik is *Acacia mellifera* en *Acacia erioloba* (spesiegroep 28, Tabel 9), *Boscia albitrunca* (spesiegroep 27, Tabel 9) en *Rhigozum trichotomum* (spesiegroep 7, Tabel 9). Die gras- en kruidstratum is swak ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 18 % en 8 % (Bylae 1f). Prominente gras- en kruidspesies is *Eragrostis rigidior* (spesiegroep 6, Tabel 9), *Stipagrostis uniplumis* en *Schmidtia pappophoroides* (spesiegroep 26, Tabel 9), *Eriocephalus ericoides* (spesiegroep 6, Tabel 9), *Hermannia comosa* (spesiegroep 9, Tabel 9) *Monechma incanum* (spesiegroep 12, Tabel 9) en *Geigeria ornativa* (spesiegroep 18, Tabel 9). Spesies van spesiegroepe, soos 6, 7, 9, 16, 19, 22, 26 en 28 (Tabel 9) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Hierdie assosiasie word van assosiasies 1.1.2.1. en 1.1.2.2. onderskei weens die afwesigheid van spesiegroepe 4 en 5 en die teenwoordigheid van spesiegroep 6 (Tabel 9). Die assosiasie het gemiddeld 41 spesies per relevé (Bylae 1f).

Alliansie 1.1.3: *Acacia mellifera* - *Centropodia glauca* oop boomveld (Figure 21 en 22)

Hierdie oop boomveld word eerstens in die noordoostelike gedeelte van die studiegebied, noord van Pomfret tot by Bray, en tweedens in die noordwestelike gedeelte van die studiegebied, vanaf Van Zylsrus tot by Witbank, aangetref (karteringseenheid 3 Figuur 17). Dié plantegroei word, met die uitsondering van relevès 89, 92, 93 en 96, op baie diep sanderige vlaktes aangetref. Op die sandvlaktes het meer as 80 % van die oppervlakte 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 0 - 30 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die hellingslengte wissel vanaf 1 000 m tot 10 000 m en die hellingsvorm is gelyk. Die hoogte varieer van 1 000 m tot 1 227 m (relevé 871) bo seespieël (Bylae 1g & h).

Geologies bestaan die gebied uit eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van die ouer Kalaharilae van Tersiêre ouderdom (oppervlakkalksteen, silkreëte en sandsteen) in die rivierlope (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Rooi eoliese sand van Resente ouderdom met enkele dagsome van ouer Kalaharilae van Tersiêre ouderdom met jaspiliet en gestreepte ystersteen van die Formasie Asbesberge (Groep Griekwastad) kom op die vlaktes voor (Landtipe-

opnameperoneel 1984a).

Hierdie alliansie word op landtipes Ah 3, 4, 5, 7, Af 4 en Ic1 aangetref. Die voorkoms van hierdie alliansie op landtipe Ic1 kan moontlik toegeskryf word aan die neerlegging van diep sand teen die voethellings en kruine van die heuwels. Die grond is oor die algemeen dieper as 1 200 mm met die Clovelly- en Huttonvorm die algemeenste grondvorms (Landtipe-opnameperoneel 1984a). Die grondtekstuur is oorwegend fynsand en mediumsand (Landtipe-opnameperoneel 1984a). Alhoewel klippe volop voorkom, is die gronde wel ploegbaar met geen meganiese beperkings nie. Die gronddiepte van relevès 89, 92, 93 en 96 varieer van 300 mm tot dieper as 1 200 mm.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is spesies van spesiegroep 15 (Tabel 11) met *Ledebouria graminifolia*, *Anthospermum rigidum*, *Solanum tomentosum* en *Commelina erecta* die opvallendste diagnostiese spesies. Ander prominente spesies wat ook op die Ghaapplato aangetref word, maar nie diagnosties aan hierdie assosiasie is nie, sluit spesies van spesiegroep 18 (Tabel 11) in. Hierdie spesies word by assosiasie 3.2.2.3 en 3.2.2.4., wat die grootste deel van die Ghaapplato uitmaak, aangetref met *Lippia scaberrima*, *Aloe grandidentata*, *Aptosimum procumbens* en *Heliotropium ciliatum* baie opvallend. Die bome en struik het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 8 % en 14 % (Bylae 3k) met *Acacia tortilis* (spesiegroep 25, Tabel 9), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 27, Tabel 11), *Rhus lancea*, *Ehretia rigida* en *Lycium cinereum* (spesiegroep 28, Tabel 11), *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* (spesiegroep 29, Tabel 11) baie prominent. Die gemiddelde kroonbedekking van die gras- en kruidstratum is onderskeidelik 20 % en 8 % (Bylae 3k). Dominante grasse en kruide van hierdie assosiasie is *Schmidtia pappaphoroides* (spesiegroep 18, Tabel 11), *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* en *Aristida diffusa* subsp. *burkei* (spesiegroep 27, Tabel 11), *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Sporobolus fimbriatus* (spesiegroep 29, Tabel 11), *Aloe grandidentata* en *Lippia scaberrima* (spesiegroep 18, Tabel 11), *Geigeria filifolia* (spesiegroep 25, Tabel 11), *Hibiscus pusillus* en *Lantana rugosa* (spesiegroep 26, Tabel 11) en *Leucas capensis* (spesiegroep 28, Tabel 11). Ander spesies wat algemeen aangetref word is spesies van spesiegroepe 16, 18, 19, 23, 24, 25, 26, 27, 28 en 29 (Tabel 11). Alle ander spesies is grootliks afwesig. Hierdie assosiasie het gemiddeld 43 spesies per relevè (Bylae 3k). Hierdie assosiasie word van assosiasie 3.2.2.3 onderskei weens die teenwoordigheid van spesiegroep 15 en 18 (Tabel 11) en die afwesigheid van spesiegroep 14 (Tabel 11). Spesies van spesiegroepe 16, 18, 19 en 23 tot 29 (Tabel 11) kom by

albei hierdie assosiasie voor.

Assosiasie 3.2.2.4. *Dicoma capensis* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Hierdie assosiasie is ook beperk tot die Ghaapplato en word in karteringseenheid 21 (Figuur 17) aangetref. Die *Dicoma capensis* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld word vanaf Reivilo noordwaarts op die noordelike gedeelte van die Ghaapplato op dolomiet en kalksteen aangetref (karteringseenheid 21 Figuur 17). Relevés 740 en 742 word egter nie op die Ghaapplato aangetref nie maar kom op dolomiet in die Vryburg-omgewing voor. Topografies kom hierdie assosiasie op die kruine van die noordelike gedeelte van die Ghaapplato voor en is betreklik gelykliggend tot golwend. Relevés 720, 721 en 740 is nie-standhoudende rivierlope. Die helling, hellingsvorm en hellingslengte stem ooreen met dié van assosiasie 3.2.2.3. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 210 m (relevé 742) tot 1 429 m (relevés 722), met 'n gemiddelde hoogte van 1 357 m (Bylae 3l).

Hierdie assosiasie bestaan geologies, net soos assosiasie 3.2.2.3, uit oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom, fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen met prominente tussengelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Hierdie assosiasie word hoofsaaklik op dolomiet (81.3 %) aangetref terwyl kalksteen by 87.5 % van die relevés aanwesig is (Bylae 3l).

Ongeveer 87.5 % van hierdie assosiasie word op terreintipe 4 van landtipe Fc4 aangetref. Die grondvorms, grondtekstuur en gronddiepte van dié assosiasie stem ooreen met dié van assosiasie 3.2.2.1.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is spesies van spesiegroep 17 (Tabel 11) met *Dicoma capensis*, *Barleria macrostegia*, *Indigofera heterotricha*, *Opuntia stricta* en *Cadaba aphylla* die opvallendste diagnostiese spesies. Ander spesies van hierdie assosiasie wat ook op die Ghaapplato aangetref word, maar nie diagnosties aan hierdie assosiasie is nie, is spesies van spesiegroep 18 (Tabel 11) met *Lippia scaberrima*, *Aloe grandidentata*, *Aptosimum procumbens* en *Heliotropium ciliatum* baie prominent. Hierdie spesies word ook by assosiasie 3.2.2.3 aangetref. Die bome en struie het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 10 % en 12 % (By-

lae 3l) met *Acacia tortilis* (spesiegroep 25, Tabel 9), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 27, Tabel 11), *Ehretia rigida* en *Lycium cinereum* (spesiegroep 28, Tabel 11), *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava* en *Acacia karroo* (spesiegroep 29, Tabel 11) baie prominent. *Acacia mellifera* (spesiegroep 24, Tabel 11) word selde in hierdie assosiasie aangetref. Die gemiddelde kroonbedekkings van die gras- en kruidstratum is onderskeidelik 18 % en 6 % (Bylae 3l). Dominante grasse en kruiide van hierdie assosiasie is *Schmidtia pappaphoroides* (spesiegroep 18, Tabel 11), *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 19, Tabel 11), *Eragrostis rigidior* (spesiegroep 23, Tabel 11), *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* en *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 27, Tabel 11), *Cymbopogon plurinoides* en *Tragus racemosus* (spesiegroep 28, Tabel 11), *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Sporobolus fimbriatus* (spesiegroep 29, Tabel 11), *Aloe grandidentata*, *Lippia scaberrima* en *Aptosimum procumbens* (spesiegroep 18, Tabel 11) en *Pentzia viridis* (spesiegroep 29, Tabel 11). Ander spesies wat algemeen aangetref word, is spesies van spesiegroepe 18, 19 en 22 tot 29 (Tabel 11). Alle ander spesies is grootliks afwesig. Hierdie assosiasie het gemiddeld 43 spesies per relevè (Bylae 3l).

Assosiasie 3.2.2.5: *Tarchonanthus camphoratus* - *Boscia albitrunca* yl boomveld

Hierdie assosiasie kom as lokale kolle, verspreid in die studiegebied voor en is nie as 'n eenheid karteerbaar nie.

Aangesien hierdie assosiasie op sewe verskillende landtipes aangetref word, sal slegs die ooreenstemmende geologiese gesteentes kortliks genoem word. Andesitiese tot basaltiese lawa van Supergroep Ventersdorp, wat soms met kalkreet bedek is (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c), word by hierdie assosiasie aangetref. Kalksteen en andesiet word onderskeidelik by 40 % en 50 % van die relevés aangetref (Bylae 3m), terwyl 30 % van die relevés op Kalaharisand voorkom. Hierdie assosiasie verskil dus geologies van die ander assosiasie van hierdie alliansie weens die teenwoordigheid van andesiet (Bylae 3m).

Hierdie assosiasie word oorwegend op landtipes Ae36 (30 % van die relevés) en Fc4 (20 % van die relevés) aangetref. Ander landtipes wat elk 10 % van die assosiasie uitmaak is landtipes Ah31, Ah6, Bc16, Ae8 en Ag10. Die gronde van dié assosiasie verskil van landtipe tot landtipe en die oorheersende grondvorme wat hier aangetref word, is die Hutton- en Mispahvorm met dieptes

van onderskeidelik 200 - 1 200 mm en 100 - 300 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Ander grondvorms wat ook van belang is sluit die Clovelly-, Glenrosa- en Rensburgvorms in (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c).

Hierdie assosiasie word deur spesiegroep 20 (Tabel 11) gedifferensieer. Die opvallendste diagnostiese boom- en grasspesies van dié assosiasie is *Boscia albitrunca* en *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 20, Tabel 11), terwyl *Evolvulus alsinoides*, *Portulaca oleracea* en *Peliostomum leucorrhizum* (spesiegroep 20, Tabel 11) die dominante diagnostiese kruidspesies is. Ander opvallende bome en struik van hierdie assosiasie is *Acacia mellifera* (spesiegroep 24, Tabel 11), *Acacia tortilis* (spesiegroep 25, Tabel 11), *Ehretia rigida* en *Lycium cinereum* (spesiegroep 28, Tabel 11), *Tarchonanthus camphoratus*, *Ziziphus mucronata* en *Grewia flava* (spesiegroep 29, Tabel 11). Die boom- en struikstratum het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 8 % en 16 % (Bylae 3m). Die grasstratum is redelik goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 30 % (Bylae 3m) met *Enneapogon desvauxii* (spesiegroep 9, Tabel 11), *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 24, Tabel 11), *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* en *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 27, Tabel 11) en *Eragrostis echinocloidea* (spesiegroep 28, Tabel 11) die opvallendste grasspesies. Die kruidstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 11 % (Bylae 3m). Opvallende kruide is *Geigeria filifolia* (spesiegroep 25, Tabel 11), *Kyphocarpa angustifolia* (spesiegroep 27, Tabel 11) en *Pentzia viridis* (spesiegroep 29, Tabel 11). Spesies van spesiegroeppe 10 en 22 tot 29 (Tabel 11) is deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. Hierdie assosiasie het gemiddeld 45 spesies per relevé (Bylae 3m.).

Assosiasie 3.2.2.6: *Pentzia incana* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) kan dié assosiasie as 'n geslote struikveld beskou word. Hierdie assosiasie kom op klipperige vlaktes en koppies van landtipe Ag10 in die Vryburg-Taung-Amalia omgewing voor. Die assosiasie word vanaf Vryburg, suidwaarts tot by Taung, vanaf Taung ooswaarts tot by Amalia en vanaf Amalia noordwes- en weswaarts tot by Vryburg aangetref (karteringseenheid 21 Figuur 17). Die klipbedekking varieer van 5 - 15 % (Bylae 3n). Tussen 50 - 80 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 90 - 150 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a;

1986c). Topografies bestaan die gebied uit plat vlaktes met konkawe klipkoppies, waarvan die middelhange konveks is met 'n helling van 12 - 40 %. Die hellingslengte vir die vlaktes (terreineenheid 4), kruine (terreineenheid 1) en middelhange (terreineenheid 3) varieer onderskeidelik van 200 - 1 000 m, 50 - 300 m en 100 - 700 m (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 123 m (relevé 1 030) tot 1 503 m (relevé 668) en die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 251 m (Bylae 3n).

Geologies bestaan die gebied uit andesitiese tot basaltiese lawa van Supergroep Ventersdorp wat soms met kalkreet bedek is (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Die oorheersende geologiese ooreenkoms van hierdie assosiasie is dolomiet (Bylae 3n). Dolomiet is litologies van belang en word by 85.7 % van die relevés aangetref (Bylae 3n).

Dié assosiasie kom, met die uitsondering van relevés 1 039 en 668, op landtipe Ag10 voor. Die dominante grondvorme van terreineenhede 1 en 3 van hierdie assosiasie is die Mispah- en Glenrosavorm met dieptes van 100 - 250 mm en 100 - 300 mm respektiewelik, terwyl die Huttonvorm met 'n diepte van 300 - 600 mm terreineenheid 4 domineer (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Die grondtekstuur varieer vanaf leem-fynsand tot fynsand-kleileem en vanaf fynsand-leem tot fynsand-kleileem (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Die klei-inhoud van die A- en B-horison varieer van 8 - 25 % en 13 - 45 % respektiewelik (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c).

Die diagnostiese spesies van die *Pentzia incana* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld word in spesiegroep 21 (Tabel 11) saamgevat. *Pentzia incana*, *Aptosimum marlothii* en *Achyranthes aspera* (spesiegroep 21, Tabel 11) is die opvallendste diagnostiese spesies. Die opvallendste houtagtige spesies wat hier aangetref word, is *Acacia mellifera* (spesiegroep 24, Tabel 11), *Acacia tortilis* (spesiegroep 25, Tabel 11), *Asparagus africanus* en *Lycium cinereum* (spesiegroep 28, Tabel 11) en *Tarchonanthus camphoratus* (spesiegroep 29, Tabel 11). Die boom- en struiklaag is redelik ontwikkel en het gemiddelde kroonbedekkings van 18 % en 22 % (Bylae 3n). Prominente grasse en kruide van hierdie assosiasie is *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 24, Tabel 11), *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* (spesiegroep 27, Tabel 11), *Eragrostis lehmanniana* en *Aristida adscensionis* (spesiegroep 29, Tabel 11), *Pentzia incana* (spesiegroep 21, Tabel 11), *Kyphocarpa angustifolia* (spesiegroep 27, Tabel 11) en *Pentzia viridis* (spesie-

groep 29, Tabel 11). Die graslaag is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 24 % (Bylae 3n). 'n Gemiddeld van 47 (Bylae 3n) spesies per relevé is in hierdie assosiasie gevind.

5.5. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe op klipkoppies, die Kurumanheuwels, die Asbesberge en die Korannaberger (Tabel 12; karteringseenhede 22 - 24 Figuur 17)

Hierargiese klassifikasie van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld

Klas 4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld

Orde 4.1: *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Alliansie 4.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld (nie karteerbaar nie en kom verspreid in die studiegebied voor)

Assosiasie 4.1.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia robusta* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon desvauxii* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.5: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.6: *Tarchonanthus camphoratus* - *Solanum tomentosum* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.7: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld (**Typicum**)

Alliansie 4.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida meridionalis* geslote struikveld (nie karteerbaar nie en kom verspreid in die studiegebied voor)

Assosiasie 4.1.2.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum*

groep 29, Tabel 11). Die graslaag is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 24 % (Bylae 3n). 'n Gemiddeld van 47 (Bylae 3n) spesies per relevé is in hierdie assosiasie gevind.

5.5. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe op klipkoppies, die Kurumanheuwels, die Asbesberge en die Korannaberge (Tabel 12; karteringseenhede 22 - 24 Figuur 17)

Hierargiese klassifikasie van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld

Klas 4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld

Orde 4.1: *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Alliansie 4.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld (nie karteerbaar nie en kom verspreid in die studiegebied voor)

Assosiasie 4.1.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia robusta* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon desvauxii* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.5: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.6: *Tarchonanthus camphoratus* - *Solanum tomentosum* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.1.7: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld (**Typicum**)

Alliansie 4.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida meridionalis* geslote struikveld (nie karteerbaar nie en kom verspreid in die studiegebied voor)

Assosiasie 4.1.2.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum*

geslote struikveld

Assosiasie 4.1.2.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Blepharis marginata* geslote struikveld

Alliansie 4.1.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld (karteringseenheid 22 Figuur 17)

Assosiasie 4.1.3.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Elephanthoriza elephantina* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.3.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Panicum stapfianum* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.3.3: *Rhus tridactyla* - *Themeda triandra* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.3.4: *Euclea crispa* - *Andropogon chinensis* geslote struikveld

Assosiasie 4.1.3.5: *Euclea crispa* - *Rhus tridactyla* geslote struikveld

Orde 4.2: *Croton gratissimus* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Alliansie/Assosiasie 4.2.1: *Croton gratissimus* - *Eragrostis chloromelas* geslote struikveld

Alliansie 4.2.2: *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* geslote struikveld (karteringseenheid 23 Figuur 17)

Assosiasie 4.2.2.1: *Croton gratissimus* - *Maytenus undulata* geslote struikveld

Assosiasie 4.2.2.2: *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* geslote struikveld

Alliansie/assosiaie 4.2.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Eriocephalus eriocoides* geslote struikveld

Alliansie 4.2.4: *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld (karteringseenheid 24 Figuur 17)

Assosiasie 4.2.3.1: *Croton gratissimus* - *Pellaea calomelanos* geslote struikveld

Assosiasie 4.2.3.2: *Croton gratissimus* - *Lophiocarpus polystachyus* geslote struikveld

Klas 4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld

Hierdie plantegroeitipe, insluitend al bogenoemde assosiasies, word hoofsaaklik op die klipkoppies en heuwels in die studiegebied (alliansies 4.1.1. en 4.1.2), die Kurumanheuwels (alliansie 4.1.3.), die Langeberge (alliansie 4.2.1 en 4.2.1) en die Korannaberge (alliansie 4.2.3.) aangetref. Die klipkoppies en heuwels kom verspreid in die studiegebied voor. Die gemiddelde klipbedekking varieer van 15.54 % tot 58.43 % (Bylae 4). Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld kom by die hoogste hoogtes bo seespieël in die studiegebied voor. Die gemiddelde hoogte bo seespieël tussen die verskillende assosiasies varieer van 1 192 m (assosiasie 4.1.1.2.) tot 1 628 m (assosiasie 4.1.1.5) (Bylae 4). Die gemiddelde hoogte bo seespieël van dié plantegroeitipe is 1 408 m. Relevé 858, met 'n hoogte van 1 752 m bo seespieël, is die hoogste relevé in die totale studiegebied. Die landskap is oor die algemeen golwend en wissel van konkaf tot konveks. Die grootste gedeelte van die assosiasie bestaan hoofsaaklik uit terreintipes 1 (kruine), 3 (middelhange) en voethellings is (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Twee ordes, sewe alliansies en 20 assosiasie maak deel uit van hierdie plantegroeitipe. Die onderskeie ordes, alliansies en assosiasies verskil ten opsigte van geologie, landtipes, grond en floristiese samestelling. Hierdie verskille sal by die besprekings van die onderskeie ordes en alliansies uitgelig word.

Hierdie plantegroeitipe word deur spesiegroep 40 gekenmerk (Tabel 12). Hierdie groep sluit alle spesies in wat in meer as 20 % van die relevès voorkom. Die algemeenste houtagtige spesies is *Tarchonanthus camphoratus*, *Ehretia rigida*, *Grewia flava*, *Rhus burchellii*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die opvallendste grasspesies is hoofsaaklik *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus*, *Melinis repens* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Prominente kruide is *Phyllanthus angolensis*, *Leucas capensis*, *Lantana rugosa* en *Evolvulus alsinoides* (spesiegroep 40, Tabel 12).

Die algemene teenwoordigheid van *Digitaria eriantha*, onder natuurlike toestande, is 'n goeie indikator van goeie veldtoestand (Van Oudthoorn 1992). Die algemene voorkoms van afnemers soos *Eragrostis lehmanniana* en *Digitaria eriantha* toon dat hierdie plantegroeitipe 'n goeie weidingswaarde het en dat bestuurspraktyke redelik suksesvol toegepas word. Die algemene voorkoms van *Grewia flava* bied addisionele weiding tydens ongunstige seisoene.

Orde 4.1: *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld

Hierdie geslote struikveld word op die hoërliggende heuwels en klipkoppies, asook op die Kurumanheuwels, op vlak gronde aangetref. Hierdie koppies en heuwels word lokaal binne die studiegebied aangetref. Die Kurumanheuwels maak ongeveer die helfte van hierdie orde uit. Vanweë die lokale voorkoms van hierdie klipkoppies en heuwels is hierdie orde nie as 'n geheel karteerbaar nie en word verskeie van die opvolgende assosiasies lokaal binne ander karterings-eenhede aangetref. Die Kurumanheuwels is egter as 'n geheel karteerbaar (karteringseenheid 22, Figuur 17). Die ligging van assosiasies van hierdie orde sal met die bespreking van die onderlinge assosiasies aangedui word. Die hoogte bo seespieël varieer, met die uitsondering van relevés 449, 450 en 470 (1 100 m), van 1 160 m (relevé 463) tot 1 752 m (relevé 858) (Bylae 4).

Die verspreide klipkoppies varieer geologies. Hierdie klipkoppies bestaan geologies eerstens uit oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom met fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitese kalksteen. Tussengelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen is ook prominent. Rooi tot vleeskleurige waaisand kom teen die voethellings en as dagsome op van hierdie heuwels en koppies voor. Andesitiese tot basaltiese lawa wat soms met kalkkreet bedek is, tesame met kwartsiet en dwykatilliet, kom plek-plek voor, maar is minder belangrik. Litologies is ystersteen, sand, kalksteen, dolomiet en doleriet die belangrikste gesteentes (Bylaag 4). Op sy beurt bestaan die Kurumanheuwels litologies uit geelbruin gestreepte of massiewe jaspiliet met krokidoliet; gestreepte ystersteen met ondergeskikte amfiboliet, krokidoliet en blinkklipbreksie plek-plek aan die basis en bruin jaspiliet en chert aan die bokant (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die Kurumanheuwels bestaan litologies uit die ysterformasie (Bylae 4).

Hierdie orde word oorwegend op landtipe Ib (47.5 % van die relevés) aangetref. Die klipkoppies en heuwels kom oorwegend op landtipes Ae (30.5 % van die relevés), Fc (9 % van die relevés) en Ag (5.7 % van die relevés) voor. Die dominante grondvorme van terreineenhede 1 (kruin) en 3 (middelhang) is oorwegend die Mispah- (100 - 300 mm diep) en Huttonvorm (250 - 450 mm diep). Die Glenrosavorm (100 - 300 mm diep) is ook prominent (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Rots maak, afhangende van die landtipe waarop dit voorkom, onderskeidelik 75 - 85 % van landtipe Ib, 80 % van landtipe Fc, 95 % van landtipe Ae₉, 15 - 25 % van landtipe Ae₂ en 30 - 50 % van landtipe Ag uit (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Drie alliansies en 14 assosiasies vorm deel van die *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld. Hierdie geslote struikveld word deur spesiegroep 26 gekenmerk (Tabel 12). Die opvallendste diagnostiese spesies is *Rhus tridactyla*, *Kyphocarpa angustifolia* en *Chascanum hederaceum* subsp. *hederaceum* (spesiegroep 26, Tabel 12). Benewens die opvallende spesies van spesiegroep 40, is spesies van spesiegroep 32 (Tabel 12), met *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis*, *Pogonarthria squarossa* en *Tephrosia purpurea* subsp. *purpurea* prominent.

Alliansie 4.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld

Hierdie geslote struikveld word hoofsaaklik op verspreide koppies en heuwels binne die studiegebied aangetref. Hierdie koppies word in die Vryburg-, Amalia-, Schweizer-Reneke-, Warrenton-, Christiana- en Jan Kempdorp-omgewings (assosiasie 4.1.1.1), die Pomfret-omgewing (assosiasie 4.1.1.2), in die Spitskop-, Boetsap-, Kimberley-, Barkley Wes-, Koopmansfontein- en Daniëlskuil-omgewings (assosiasie 4.1.1.3), noord van Daniëlskuil (assosiasie 4.1.1.4) en in die Kuruman-, Daniëlskuil-, Kathu- en Koopmansfontein-omgewings (assosiasies 4.1.1.5 en 4.1.1.6) aangetref en is nie afsonderlik karteerbaar nie. Hierdie assosiasies word binne karteringseenhede 6 tot 21 (Figuur 17) aangetref. Hierdie verskillende karteringseenhede sal met die bespreking van die onderskeie assosiasies van dié alliansie behandel word. Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld word op konkawe, klipperige koppies en heuwels, op terreineenhede 1 en 3 aangetref. Die onderskeie assosiasies van hierdie alliansie verskil ten opsigte van helling, hellingslengte, en lokale reliëf. Die hellingsvorm is oor die algemeen konkaf (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 100 m (relevés 449, 450 en 470) tot 1 641 m (relevé 855), met 'n gemiddelde hoogte van 1 348 m bo seespieël (Bylae 4).

Geologies varieer hierdie alliansie van rooi waaisand met oppervlakkalksteen van Tersiêre tot Resente ouderdom (Landtipe-opnamepersoneel 1986c) tot fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Geelbruin gestreepte of massiewe jaspiliet met krokidoliet; gestreepte ystersteen met ondergeskikte amfiboliet, krokidoliet en blink-klipbreksie kom oor die algemeen op landtipe Ib voor (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Hierdie alliansie word hoofsaaklik op die klipkoppies en heuwels van landtipes Ae, Ib en Fc aan-

getref. Die dominante grondvorms is hoofsaaklik die Mispah- en Huttonvorm. Die Huttonvorm is oor die algemeen baie vlakker as al voorgenoemde klasse, ordes, alliansies en assosiasies. Die gronddiepte varieer van 100 tot 300 mm vir die Mispahvorm en van tot 250 tot 450 mm vir die Huttonvorm. Die Clovellyvorm met 'n diepte van 100 tot 300 mm kom plek-plek voor. Weens die groot persentasie rots wat in die landskap teenwoordig is, is die gronde nie ploegbaar nie (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Die diagnostiese spesies van hierdie alliansie word saamgevat in spesiegroep 9 (Tabel 12), met *Enneapogon scoparius*, *Melhania rehmannii*, *Aristida adscensionis*, *Enneapogon cenchroides*, *Acacia karroo* en *Phyllanthus maderaspatensis* die opvallendste diagnostiese spesies. Ander prominente spesies is *Rhus tridactyla* en *Kyphocarpa angustifolia* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis* en *Pogonarthria squarrosa* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Acacia mellifera* subsp. *detinens*, *Digitaria eriantha*, *Leucas capensis*, *Evolvulus alsinoides* en *Kleinia longiflora* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 19, 26, 32 en 40 (Tabel 12) word algemeen in hierdie alliansie aangetref. Ses assosiasies word in hierdie alliansie onderskei.

Assosiasie 4.1.1.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia robusta* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word hoofsaaklik as lokale klipkoppies in die Amalia- (bv. Abelskop), Warrenton- (Aalwynskop - suid tot suidoos van Warrenton), Jan Kempdorp- en Schweizer-Reneke-omgewings aangetref en is nie as 'n eenheid karteerbaar nie. Relevés 90, 91 en 95 word as lokale kolle op die heuwels in die *Diospyros lycioides* - *Acacia mellifera* oop struikveld (alliansie 1.3.2.) aangetref. Relevé 587 word as 'n lokale kol binne die *Urochloa panicoides* - *Acacia luederitzii* oop struikveld (assosiasie 1.3.1.2.), noordoos van Witsand, aangetref, terwyl relevé 144 suidwes van Morokweng, in die *Acacia mellifera* - *Hermania affinis* oop boomveld (assosiasie 1.3.1.1), aangetref word. Relevés 178, 271 en 802 word onderskeidelik noordwes, noordoos en oos van Kathu aangetref en word saam met die *Acacia erioloba* - *Acacia mellifera* oop struikveld (alliansie 2.1.2.; karteringseenheid 12 Figuur 17) gekarteer. Die helling is oor die algemeen konkaaf tot plat. Ongeveer 50 tot meer as 80 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 30 - 150 m vanaf die laagste tot die hoogste punt. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 200 m (relevés 349) tot 1 368 m (relevé 332), met 'n

gemiddelde hoogte van 1 277 m (Bylae 4a).

Geologies bestaan die gebied uit andesitiese tot basaltiese lawa van Supergroep Ventersdorp. Kalkkreet is ook prominent. Litologies bestaan die gebied uit doleriet en chert (Bylae 4a). Ongeveer 30 tot 50 % van terreineenhede 1 en 3 bestaan uit rots. Die gemiddelde geskatte klipbedekking is 44.6 % (Bylae 4a).

Hierdie assosiasie word op die klipkoppies en rantjies van landtipes Ae36 en Ag10 aangetref. Die dominante grondvorms is die Mispah- en Glenrosavorm met dieptes van 100 tot 300 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur varieer van leem-fynsand tot fynsand-leemklei terwyl die klei-inhoud tussen 8 en 25 % varieer (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Vanweë die hoë klipbedekking is die gronde nie ploegbaar nie.

Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie word in spesiegroep 1 (Tabel 12) saamgevat, met *Acacia robusta*, *Schkuhria pinnata* en *Aptosimum procumbens* die dominantste diagnostiese spesies. Die dominante bome en struik van dié assosiasie is *Acacia robusta* (spesiegroep 1, Tabel 12) (Figuur 45), *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* (spesiegroep 4, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Ehretia rigida*, *Grewia flava* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). Individuele *Acacia caffra* bome kom sporadies, veral in die Stella-Setlagole-omgewing, voor. Die boom- en struikstratum het gemiddelde kroonbedekkings van 10 % en 23 % (Bylae 4a). Die gras- en kruidstratum is redelik ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 29 % en 16 % (Bylae 4a). Dominante grasspesies is *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Sporobolus fimbriatus*, *Aristida congesta* subsp. *congesta*, (spesiegroep 32, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus*, *Melinis repens* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 10). *Chascanum hederaceum* subsp. *hederaceum* (spesiegroep 26, Tabel 12) en *Evolvulus alsinoides* (spesiegroep 40, Tabel 12) is die dominantste kruid. Hierdie assosiasie word van assosiasies 4.1.1.2. onderskei weens die teenwoordigheid van spesiegroep 1 en die afwesigheid van spesiegroep 2 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 4, 8, 9, 19, 26, 32 en 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. 'n Gemiddeld van 45 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref.



Figuur 45 *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia robusta* geslote struikveld in die Warrenton-omgewing



Figuur 46 *Acacia caffra* wat plek-plek in die *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia robusta* geslote struikveld aangetref word

Assosiasie 4.1.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word in die Pomfretomgewing op landtipe Ib aangetref en verskil floristies van die ander assosiasie wat op dié landtipe aangetref word. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die rooi, Kalaharisandbedekking wat oor die klippe neergelê is. Die landskap is oor die algemeen golwend. Relevé 90 en 91 word op Spitskop aangetref, terwyl relevé 95 op Jakkalskop aangetref word. Albei hierdie koppies kom in die Pomfret-omgewing voor. Hierdie assosiasie word op klipperige koppies, met 'n hoë sandbedekking aangetref. Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld is nie afsonderlik karteerbaar nie en word saam met die *Tarchonanthus camphoratus* - *Rhus tridactyla* - *Diheteropogon amplexans* struikveld (karteringseenheid 22, Figuur 17) gekarteer. Die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 %. Die hellingslengte varieer van 300 tot 2 000 m. Die hoogte bo seespieël wissel van 1 187 m tot 1 198 m met 'n gemiddelde hoogte van 1 192 m (Bylae 4b).

Geologies bestaan die assosiasie uit geelbruin gestreepte of massiewe jaspiliet met krokidoliet; gestreepte ystersteen met ondergeskikte amfiboliet, krokidoliet en blinklipbreksie (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Rooi Kalaharisand is egter in groot hoeveelhede neergelê. Litologies is gestreepte ystersteen van die Yster Formasie prominent.

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld kom op landtipe Ib voor. Die dominante grondvorm is die Huttonvorm. Die gronddiepte varieer onderskeidelik van 50 tot 300 mm op die kruine en van 300 tot 1 200 mm op die middelhange (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Ongeveer 85 % van die kruine en 75 % van die middelhange bestaan uit rots (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur bestaan uit fyn- en mediumsand en het 'n klei-inhoud van 2 - 6 % vir die A-horison en 4 -10 % vir die B-horison (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Die assosiasie word deur spesiegroep 2 (Tabel 12) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies van die gemeenskap is *Dichrostachys cinerea*, *Otoptera burchellii* en *Ptycholibium biflorum* (spesiegroep 2, Tabel 12). Hierdie assosiasie word van assosiasies 4.1.1.1. en 4.1.1.3. onderskei weens die teenwoordigheid van spesiegroep 2 en die afwesigheid van spesiegroepe 1 en 3, sowel as die afwesigheid van *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* en *Hibiscus marlothianus* (spesiegroep 4,

Tabel 12). Die dominante bome en struik is *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Boscia albitrunca* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Grewia flava* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Tarchonanthus camphoratus* word slegs by relevé 91 aangetref. Die bome en struik het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 5 % en 17 % (Bylae 4b). Dominante gras- en kruidspesies is *Enneapogon cenchroides* en *Tragus racemosus* (spesiegroep 8, Tabel 12), *Melinis repens* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12), *Heliotropium steudneri* (spesiegroep 4, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Tephrosia purpurea* subsp. *purpurea* (spesiegroep 32, Tabel 12) en *Phyllanthus angolensis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die gras- en kruidstratum het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 19 % en 6 % (Bylae 4b). Enkele spesies van spesiegroepe 4, 8, 25, 32 en 40 (Tabel 12) vorm 'n geringe bydrae tot die floristiese samestelling van die assosiasie. 'n Gemiddeld van 37 spesies per relevé is in hierdie assosiasie aangetref.

Assosiasie 4.1.1.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon desvauxii* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon desvauxii* geslote struikveld word op koppies, heuwels en bulte met vlak, klippegronde aangetref. Oppervlakkalksteen kom sporadies voor. Hierdie assosiasie word as lokale eenhede wes van Spitskop (in die Boetsap-omgewing) (relevés 449 en 450), suid van Boetsap (relevés 451, 452, 453, 454 en 463), noord-noordwes van Barkley Wes (relevé 470), noord-noordwes van Koopmansfontein (473), noordoos van Kimberley, in die Kimberley-Boshoff-omgewing (relevé 480, 482 en 483), wes van Daniëlskuil (relevé 635), op die Ghaapplato (relevé 714 en 716), oos van Pudimo (relevé 1 031) en oos van Kuruman (relevé 1041 en 1 043) aangetref. Relevé 1 041 is 'n nie-standhoudende rivierwal, terwyl relevé 1 043 'n vloedvlakte is. Hierdie assosiasie is nie afsonderlik karteerbaar nie en word binne karterings-eenhede 12, 16, 19, 21 en 22 (Figuur 17) aangetref. Topografies bestaan die gebied uit die kruine, skouers en middelhange van die klipkoppies en heuwels waarop dit aangetref word. Ongeveer 50 % tot meer as 80 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 30 - 150 m vanaf die laagste tot die hoogste punt. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 100 m (relevés 449, 450 en 470) tot 1 385 m (relevé 1 041) met 'n gemiddelde hoogte van 1 248 m (Bylae 4c).

Die assosiasie verskil geologies van assosiasie 4.1.1.2. Geologies bestaan die assosiasie uit Tersiere tot Resente afsettings van oppervlakkalksteen en rooi tot vleeskleurige waaisand. Fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen met prominente tussengelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen kom ook voor (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Litologies word Kalaharisand by 77.8 % van die relevés aangetref. Enkele voorkomste van amandelhoudende andesitiese lawa (Landtipe-opnamepersoneel 1986c) kom ook voor.

Hierdie assosiasie word oorwegend op landtipes Fc (44 % van die relevés), Ae (22.2 % van die relevés) en Ai (11.1 % van die relevés) aangetref. Die grond is baie vlak en kom op rots voor. Die dominante grondvorme op die kruine en middelhange is die Mispah- en Huttonvorm met dieptes van 100 tot 250 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die Glenrosa-, Shortlands- en Glenrosavorm word plek-plek aangetref maar is minder belangrik.

Die diagnostiese spesies van dié assosiasie word saamgevat in spesiegroep 3 (Tabel 12) met *Enneapogon desvauxii*, *Eragrostis echinochloidea* en *Geigeria filifolia* (spesiegroep 3, Tabel 12) die dominante diagnostiese spesies. Die assosiasie verskil floristies van assosiasies 4.1.1.1. en 4.1.1.2. weens die teenwoordigheid van spesiegroep 3 en die afwesigheid van spesiegroepe 1 en 2 respektiewelik. Die boomstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 9 % (Bylae 4c). Die struikstratum is beter ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 20 % (Bylae 4c). Die dominante boom- en struikspesies is *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* (spesiegroep 4, Tabel 12), *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Maytenus heterophylla* (spesiegroep 18, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Rhus burchellii*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 21 % (Bylae 4c). Die dominante grasse is *Enneapogon desvauxii* (spesiegroep 3, Tabel 12), *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Cymbopogon plurinodis* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die kruidstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 9 % (Bylae 4c). Die dominante kruid van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon desvauxii* geslote struikveld is *Melhania rehmannii* en *Phyllanthus maderaspatensis* (spesiegroep 8, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12),

Kyphocarpa angustifolia (spesiegroep 26, Tabel 12), *Barleria rigida* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Leucas capensis* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 4, 7, 8, 14, 18, 19, 25, 26, 32, 39 en 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. 'n Gemiddeld van 40 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref (Bylae 4c).

Assosiasie 4.1.1.4: *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld kom op afsonderlike heuwels noord van Daniëlskuil voor. Hierdie relevés kom op die suidfrontglooiings voor en is nie as 'n eenheid karteerbaar nie, maar word saam met karteringseenheid 22 (Figuur 17) gekarteer. Topografies bestaan die assosiasie uit middelhange en kruine van die konkawe heuwels wat afsonderlik deel uitmaak van die Kurumanheuwels. Minder as 20 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 300 m tot 900 m vanaf die laagste- tot die hoogste punt binne die landskap. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 619 m tot 1 641 m met 'n gemiddelde hoogte van 1 628 m (Bylae 4d).

Geologies stem die gebied ooreen met die *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld (assosiasie 4.1.1.2., Tabel 12).

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld kom op landtipe Ib voor. Die dominante grondvorm, gronddiepte, persentasie rotsbedekking, grondtekstuur en klei-inhoud stem ooreen met dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Dichrostachys cinerea* geslote struikveld (assosiasie 4.1.1.2.)

Hierdie assosiasie verskil floristies van assosiasies 4.1.1.1., 4.1.1.2. en 4.1.1.3. weens die afwesigheid van spesiegroepe 1, 2, 3 en 4 (Tabel 12) en die aanwesigheid van spesiegroep 5 (Tabel 12). *Acacia tortilis* subsp. *heteracantha* (spesiegroep 4, Tabel 12), *Maytenus heterophylla* (spesiegroep 18, Tabel 12), *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Grewia flava* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12) is afwesig. Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Stipagrostis ciliata* geslote struikveld word gekenmerk deur spesies van spesiegroep 5 (Tabel 12) met *Stipagrostis ciliata*, *Ledebouria spesies*, *Cyperus margaritaceus* en *Indigofera melandena* die dominante diagnostiese spesies. Die boomstratum is swak ontwikkel en het 'n

gemiddelde kroonbedekking van 3 % (Bylae 4d). *Boscia albitrunca* (spesiegroep 36, Tabel 12) is die enigste boomspezie wat hier voorkom. Die struikstratum is baie goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 38 % (Bylae 4d). Dominante struik van die assosiasie is, *Cadaba aphylla* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhigozum obovatum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Rhus burchellii* en *Tarchonanthus camphoratus* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 18 % (Bylae 4d). Die dominante grasse is *Tragus koelerioides* (spesiegroep 18, Tabel 12), *Triraphis andropogonoides* en *Trichoneura grandiglumis* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Eustachus paspaloides* (spesiegroep 22, Tabel 12), *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Cymbopogon plurinodis* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Melinis repens* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die kruidstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 24 % (Bylae 4d). Die dominante kruid van die assosiasie is *Pentzia quinquefida* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Geigeria ornativa* en *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Ornithoglossum viride* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Leucas capensis*, *Lantana rugosa*, *Evolvulus alsinoides* en *Sida dregei* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 8, 9, 14, 18, 19, 22, 24, 25, 26, 32, 38, 39 en 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Die assosiasie het die grootste gemiddelde aantal spesies per relevè, naamlik 62.

Assosiasie 4.1.1.5: *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld word op baie klipperige koppies en heuwels met sanderige gronde aangetref. Hierdie relevés word op heuwels suid van Kathu (relevés 181 en 183), wes (relevés 250, 252, 253, 564, 771, 777, 782, 790 en 798), suid-suidwes (relevés 268 en 277), suid-suidoos (relevés 489 en 490) en oos (relevé 501 en 503) van Kuruman, tussen Koopmansfontein en Boetsap (relevé 464), suid-suidwes van Daniëlskuil (relevés 629, 652, 656 en 661), op klipkoppies oos van Kathu (relevés 807, 809, 810 en 823), wes van die Kurumanheuwels in die Daniëlskuilomgewing (relevés 833, 836, 841 en 852) en op Gosa (relevé 951) aangetref. Sandafsettings kom teen die heuwels voor en maak die teenwoordigheid van *Acacia erioloba* moontlik. Relevé 777, 'n droë loop, stem floristies ooreen met hierdie

assosiasie. Meer as 80 % van die oppervlakte, en 65 % van die relevés van die assosiasie, het hellings van minder as 8 % en 'n lokale reliëf wat varieer van 30 tot 150 m van die laagste tot die hoogste punt. By ongeveer 29 % van die relevés, het minder as 20 % van die oppervlakte hellings van minder as 8 % met 'n lokale reliëf wat wissel van 300 tot 900 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Laasgenoemde kom hoofsaaklik op die Kurumanheuwels, waar diep Kalaharisand teen die heuwels neergelê is, voor. Die hoogte bo see-spieël van die assosiasie varieer van 1 196 m (relevé 253) tot 1 604 (relevé 564), met 'n gemiddelde hoogte van 1 387 m (Bylae 4e).

Geologies bestaan die assosiasie uit rooiwaaisand en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom met enkele dagsome van gestreepte ystersteen, jaspiliet en krokidoliet. Fyn- en grof-korrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen kom ook voor (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Litologies is dolomiet, sand en oppervlakkalksteen prominent (Bylae 4e).

Hierdie assosiasie word oorwegend op landtipes Ae (58.1 % van die relevés) en Ib (35.48 % van die relevés) aangetref. Die dominante grondvorme van hierdie assosiasie is die Hutton- en Mispahvorme. Die gronddiepte van die Huttonvorm varieer van 0 - 300 mm, 300 - 600 mm en 300 - 1 200 mm, terwyl die gronddiepte van die Mispahvorm oorwegend tussen 100 - 300 mm varieer (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Ongeveer 73 tot 100 % van die middelhange, kruine en skouers bestaan uit rots, gevolglik is die gronde nie ploegbaar nie. Die assosiasie het 'n gemiddelde geskatte klipbedekking van 32 % (Bylae 4e).

Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.1.1.4. onderskei weens die afwesigheid van spesiegroep 5 en die teenwoordigheid van spesiegroep 6 (Tabel 12). Spesiegroep 7 is egter afwesig by assosiasie 4.1.1.4. maar teenwoordig by assosiasie 4.1.1.5. Die dominante diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Acacia erioloba*, *Senna italica*, *Geigeria brevifolia* en *Monechma divaricatum* (spesiegroep 6, Tabel 12). Ander opvallende spesies is *Acacia hebeclada* subsp. *hebeclada*, *Melhania rehmannii* en *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 8, Tabel 12), *Asparagus larycinus* en *Pentzia quinquefida* (spesiegroep 14, Tabel 12) en *Euclea crispa* subsp. *ovata* (spesiegroep 21, Tabel 12). Die boomstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 5 % (Bylae 4e). Die dominante boomspesie is *Acacia erioloba* (spesiegroep 6, Tabel 12), *Acacia karroo* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Boscia albitrunca*

(spesiegroep 36, Tabel 12). Op sy beurt is die struikstratum goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 29 % (Bylae 4e). Die dominante struik van dié assosiasie is *Cadaba aphylla* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Grewia flava*, *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 14 % (Bylae 4e). Die dominante grasse, spesies van spesiesgroep 40 uitgesluit, is *Aristida congesta* subsp. *barbicollis* en *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 8, Tabel 12), *Trichoneura grandiglumis* (spesiegroep 24, Tabel 12) *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis* en *Pogonarthria squarrosa* (spesiegroep 32, Tabel 12). Die kruidstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 11 % (Bylae 4e). Die dominante kruid van die assosiasie stem, met die uitsondering van *Senna italica* (spesiegroep 6), *Teucrium trifidum*, *Limeum fenestratum* en *Menodora africana* (spesiegroep 14, Tabel 12), ooreen met dié van assosiasie 4.1.1.4. Spesies van spesiesgroepe 6, 7, 8, 9, 13, 14, 18, 19, 20, 21, 24, 25, 26, 32, 34 en 36 tot 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Die assosiasie het gemiddeld 51 spesies per relevè (Bylae 4e).

Assosiasie 4.1.1.6: *Tarchonanthus camphoratus* - *Solanum tomentosum* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Solanum tomentosum* geslote struikveld kom in dieselfde omgewing, naamlik in die Kuruman-, Daniëlskuil- en Postmasburgomgewings, as die *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld (assosiasie 4.1.1.5) voor. Relevés 426 en 427 kom egter op 'n klipkoppie in die Warrenton-omgewing voor, terwyl relevés 435 en 436 op 'n koppie in die Boshoff-Hertzogville-omgewing aangetref word. Relevé 187 word suid van Kathu aangetref. Die assosiasie is nie as 'n geheel karteerbaar nie en word lokaal binne karteringseenheid 22 (Figuur 17) aangetref. Die helling en lokale reliëf stem ooreen met dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld (assosiasie 4.1.1.4). Die hoogte bo seespieël varieer van 1 232 m (relevé 187) tot 1 717 m (relevé 866). Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 453 m (Bylae 4f), wat 66 m hoër is as die gemiddelde hoogte van assosiasie 4.1.1.5.

Die geologie, landtipes, grondvorme, grondtekstuur en gronddiepte is dieselfde as dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Acacia erioloba* geslote struikveld (assosiasie 4.1.1.5.).

Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.1.1.5. onderskei weens die afwesigheid van spesies van spesiegroepe 6 en 7 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 6 tot 9, 13, 14, 18, 19, 20, 21, 24, 25, 26, 32, 34 en 36 tot 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristies samestelling van assosiasie 4.1.1.5. en kom algemeen by hierdie assosiasie (4.1.1.6.) voor. Die enigste floristiese verskil tussen assosiasies 4.1.1.5. en 4.1.1.6. is die teenwoordigheid van spesiegroepe 6 en 7 by eersgenoemde en die afwesigheid daarvan by laasgenoemde.

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Solanum tomentosum* geslote struikveld word deur spesies van spesiegroep 8 (Tabel 12) gedifferensieer. Die opvallendste diagnostiese spesies van die assosiasie is *Solanum tomentosum*, *Kalanchoe paniculata*, *Acacia hebeclada* subsp. *hebeclada*, *Aristida congesta* subsp. *congesta* en *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 8, Tabel 12). Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 4 % (Bylaag 4f). Enkele boomspesies wat hier voorkom is *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12) en *Boscia albitruba* (spesiegroep 36, Tabel 12). *Acacia karroo* (spesiegroep 9, Tabel 12) en *Ziziphus mucronanta* (spesiegroep 40, Tabel 12) is egter struikagtig in hierdie assosiasie. Die struikstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 19 % (Bylae 4f). Dominante struike van dié assosiasie stem ooreen met dié van assosiasie 4.1.1.5., met *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* en *Rhus burchellii* (spesiegroep 40, Tabel 12) die dominanste struike. Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 17 % (Bylae 4f). Dominante grasspesies van die assosiasie is *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Sporobolus fimbriatus* en *Cymbopogon plurinodis* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana* en *Heteropogon contortus* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die kruidstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 8 % (Bylae 4f). Dominante kruide van die assosiasie is *Solanum incanum* (spesiegroep 13, Tabel 12), *Teucrium trifidum* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Geigeria ornativa* en *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12) *Kyphocarpa angustifolia* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Phyllanthus angolensis* en *Kleinia longiflora* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die assosiasie het 'n gemiddeld van 42 spesies per relevè (Bylae 4f).

Assosiasie 4.1.1.7: *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld
(Typicum)

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Enneapogon scoparius* geslote struikveld kom as lokale kolle, op dolomiet en oppervlakkalksteen van die klipkoppies binne karteringseenhede 12, 17, 21 en 23 (Figuur 17) voor. Relevé 331 is 'n klipkoppie noord van Schweizer-Reneke, relevés 711 en 713 is suid van Reivilo geleë, terwyl relevé 757 oos van Reivilo geleë is. Relevé 495 kom op 'n klipperige bult wes van Kuruman voor terwyl relevés 276, 680 en 758 op die Kurumanheuwels in die Kuruman en Daniëlskuilomgewings geleë is. Oor die algemeen het meer as 80 % van die oppervlakte 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 30 - 90 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Dié assosiasie word by hoogtes van 1 330 m (relevé 757) tot 1 585 m (relevé 680) bo seespieël aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 427 m (Bylae 4g).

Geologies bestaan dié assosiasie eerstens uit oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom asook fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen met prominente tussengelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen van Formasie Ghaaplatto en tweedens uit geelbruin gestreepte of massiewe jaspiliet met krokidoliet en gestreepte ystersteen (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die enigste geologiese ooreenkoms is gestreepte ystersteen. Litologies stem dié assosiasie ooreen met assosiasies 4.1.1.5. en 4.1.1.6. naamlik oppervlakkalksteen en dolomiet (Bylae 4g, Litho 1 en 2). Litologies word onderskeidelik 75 en 87.5 % van die relevés op dolomiet en kalksteen aangetref (Litho 1 en 2 Bylae 4g).

Hierdie assosiasie word oorwegend op klipperige bulte, koppies en heuwels van landtipes Fc (37.5 % van die relevés), Ib (37.5 % van die relevés) en Ae (25 % van die relevés) aangetref (Bylae 4g). Die dominante grondvorms is die Hutton- en Mispahvorm met dieptes van onderskeidelik 50 tot 300 mm en 100 - 250 mm diep (Landtipe-opnamepersoneel 1984a). Die gronde is dus effens vlakker as dié van assosiasie 4.1.1.5. en 4.1.1.6.

Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.1.1.6. onderskei weens die afwesigheid van spesiegroep 8 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 1 tot 8 (Tabel 12) is feitlik afwesig. Dié assosiasie word deur spesies van spesiegroep 9 (Tabel 12) gedifferensieer. Die enigste noemenswaardige

diagnostiese spesie is *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 9, Tabel 12). Die boomstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 5 % (Bylae 4g). Die enigste noemenswaardige boomspeesie is *Acacia karroo* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12) en *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12). Die struikstratum is redelik goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 21 % (Bylae 4g). Die dominante struik van dié assosiasie is *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Ehretia rigida*, *Grewia flava*, *Tarchonanthus camphoratus* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is redelik swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 17 % (Bylae 4g). Die dominantste grasspesies is *Enneapogon scoparius* (spesiegroep 9, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die kruidstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 11 % (Bylae 4g) met *Aloe grandidentata* (spesiegroep 13, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Selago densiflora* (spesiegroep 26, Tabel 12) die opvallendste kruid. Spesies van spesiegroepe 13, 14, 18, 19, 24, 25, 26, 32, 38, 39 en 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. Dié assosiasie het gemiddeld 48 spesies per relevé (Bylae 4g).

Alliansie 4.1.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida meridionalis* geslote struikveld

Hierdie alliansie word hoofsaaklik op die klippevlaktes, bulte en voethellings oos van die Kurumanheuwels aangetref en word saam met karteringseenheid 24 (Figuur 17) gekarteer. Relevés 613 (tussen die Langeberge), 985 en 986 (wes van Ganysea) is buite hierdie grense geleë. Die ligging van die twee assosiasies van hierdie alliansie sal onder die bespreking van elke assosiasie afsonderlik bespreek word. Topografies word hierdie alliansie op die plat sanderige en kalkagtige vlaktes, bulte en voethellings oos van die Kurumanheuwels vanaf Kuruman, suidwaarts tot by Daniëlskuil aangetref. Hierdie alliansie word saam met alliansie 3.2.2., naamlik die *Acacia mellifera* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld aangetref. Meer as 80 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 30 - 150 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die helling, hellingslengte en hellingsvorm van dié alliansie word afsonderlik onder elke assosiasie bespreek. Die hoogte bo seespieël varieer, met die uitsondering van relevés 613 (1 262 m hoog), 985 en 986 (1 300 m

hoog), van 1 348 m (relevé 688) tot 1 629 m (relevé 562) (Bylae 4). Die gemiddelde hoogte bo seespieël van hierdie alliansie is 1 478 m.

Geologies bestaan dié alliansie oorwegend uit rooi waaisand en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom, fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen met tussen-gelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Litologies is oppervlakkalksteen en Kalaharisand (Bylae 4h en 4i) prominent.

Landtipes Ae2 (47.62 % van die relevés), Ae9 (19.04 % van die relevés) Bc16 en Fc4 (9.52 % van die relevés) maak 85.71 % van hierdie alliansie uit. Die dominante grondvorms, gronddiepte en grondtekstuur sal by die bespreking van die onderskeie assosiasies van hierdie alliansie bespreek word.

Hierdie alliansie word deur spesiegroep 12 (Tabel 12) gedifferensieer met *Aristida meridionalis*, *Indigofera daleoides*, *Pterothrix spinescens*, *Rhynchosia holosericea*, *Glossichilus burchellii* en *Hermannia tomentosa* die opvallendste diagnostiese spesies. Ander opvallende spesies van hierdie alliansie is *Elephanthorrhiza elephantina* (spesiegroep 15, Tabel 12) en *Elionurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12). Opvallende struik is *Asparagus laricinus* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Diospyros austro-africana* var. *microphylla* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12) *Tarchonanthus camphoratus*, *Ehretia rigida* en *Grewia flava* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die opvallendste grasse en kruide is *Aristida meridionalis*, *Indigofera daleoides*, *Pterothrix spinescens*, *Rhynchosia holosericea* en *Glossichilus burchellii* (spesiegroep 12, Tabel 12), *Eragrostis trichophora* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Anthepera pubescens* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Selago densiflora* (spesiegroep 26, Tabel 12) *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis* en *Pogonarthria squarrosa* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 13, 14, 18, 19, 24, 25, 26, 32, en 40 (Tabel 12) vorm deel van floristiese samestelling van hierdie alliansie en kom algemeen voor. Spesies van spesiegroepe 38 en 39 (Tabel 12) is skaars en kan nie as algemene spesies binne hierdie alliansie beskou word nie.

Assosiasie 4.1.2.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum* oop struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum* oop struikveld word op die klipperige vlaktes en bulte oos van die Kurumanheuwels, vanaf Kuruman tot by Mount Carmel aangetref en word as 'n geheel saam met karteringseenheid 22 (Figuur 17) gekarteer. Relevés 613 (tussen die Langeberge) is buite hierdie grense geleë en vorm deel van hierdie assosiasie. Topografies word hierdie alliansie op effens golwende, sanderige en kalkagtige vlaktes met bulte aangetref. Hierdie assosiasie word, met die uitsondering van relevé 613, op landtipe Ae2 aangetref. Die hellingsvorm varieer oor die algemeen van konveks tot gelyk. Die hellingslengte van die voethellings en bulte varieer van 200 tot 1 000 m en dié van die vlaktes van 800 tot 4 000 m. Die vlaktes het 'n helling van 1 tot 6 ° terwyl die voethellings 'n helling van 6 to 30 ° het. Die hoogte bo seespieël varieer, met die uitsondering van relevé 613 (1 262 m) van 1 420 m (relevé 494) tot 1 629 m, met 'n gemiddeld van 1 490 m (relevé 613 ingesluit) (Bylae 4h).

Geologies bestaan die klipperige vlaktes hoofsaaklik uit rooiwaaisand met lokale voorkomste van puin, rivierterrasgruis en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Gestreepte ystersteen en jaspiliet met ondergeskikte amfiboliet en krokidoliet, sowel as fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen kom ook voor. Litologies is oppervlakkalk en rooiwaaisand baie prominent (Bylae 4h).

Dié assosiasie word op landtipe Ae2 aangetref. Die dominante grondvorm is die Huttonvorm met 'n diepte van 100 tot meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Verder van die voethellings raak die grond egter dieper. Die grond van die klipperige vlaktes het oor die algemeen 'n diepte van 300 tot meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die Mispahvorm met 'n diepte van 100 tot 300 mm kom ook voor. Die klei-inhoud varieer oor die algemeen van 2 tot 6 % vir die A-horison en van 4 tot 10 % vir die B-horison (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur bestaan oor die algemeen uit fyn- tot growwe-fynsand (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Hoewel klippe in sekere gebiede volop voorkom is die grond oor die algemeen ploegbaar en die dreinerings goed.

Hierdie assosiasie word gedifferensieer deur spesies van spesiegroep 10 (Tabel 12) met *Anthospermum rigidum* subsp. *rigidum*, *Blepharis integrifolia* en *Rhynchosia adenodes* die dominantste

diagnostiese spesie. Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 2 % (Bylae 4h). Die struikstratum, daarenteen, is redelik goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 17 % (Bylae 4h). Die dominante struik van dié assosiasie is *Diospyros austro-africana* var. *microphylla* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Cadaba aphylla* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus* en *Ehretia rigida* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 22 % (Bylae 4h). Die opvallendste grasspesies is *Aristida meridionalis* (spesiegroep 10, Tabel 12), *Eragrostis trichophora* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Athephora pubescens* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta* en *Pogonarthria squorosa* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Eragrostis lehmanniana* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Sporobolus fimbriatus* (spesiegroep 32, Tabel 12) is feitlik afwesig. Die kruidstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 5 % (Bylae 4h). Die dominante kruid van dié assosiasie is *Indigofera daleoides* (spesiegroep 10, Tabel 12), *Dicoma anomala* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Geigeria ornativa* en *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Selago densiflora* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Leucas capensis* en *Helichrysum zeyheri* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 12, 13, 14, 18, 19, 24, 25, 26, 32 en 40 is deel van die floristiese samestelling van die assosiasie. Dié assosiasie het gemiddeld 50 spesies per relevé (Bylae 4h).

Assosiasie 4.1.2.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Blepharis marginata* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word, met die uitsondering van relevés 985 en 986, suid van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum* geslote struikveld (assosiasie 4.1.2.1), en oos van die Kurumanheuwels in die Daniëlskuilomgewing aangetref. Hierdie assosiasie word oor die algemeen saam met karteringseenheid 21 (Figuur 17) gekarteer. Relevés 985 en 986 word op 'n klipkoppie suid van Piet Plessis aangetref en is binne karteringseenheid 15 (Figuur 17) geleë.

Relevés 671 en 678 word binne karteringseenheid 22 (Figuur 17) aangetref. Die topografie, helling en lokale reliëf stem ooreen met dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum* geslote struikveld (assosiasie 4.1.2.1.). Relevés 648 en 649 is suidwes van Daniëlskuil geleë. Oor die algemeen kom dié assosiasie op golwende, klipperige vlaktes, bulte en heuwels aan

die oostelike kant van die Kurumanheuwels voor. Hierdie vlaktes vorm as te ware die oorgang vanaf die vlaktes na die voethelling van die Kurumanheuwels. Die hoogte bo seespieël van dié assosiasie varieer van 1 300 m (relevés 985 en 986) tot 1 587 m (relevé 678) met 'n gemiddelde hoogte van 1 471 m (Bylae 4i).

Geologies bestaan dié assosiasie, met die uitsondering van relevés 985 en 986, hoofsaaklik uit fyn- en grofkorrelrige dolomiet, chert en dolomitiese kalksteen. Tussengelaagde chert, kalksteen en gestreepte ystersteen van Formasie Ghaapplato is ook prominent. Rooi en vleeskleurige waaisand en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom kom ook voor (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Geologies is daar dus 'n verwantskap tussen hierdie assosiasie en die *Tarchonanthus camphoratus* - *Anthospermum rigidum* geslote struikveld (assosiasie 4.1.2.1.), in die sin dat kalksteen, sand en dolomiet by albei dié assosiasie aangetref word. Dolomiet, sand en oppervlakkalksteen is litologies die belangrikste gesteentes van dié assosiasie (Bylae 4i).

Hierdie assosiasie word oorwegend op landtipe Ae (69.23 % van die relevés), Bc en Fc (15.39 % van die relevés) aangetref. Die dominante grondvorms van dié assosiasie is die Mispah- en Huttonvorm met dieptes van onderskeidelik 100 tot 300 mm en 200 tot 900 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die Mispahvorm is baie prominent. Die dreinerings is oor die algemeen goed. Die gronde het 'n gemiddelde geskatte klipbedekking van 15.54 % (Bylae 4i).

Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.1.2.1. onderskei weens die afwesigheid van spesiegroep 10 (Tabel 12) en die teenwoordigheid van spesiegroep 11 (Tabel 12). Die dominante diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Blepharis marginata*, *Nolletia ciliaris*, *Hibiscus trionum* en *Limeum viscosum* subsp. *viscosum* var. *glomeratum* (spesiegroep 11, Tabel 12). Die boomstratum is baie swak ontwikkel en byna afwesig. Die gemiddelde kroonbedekking van die bome is 3 % (Bylae 4i). Die prominente boomspeesies is *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12) en *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12). Die struikstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 15 % (Bylae 4i). Dominante struike van dié assosiasie is, *Asparagus laricinus* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Maytemus heterophylla* (spesiegroep 18, Tabel 12), *Diospyros austroafricana* var. *microphylla* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Ehretia rigida* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die gras- en kruidstratum is swak ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde

kroonbedekkings van 10 en 18 % (Bylae 4i). Die dominante grasspesies is *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Anthehora pubescens* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Elionurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis* en *Pogonarthria squarrosa* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die dominante kruide van die assosiasie is *Nenax microphylla* (spesiegroep 23, Tabel 12), *Geigeria ornativa* en *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Selago densiflora* (spesiegroep 26, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 12, 13, 14, 18, 19, 23, 24, 25, 26, 29, 32, en 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Die assosiasie het gemiddeld 49 spesies per relevè (Bylae 4i).

Alliansie 4.1.3: *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld van die Kurumanheuwels

Hierdie alliansie word op landtipe Ib236, waaruit die Kurumanheuwels bestaan, vanaf Daniëlskuil, noordwaarts verby Kuruman tot in die Pomfretomgewing aangetref. Vyf verskillende assosiasies word onderskei wat as 'n geheel as die *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld (karteringseenheid 22, Figuur 17) gekarteer word. Dié plantegroei word op die konkawe tot konvekse en golwende heuwels van die Kurumanheuwels aangetref. Relevé 856 is 'n droë rivierloop wat in die Kurumanheuwels aangetref word. Minder as 20 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % en die lokale reliëf varieer van 150 - 300 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Ongeveer 68 % van die oppervlakte bestaan uit konkawe en konvekse middelhange (terreineenheid 3), terwyl 20 % van die oppervlakte uit die konkawe kruine (terreineenheid 1) van die Kurumanheuwels bestaan. Die hellingslengte wissel van 50 tot 600 m vir die kruine en van 300 tot 2 000 m vir die middelhange (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die hoogte bo seespieël varieer, met die uitsondering van relevés 938 en 939 (1 049 m) wat buite hierdie grense geleë is, van 1 383 m (relevés 772 en 773) tot 1 738 m (relevé 864), met 'n gemiddelde hoogte van 1 522 m (Bylae 4) bo seespieël. Hierdie alliansie verskil dus van alliansie 4.1.1 en 4.1.2 ten opsigte van helling, hellingsvorm, lokale reliëf en die hoogte bo seespieël.

Geologies bestaan die gebied uit geelbruin gestreepte of massiewe jaspiliet met krokidoliet en gestreepte ystersteen met ondergeskikte amfiboliet, krokidoliet en verysterde gebreksieerde gestreepte ystersteen plek-plek aan die basis en bruin jaspiliet en chert aan die bokant (Landtipe-opnamepersoneel 1984a, 1986c). Litologies bestaan die gebied hoofsaaklik uit gestreepte ystersteen van die Yster Formasie (Bylae 4j,k,l,m en n).

Rots maak onderskeidelik 75 en 85 % van die middelhange en kruine van die Kurumanheuwels uit. Die dominante grondvorm van dié alliansie bestaan uit die Huttonvorm met 'n diepte van 50 tot 300 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1984a; 1986c). Op die middelhange kan die grond op plekke tot 1 200 mm diep wees. Die grondtekstuur bestaan oor die algemeen uit fyn- tot mediumsand en die klei-inhoud varieer onderskeidelik van 2 - 6 % en van 4 - 10 % vir die A- en B-horison (Landtipe-opnamepersoneel 1984a, 1986c). Die grond is oor die algemeen baie vlak en word op rots aangetref. Oor die algemeen is die dreinerings van die gronde goed.

Die diagnostiese spesies van hierdie alliansie word saamgevat in spesiegroep 22 (Tabel 12). Die opvallendste diagnostiese spesies is *Diheteropogon amplexans*, *Cymbopogon excavatus*, *Eustachys paspaloides*, *Andropogon schirensis* en *Wahlenbergia nodosa* (spesiegroep 22, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 23, 24, 25, 26, 30, 32, 38, 39 en 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie alliansie, sowel as al die assosiasies van hierdie alliansie.

Hierdie alliansie verskil floristies van alliansie 4.1.1. en 4.1.2. weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroepe 22, 23, en 30 (Tabel 12) en die afwesigheid van spesies van spesiegroepe 1 tot 14 (Tabel 12). Aangesien al die assosiasies van hierdie alliansie ten opsigte van geologie, landtipe, grondvorme, grondtekstuur en klei-inhoud ooreenstem, sal hierdie punte nie in die bespreking van die onderskeie assosiasies herhaal word nie.

Assosiasie 4.1.3.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Elephantorrhiza elephantina* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Elephantorrhiza elephantina* geslote struikveld word hoofsaaklik op die Mapperly- Bolhampad, in die Kurumanheuwels, op die plase Bramcole (relevés 524 en 825), Tierkop (relevé 826 en 827), Hurtlely en Wonderwerksgrot (relevé 856), Mansfield (relevés 821 en 822), Newcastle (relevés 829 en 830) en Besrand (relevés 816 en 817) aangetref.



Figuur 47 *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld van die Kurumanheuwels, met *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus tridactyla*, *Rhus dregeana*, *Euclea undulata* en *Rhigozum obovatum* dominant



Figuur 48 *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld van die Kurumanheuwels kom teen die helling voor. In die vlakte, tussen die Kurumanheuwels, is *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus dregeana* en *Acacia erioloba* dominant

Hierdie assosiasie word oorwegend aan die voethellings en middelhange van die Kurumanheuwels aangetref. By relevé 856, 'n droë rivierloop, kom donga-erosie voor. Relevé 830 is op die kruin van die Kurumanheuwels geleë en word as gevolg van die floristiese samestelling by dié assosiasie ingesluit. Die hoogte bo seespieël van hierdie assosiasie wissel van 1 498 m (relevé 816) tot 1 685 m (relevé 856), met 'n gemiddelde hoogte van 1 543 m (Bylae 4j). Vanweë die steil hellings van die Kurumanheuwels word die grond blootgestel aan verspoelings indien dit baie hard oor 'n kort periode sou reën. Rooi Kalaharisand word orals aan die voethellings van dié heuwels aangetref.

Die geologie, grondvorms, grondtekstuur en klei-inhoud stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3.

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 15 (Tabel 12) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is *Elephanthorrhiza elephantina*, *Schizachyrium sanguineum*, *Rhus pyroides* en *Chamaecrista stricta* (spesiegroep 15, Tabel 12). Vanweë die goeie struikstratum kan hierdie assosiasie, volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983), as 'n geslote struikveld beskou word. Die boomstratum is baie swak ontwikkel en weinig bome word in die assosiasie aangetref. Die enigste noemenswaardige boomspesies is *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Individuele *Olea europaea* bome kom sporadies voor. Die struikstratum van die assosiasie is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 17 % (Bylae 4j). Die dominante struik van die assosiasie is *Rhus pyroides* (spesiegroep 15, Tabel 12), *Diospyros austro-africana* var. *microphylla* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Cadaba aphylla* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, en *Rhus burchellii* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die gras- en kruidstratum is redelik goed ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekking van 23 % en 16 % (Bylae 4j). Dominante grasspesies van dié assosiasie, spesies van spesiegroep 22 uitgesluit, is *Schizachyrium sanguineum* (spesiegroep 15, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Triraphis andropogonoides*, *Trichoneura grandiglumis* en *Anthephora pubescens* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Eliomurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Eragrostis curvula* (spesiegroep 38, Tabel 12) en *Heteropogon contortus* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Elephanthorrhiza elephantina* (spesiegroep 15, Tabel 12), *Wahlenbergia nodosa* (spesiegroep 22, Tabel 12), *Dicoma*

anomala (spesiegroep 24, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Kyphocarpa angustifolia* en *Chascanum hederaceum* var. *hederaceum* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Pegolettia retrofracta* en *Gomphocarpus fruticosus* (spesiegroep 38, Tabel 12) is die dominante kruid. Hierdie assosiasie word van assosiasies 4.1.3.2. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 15 en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 16. Spesies van spesiegroepe 17, 18, 19, 22 tot 26, 30, 32, 38, 39 en 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. 'n Gemiddeld van 55 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref (Bylae 4j).

Die sterk teenwoordigheid van spesies soos *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Eragrostis curvula* (spesiegroep 38, Tabel 12) en *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12) dui op 'n mate van versteuring in sekere dele van die assosiasie. *Tragus koelerioides* (spesiegroep 18, Tabel 12) word glad nie in hierdie assosiasie aangetref nie. Die teenwoordigheid van *Schizachyrium sanguineum* (spesiegroep 15, Tabel 12), *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Eragrostis lehmanniana*, *Stipagrostis uniplumis* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12) toon dat hierdie assosiasie in 'n goeie toestand verkeer.


Assosiasie 4.1.3.2: *Tarchonanthus camphoratus* - *Panicum stapfianum* geslote struikveld

Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Panicum stapfianum* geslote struikveld word, met die uitsondering van relevés 938 en 939, op landtipe Ib236 aangetref. Hierdie assosiasie word op die Kurumanheuwels in dieselfde omgewing as assosiasie 4.1.3.1 aangetref. Relevés 845 tot 850 word op die plase Derby en Hurtlely aangetref, terwyl relevés 858 tot 861 op Noupoot en relevés 864 en 865 in die omgewing van Wonderwerk-grot aangetref word. Hierdie assosiasie lê hoofsaaklik aan die westelike helling van die Kurumanheuwels. Relevés 938 en 939 kom as 'n lokale kol in die Gosa-omgewing, naby Sonstraal voor en vorm deel van hierdie assosiasie. Dié assosiasie word oorwegend aan die voethellings en middelhange van die Kurumanheuwels, suid van assosiasie 4.1.3.1. aangetref, is nie as 'n geheel karterbaar nie en lê binne karteringseenheid 22 (Figuur 17). Die hoogte bo seespieël varieer, met die uitsondering van relevés 938 en 939 (1 049 m bo seespieël), van 1 605 m (relevé 845) tot 1 752 m (relevé 858), met 'n gemiddelde hoogte van 1 597 m (relevés 938 en 939 ingesluit) (Bylae 4k). Hierdie assosiasie kom by effens hoër hoogtes bo seespieël (gemiddeld 53.4 m) as assosiasie 4.1.3.1. voor. Groot gedeeltes binne hierdie assosiasie


het weinig struik en skep die indruk van 'n grasveld met individuele struik daarin (Figuur 50).

Die geologie, grondvorms, grondtekstuur en klei-inhoud van hierdie assosiasie stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. en assosiasie 4.1.3.1. Hierdie assosiasie het 'n geskatte klipbedekking van 45.2 % (Bylae 4k).

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 16 (Tabel 12) gedifferensieer. Die dominantste diagnostiese spesies van hierdie assosiasie is *Panicum stapfianum*, *Gnidia polycephala*, *Salsola* sp. en *Scabiosa columbaria* (spesiegroep 16, Tabel 12). Vanweë die struikstratum wat redelik ontwikkel is kan hierdie assosiasie, volgens die struktuur klassifikasie van Edwards (1983), as 'n geslote struikveld beskou word. Die boomstratum is byna glad nie ontwikkel nie (kroonbedekking is 0.4%) en weinig bome word in die assosiasie aangetref. Die struikstratum van die assosiasie is redelik goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 20 % (Bylae 4k). Die dominante struik van die assosiasie stem, met die uitsondering van *Rhus pyroides* (spesiegroep 15, Tabel 12) wat afwesig is, ooreen met dié van assosiasie 4.1.3.1. Die gras- en kruidstratum is redelik ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 30 % en 8 % (Bylae 4k). Dominante grasspesies van die assosiasie, spesies van spesiegroep 22 uitgesluit stem met die uitsondering van die teenwoordigheid van *Panicum stapfianum* (spesiegroep 16, Tabel 12) en die afwesigheid van *Schizachyrium sanguineum* (spesiegroep 15, Tabel 12), ooreen met die dominante grasspesies van assosiasie 4.1.3.1. Van dié spesies is *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Triraphis andropogonoides* en *Trichoneura grandiglumis* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Eliomurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12) en *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12). Die dominante kruid van die assosiasie is *Gnidia polycephala* (spesiegroep 16, Tabel 12), *Wahlenbergia nodosa* (spesiegroep 22, Tabel 12), *Ruschia griquensis* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum* en *Pegolettia retrofracta* (spesiegroep 38, Tabel 12) en *Helichrysum zeyheri* (spesiegroep 40, Tabel 12). Dié assosiasie word van assosiasies 4.1.3.3. onderkei weens die teenwoordigheid van spesiegroepe 16, 17 en 18 en die afwesigheid van spesiegroep 37 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 17, 18, 19, 22 tot 26, 30, 32, 38, 39 en 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. 'n Gemiddeld van 51 spesies per relevè is in hierdie assosiasie aangetref. Die teenwoordigheid van *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Eragrostis lehmanniana*,



Figuur 49 *Tarchonanthus camphoratus* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld van die Kurumanheuwels, met enkele voorkomste van *Olea europaea*



Figuur 50 Individuele *Euclea undulata* struik op die valleie tussen die Kurumanheuwels. Hier is die struikveld baie oop en skep die indruk van 'n grasveld

Digitaria eriantha en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12) is 'n indikator van 'n goeie veldtoestand.

Assosiasie 4.1.3.3: *Rhus tridactyla* - *Themeda triandra* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word, met die uitsondering van relevés 195 en 948, ook op die Kurumanheuwels, op landtipe Ib236, aangetref. Relevés 195 en 948 word op landtipe Ic aangetref, maar word op grond van hul floristiese samestelling by hierdie assosiasie ingedeel. Relevé 195 kom op 'n Kalaharisand dagsoom met oppervlakkalk, suid van Olifantshoek, tussen die Langeberge voor, terwyl relevé 948 'n heuwel in die Korannaberge, in die Sonstraal omgewing is. Relevés 784, 857, 863, 868 en 869 kom in dieselfde omgewing as assosiasie 4.1.3.2. voor en is aan die oosfrontglooiings van die Kurumanheuwels geleë. Relevé 784, 857 en 861 kom onderskeidelik op die plase Tierkop (784) en Noupoot (857 en 861) voor, terwyl relevés 868 en 869 op die plaas Wonderwergrot aangetref word. Hierdie assosiasie is nie afsonderlik karteerbaar nie en word saam met die ander assosiasies van alliansie 4.1.3. as karteringseenheid 22 (Figuur 17) gekarteer. Relevés 195 en 948 is deel van die assosiasie maar is buite die grense van karteringseenheid 22 (Figuur 17) geleë. Hierdie twee relevés is onderskeidelik deel van karteringseenhede 23 en 24 (Figuur 17). Die helling, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. Die hoogte bo seespieël varieer van 1 250 m (relevé 948) tot 1 718 m (relevé 857), met 'n gemiddelde hoogte van 1 567 m (Bylae 4l).

Geologies stem die assosiasie ooreen met alliansie 4.1.3. met gestreepte ystersteen die prominentste litologiese gesteentes. Die geskatte klipbedekking van hierdie assosiasie is 58 % (Bylae 4l).

Die landtipe, grondvorm, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. Die grond is vlak en kom op rots voor.

Hierdie assosiasie kan volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) as 'n geslote struikveld beskou word. Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie word in spesiegroep 19 (Tabel 12) saamgevat, met *Themeda triandra* en *Hertia pallens* die dominanste diagnostiese spesies. Die boomstratum is feitlik afwesig en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 1 % (Bylae 4l). Die

struikstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 21 % (Bylae 4I). Die dominante struik is *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Rhus tridactyla* (spesiegroep 26, Tabel 10), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 10), *Rhus burchellii* en *Tarchonanthus camphoratus* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die afwesigheid van *Acacia mellifera* subsp. *detinens* toon dat goeie bestuurspraktyke toegepas word. Dominante kruide van dié assosiasie is *Pellaea calomelanos* (spesiegroep 33, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum*, *Cetarach cordatum*, *Jamesbrittenia albiflora* en *Pegolettia retrofracta* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Lantana rugosa* en *Helichrysum zeyheri* (spesiegroep 40, Tabel 12) Die kruidstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 9 % (Bylae 4I). Die grasstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 20 % (Bylae 4I). Die dominante grasspesies is *Themeda triandra* (spesiegroep 19, Tabel 12), *Diheteropogon amplexans* en *Eustachys paspaloides* (spesiegroep 22, Tabel 12), *Triraphis andropogonoides* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Eragrostis nindens* en *Eragrostis curvula* (spesiegroep 38, Tabel 12) en *Aristida diffusa* subsp. *burkei* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 22 tot 26, 30, 32, 33, 37 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. Hierdie assosiasie het gemiddeld 46 spesies per relevé (Bylae 4I). Hierdie assosiasie verskil van assosiasie 4.1.3.4. deur die teenwoordigheid van spesiegroep 19 en die afwesigheid van spesiegroepe 20 en 21 (Tabel 12).

Assosiasie 4.1.3.4: *Euclea crispa* - *Andropogon chinensis* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word wes van Kuruman op die Kurumanheuwels, noord van al die voorafgaande assosiasies van alliansie 4.1.3., aangetref. Relevés 759 tot 763 word op die plaas Whitebank, relevés 765 en 766 op die plaas Wintebank, relevés 278, 772 en 773 op die plaas Duikerpoort en relevés 776, 778, en 779 op die plaas Fairbolt, in die Redsands-omgewing, en relevé 783 op die plaas Spitsberg aangetref. Relevés 759, 760, 761, 765, 766, 772, 773 en 783 word op die oosfrontglooiings van die Kurumanheuwels aangetref, terwyl relevés 762 en 763 op die wesfrontglooiings van die Kurumanheuwels geleë is. Relevés 776, 778, 779 en 278 word, op hul beurt, op die suidfrontglooiings van die Kurumanheuwels aangetref. Al hierdie relevés is op grond van hul floristiese samestelling by hierdie assosiasie ingedeel en kom hoofsaaklik op die middelhange en skouers van die Kurumanheuwels voor. Die *Euclea crispa* - *Andropogon chinensis* geslote struikveld is nie afsonderlik karteerbaar nie en word saam met alliansie 4.1.3. (Tabel 12) as karteringseenheid 22 (Figuur 17) gekarteer. Floristies is daar dus geen verskil tussen

die plantegroei van die oosfrontglooiings en wesfrontglooiings in hierdie assosiasie nie. Die hellings, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. Die hoogte bo seespieël van dié assosiasie varieer van 1 383 m (relevés 772 en 773) tot 1 558 m (relevé 783), met 'n gemiddelde hoogte van 1 448 m (Bylae 4m). Hierdie gemiddelde hoogte bo seespieël is die laagste van al die assosiasies wat op die Kurumanheuwels aangetref word.

Die geologie, landtipe, grondvorm, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud van die assosiasie stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. Gestreepte ystersteen is die prominente litologiese gesteentes. Die geskatte klipbedekking van hierdie assosiasie is 36.86 % (Bylae 4m). Die grond is oor die algemeen vlak en kom op rots voor.

Hierdie assosiasie kan volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) as 'n geslote struikveld beskou word. Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie word in spesiegroep 20 (Tabel 12) saamgevat, met *Bulbostylis hispidula*, *Andropogon chinensis* en *Sericorema remotiflora* die dominante diagnostiese spesies. Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 3 % (Bylae 4m). *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12) is die enigste noemenswaardige bome. Die struikstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 27 % (Bylae 4m). Die dominante struik stem ooreen met dié van assosiasie 4.1.3.3. Benewens dié dominante struik is *Euclea crispa* subsp. *ovata* (spesiegroep 21, Tabel 12), *Cadaba aphylla* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Rhigozum obovatum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Grewia flava*, *Ehretia rigida* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12) baie prominnet. Die kruidlaag is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 9 % (Bylae 4m). Die dominante kruid van dié assosiasie is *Heliotropium strigosum* (spesiegroep 21, Tabel 12), *Geigeria ornativa* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Kyphocarpa angustifolia* (spesiegroep 26, Tabel 12), *Waltheria indica* (spesiegroep 34, Tabel 12), *Tephrosia longipes* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum*, *Pegolettia retrofracta* en *Gomphocarpus fruticosus* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Phyllanthus angolensis*, *Helichrysum zeyheri* en *Evolvulus alsinoides* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 16. % (Bylae 4m). Die dominante grasse van dié assosiasie is *Eustachys paspaloides* en *Andropogon schirensis* (spesiegroep 22, Tabel 12), *Triraphis andropogonoides* en *Trichoneura grandiglumis* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25,

Tabel 12), *Elionurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus* en *Melinis repens* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 14, 21 tot 26, 30, 32, 34, 35, 37 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. Hierdie assosiasie het gemiddeld 59 spesies per relevé (Bylae 4m). Die teenwoordigheid van spesies soos *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12) en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12) toon dat daar wel 'n mate van wanbestuur in hierdie assosiasie plaasvind.

Assosiasie 4.1.3.5: *Euclea crispa* - *Rhus tridactyla* geslote struikveld

Die *Euclea crispa* - *Rhus tridactyla* geslote struikveld vorm deel van die plantegroei van die Kurumanheuwels en word suid van die Kuruman-Kathupad, wat oor die Kurumanheuwels loop, aangetref. Relevés 788 en 789 is op die plaas Hartland, aan die oostelike gedeelte van die Kurumanheuwels geleë, terwyl relevés 792 tot 795 op die plaas Corheim, aan die westelike gedeelte van die Kurumanheuwels, geleë is. Relevés 797, 814 en 831 word onderskeidelik op die plase Codrington, Strelley en Newcastle, op die oostelike gedeelte van die Kurumanheuwels, aangetref. Hierdie relevés word oorwegend op die oosfrontglooiings aangetref en is op grond van hul floristiese samestelling by hierdie assosiasie ingedeel. Hierdie assosiasie kom hoofsaaklik op die middelhange en kruine van die Kurumanheuwels voor. Die *Euclea crispa* - *Rhus tridactyla* geslote struikveld is nie afsonderlik karteerbaar nie en word saam met die ander assosiasies van alliansie 4.1.3. (Tabel 12), as karteringseenheid 22 (Figuur 17), gekarteer. Die helling, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met dié van alliansie 4.1.3. Die hoogte bo seespieël van dié assosiasie varieer van 1 415 m (relevés 788) tot 1 528 m (relevé 831), met 'n gemiddelde hoogte van 1 457 m (Bylae 4n). Dié gemiddelde hoogte bo seespieël is die tweede laagste van al die assosiasies wat op die Kurumanheuwels aangetref word.

Wat die geologie, landtipe, grondvorm, grondtekstuur en klei-inhoud aanbetref, stem dié assosiasie ooreen met die res van die assosiasies van alliansie 4.1.3. Gestreepte ystersteen is die prominente litologiese gesteente en die geskatte klipbedekking van hierdie assosiasie is 37.22 % (Bylae 4n).

Hierdie assosiasie word volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) as 'n geslote

struikveld beskou. Die *Euclea crispa* - *Rhus tridactyla* geslote struikveld word van die *Euclea crispa* - *Andropogon chinensis* geslote struikveld (assosiasie 4.1.3.4) onderskei weens die afwesigheid van spesiegroep 20 (Tabel 12). Die diagnostiese spesies van hierdie assosiasie word in spesiegroep 21 (Tabel 12) saamgevat. Die dominante diagnostiese spesies is *Euclea crispa* subsp. *ovata*, *Heliotropium strigosum* en *Chaemesyce inaequilatera* (spesiegroep 21, Tabel 12). Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 4 % (Bylae 4n). *Olea europaea* (spesiegroep 14, Tabel 12), *Rhus lancea* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12) is die enigste noemenswaardige bome wat in hierdie assosiasie aangetref word. Die struikstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 24 % (Bylae 4n) en is goed ontwikkel. Die dominante struik van dié assosiasie stem ooreen met dié van assosiasie 4.1.3.3. en 4.1.3.4. Benewens dié dominante struik is *Euclea crispa* subsp. *ovata* (spesiegroep 21, Tabel 12) baie prominent. Die kruidlaag is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 14 % (Bylae 4n). Die dominante kruid van dié assosiasie stem ooreen met dié van assosiasie 4.1.3.4. Ander opvallende kruid wat in die assosiasie aangetref word is *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Leucas capensis* en *Sida dregei* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 22 % (Bylae 4n). Die dominante grasse van dié assosiasie is *Triraphis andropogonoides*, *Trichoneura grandiglumis* en *Antheophora pubescens* (spesiegroep 24, Tabel 12), *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 25, Tabel 12), *Eliomurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida congesta* subsp. *congesta*, *Cymbopogon plurinodis* en *Pogonarthria squarrosa* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus* en *Melinis repens* (spesiegroep 40, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 14, 22 tot 26, 30, 32, 37 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. Hierdie assosiasie het gemiddeld 61 spesies per relevé (Bylae 4n).

Die sterk teenwoordigheid van spesies soos *Aristida congesta* subsp. *congesta* (spesiegroep 32, Tabel 12) en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12) toon dat hierdie assosiasie in die verlede aan wanbestuur blootgestel is.


Orde 4.2: *Croton gratissimus* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld (Figure 51 en 52)

Hierdie orde (Figuur 51) word in die westelike gedeeltes van die studiegebied, in 'n noord-suid rigting op die Lange- (karteringseenheid 23, Figuur 17) en Korannaberge (karteringseenheid 24, Figuur 17) aangetref. Vier alliansies en ses assosiasies, waarvan twee dieselfde naam as hul alliansie het, word onderskei. Hierdie twee bergreekse word as afsonderlike karteringseenhede beskou wat afsonderlik karteer word. In die Langeberge word drie aparte alliansies (alliansies 4.2.1 en 4.2.2), waarvan een ook as 'n assosiasie beskou word, aangetref. Die Korannaberge word as 'n alliansie op sy eie beskou en verskil floristies van die Langeberge. Minder as 20 % van die oppervlakte het 'n helling van minder as 8 % met 'n lokale reliëf wat varieer van 300 tot 900 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).


Ongeveer 93 % van die landskap bestaan uit middelhange (65 %) en kruine (28 %). Die hellingsvorm van die middelhange en kruine is onderskeidelik konkav tot konveks en konveks, met hellingslengtes wat van 50 tot 800 m en van 300 tot 2 000 m varieer (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die hoogte bo seespieël van hierdie orde varieer van 1 170 m (relevé 946) (Bylae 4s) tot 1 418 m (relevé 633) (Bylae 4p).

Geologies bestaan dié orde uit wit, grys, pienk en grofkorrelrige bruin kwartsiet, grys en bruin grofkorrelrige subgrouwak en lense van hematiet. Die pienkerige voorkoms van die graniet smelt as te ware saam met die pienkerige voorkoms van die blare van *Croton gratissimus* dat 'n mens die indruk kry dat die berge byna geen plantegroeibedekking het nie. In sekere gebiede is Kalaharisand op hierdie kwartsiet neergelê. Litologies is kwartsiet en grofkorrelrige sandsteen dominant terwyl kalksteen en Kalaharisand ook volop voorkom.

Rots maak onderskeidelik 95 % en 90 % van die kruine en middelhange van die Koranna- en Langeberge uit. Die dominante grondvorms van die middelhange en kruine is die Hutton- en Mispahvorm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Op die middelhange varieer die diepte van die Huttonvorm van 50 tot 750 mm en dié van die Mispahvorm van 50 tot 300 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Op die kruine varieer die diepte van die Huttonvorm van 50 tot 450 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Weens die hoë klipbedekking is die gronde op die kruine en middelhange nie ploegbaar nie. Die helling van die middelhange is steil en varieer van 12 tot 50°.



Figuur 51 *Croton gratissimus* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld (Orde 4.2) aan die voethelling van die Langeberge



Figuur 52 *Euphorbia avasmontana* wat volop op lokale areas van die Langeberge en Korannaberge (Tswalu Natuurreservaat) aangetref word

Die grondtekstuur varieer oor die algemeen van 'n fynsand tot 'n leem-fynsand met 'n klei-inhoud van onderskeidelik 3 tot 8 % en 4 tot 15 % vir die A- en B-horison (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Hierdie orde word deur spesies van spesiegroep 36 (Tabel 12) gedifferensieer. Die opvallendste diagnostiese spesies is *Croton gratissimus*, *Boscia albitrunca* en *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 36, Tabel 12). Opvallende houtagtige spesies van dié orde, spesies van spesiegroep 36 (Tabel 12) uitgesluit, is *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12) *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Rhigozum obovatum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus* en *Rhus burchellii* (spesiegroep 40, Tabel 12). Opvallende gras- en kruidspesies van die orde is *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Eragrostis curvula* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus*, *Melinis repens* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12), *Phyllanthus angolensis*, *Lantana rugosa* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie orde word van die *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* geslote struikveld (orde 4.1.) onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 36 (Tabel 12) en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 25 (Tabel 12).

Alliansie/assosiasie 4.2.1: *Croton gratissimus* - *Eragrostis chloromelas* geslote struikveld

Hierdie alliansie het slegs een assosiasie, gevolglik word die naam net so oorgedra na die assosiasie. Die *Croton gratissimus* - *Eragrostis chloromelas* geslote struikveld word hoofsaaklik op die noordfrontglooiings van die Langeberge op Kalaharisand afsettings aangetref. Hierdie assosiasie word by hoogtes van 1 315 m (relevé 569) tot 1 400 m (relevé 632) aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 354 m (Bylae 4o).

Geologies verskil die assosiasie van die res van die assosiasies van orde 4.1. deurdat groot hoeveelhede Kalaharisand op die kwartsiet neergelê is. Kalaharisand en oppervlakkalk is die dominante litologiese gesteentes van hierdie assosiasie (Bylae 4o).

Die landtipe, grondvorm, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud stem ooreen met dié van orde 4.2.

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 27 (Tabel 12) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies is *Helicrysum cerastioides*, *Eragrostis chloromelas* en *Nolletia arenosa* (spesiegroep 27, Tabel 12). Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 2 % (Bylae 4o). *Boscia albitrunca* is die enigste boomspesies wat plek-plek as individue aangetref word. Die struikstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 33 % (Bylae 4o) en is baie goed ontwikkel. Die dominante struik wat aangetref word is *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12) en *Tarchonanthus camphoratus* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Rhus burchellii* (spesiegroep 40) is ook prominent. Die dominante grasse, van die redelik goed ontwikkelde grasstratum, is *Eliomurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). As die groot persentasie klipbedekking in aanmerking geneem word, is die graslaag nie te sleg ontwikkel nie. Weens die steil hellings van die middelhange is die toeganklikheid van wild en beeste tot hierdie grasspesies beperk. Dit kan die benutbaarheid van afnemers soos *Brachiaria nigropedata* en *Digitaria eriantha* deur wild en vee beïnvloed. Die goed ontwikkelde kruidlaag het 'n gemiddelde kroonbedekking van 14 % (Bylae 4o). Prominente kruide van die assosiasie is *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Phyllanthus angolensis*, *Leucas capensis*, *Helichrysum zeyheri* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie assosiasie het 'n gemiddeld van 44 spesies per relevé (Bylae 4o) en word van alliansie 4.2.2. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 27 en die afwesigheid van spesies van spesiegroepe 28 en 29 (Tabel 12). Spesies van spesiesgroepe 30, 32 en 36 tot 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie.

Alliansie 4.2.2: *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* geslote struikveld

Hierdie alliansie, met die twee assosiasies waaruit dit bestaan, word hoofsaaklik op die oos- en wesfrontglooiings van die Langeberge, vanaf Olifantshoek suidwaarts verby Witsand, aangetref. Hierdie alliansie word hoofsaaklik op die voethellings en middelhange aangetref. Floristies verskil die twee assosiasies van mekaar. Die hellings, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met dié van orde 4.2. Die hellingsvorm van die middelhange is konkav tot konveks en dié van die voethellings plat tot konveks (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die alliansie word saam met alliansies 4.2.1. en 4.2.3. as die *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* plantegroei van

die Langeberge (karteringseenheid 23, Figuur 17) gekarteer. Die hoogte bo seespieël van hierdie alliansie varieer van 1 290 m (relevé 628) (Bylae 4p) tot 1 418 m (relevé 633) (Bylae 4p).

Geologies stem die alliansie ooreen met die geologie van orde 4.2. Daar is egter 'n effense variasie in die dominante geologiese gesteentes van die twee afsonderlik assosiasies van hierdie alliansie. Hierdie verskille sal by die bespreking van die twee assosiasies uitgelig word.

Die landtipe, grondvorms, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud van dié alliansie, met sy twee afsonderlike assosiasies, stem ooreen met dié van orde 4.2. Slegs die gronddiepte van die Huttonvorm op die voethellings verskil deurdat die gronddiepte vanaf 50 tot 750 mm kan varieer.

Die *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* geslote struikveld word deur spesies van spesiegroep 29 (Tabel 12) gedifferensieer. Die enigste twee diagnostiese spesies van die alliansie is *Sarcostemma viminale* en *Sansevieria aethiopica* (spesiegroep 29, Tabel 12). Die boomstratum is swak ontwikkel en min bome word in hierdie alliansie aangetref. *Boscia albitrunca* (spesiegroep 36, Tabel 12) kom as individue veral aan die voethellings voor. Alhoewel *Ficus cordata* as individuele bome plek-plek in die alliansie voorkom, word dit nie in die fitososiologiese tabel (Tabel 12) getoon nie. Die rede hiervoor is dat hierdie spesie oor die algemeen uiters skaars in dié alliansie aangetref word. Die struikstratum is egter baie goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 20 % (Bylae: 4p + 4q /2). Die dominante struik van die alliansie is *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12) en *Rhus burchellii* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* (spesiegroep 40, Tabel 12) kom in 'n geringe mate voor. Die gras- en kruidlaag is swak ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekings van 16 % en 7 % (Bylaag: 4p + 4q /2). Die dominante grasse en kruide van die alliansie is *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12), *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Cheilanthes hirta* en *Boophane disticha* (spesiegroep 38, Tabel 12). Hierdie alliansie word van alliansie 4.2.3. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroepe 28, 29 en 30 (Tabel 12) en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 31 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 30, 32, 36 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie alliansie.

Assosiasie 4.2.2.1: *Croton gratissimus* - *Maytemus undulata* geslote struikveld

Hierdie assosiasie kom hoofsaaklik aan die oosfrontglooiings van die Langeberge, vanaf Olifantshoek, suidwaarts verby Witsand (karteringseenheid 23, Figuur 17) voor. Die hoogte bo seespieël van die assosiasie varieer van 1 290 m (relevé 628) tot 1 418 m (relevé 633) met 'n gemiddelde hoogte van 1 362 m (Bylae 4p).

Met die uitsondering van relevés 568 en 628 word hierdie assosiasie hoofsaaklik op kwartsiet aangetref. Kwartsiet en skalie word onderskeidelik by 75 % en 50 % van die relevés aangetref (Bylae 4p).

Die landtipe, grondvorms, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2.

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 28 (Tabel 12) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies van die assosiasie is *Asparagus striatus*, *Maytemus undata*, *Achyranthes aspera*, *Hypertelis salsoloides* en *Psiadia punctulata* (spesiegroep 28, Tabel 12). Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.2.3.1. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 28 (Tabel 12). *Sarcostemma viminale* (spesiegroep 29, Tabel 12), *Cenchrus ciliaris*, *Boscia albitrunca* en *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12) en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12) is meer prominent aan die wesfrontglooiings (assosiasie 4.2.2.1) as aan die oosfrontglooiings (assosiasie 4.2.2.2) van die Langeberge. Die boomstratum is nie ontwikkel nie en bome is feitlik afwesig. Die struikstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 19 % (Bylae 4p). Die dominante struik van dié assosiasie is *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Rhigozum obovatum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Rhus burchellii* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Ander struik is skaars en kom nie volop voor nie. Die graslaag is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 15 % (Bylae 4p). Dominante grasse van die assosiasie is *Elyonurus muticus* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die kruidlaag is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 8 % (Bylae 4p). Prominente kruid van die assosiasie is *Chrysocoma ciliata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Cheilanthes hirta* (spesiegroep 28, Tabel

12). Spesies van spesiegroepe 8, 9, 25 en 29 deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. 'n Gemiddeld van 41 spesies per relevé is hier aangetref.

Assosiasie 4.2.3.2: *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* geslote struikveld (**Typicum**)

Hierdie assosiasie word hoofsaaklik aan die wesfrontglooiings van die Langeberge, vanaf Olifantshoek, suidwaarts verby Witsand tot aan die suidelike grens van die studiegebied aangetref en word saam met alliansies 4.2.1, 4.2.2 en 4.2.3 gekarteer (karteringseenheid 23, Figuur 23). Die helling, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met die van orde 4.2. Dié assosiasie word by hoogtes van 1 336 m (relevé 577) tot 1 388 m (relevé 630) bo seespieël aangetref (Bylae 4q). Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 356 m (Bylae 4q).

Geologies stem dié assosiasie ooreen met die geologie van orde 4.2. Die geologie van dié assosiasie verskil van die geologie van assosiasie 4.2.2.1 in die sin dat 85.7 % van die relevé op grofkorrelrige sandsteen (areniet) aangetref word, terwyl skalie by assosiasie 4.2.3.1. saam met kwartsiet prominent is. Litologies word kwarsiet en grofkorrelrige sandsteen (areniet) by 85.7 % van die relevés van die assosiasie aangetref (Bylae 4q: Litho 1 en 2).

Die landtipe, grondvorms, grondtekstuur en klei-inhoud van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2., alliansie 4.2.2. en assosiasie 4.2.2.1.

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 29 (Tabel 12) gedifferensieer met *Sarcostemma viminale* en *Sansevieria aethiopica* die enigste diagnostiese spesies. Die teenwoordigheid van dié spesies onderskei dié assosiasie van alliansie/assosiasie 4.2.3.1. terwyl die afwesigheid van spesies van spesiegroep 28 (Tabel) die assosiasie onderskei van assosiasie 4.2.2.1. Die boomstratum is feitlik afwesig en glad nie ontwikkel nie. *Acacia erioloba* (spesiegroep 6, Tabel 12) en *Boscia albitrunca* (spesiegroep 36, Tabel 12) kom plek-plek op diep sanderige gronde voor, maar is oor die algemeen skaars. Die goed ontwikkelde struikstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 22 % (Bylae 4q). Dominante struik van die assosiasie is *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Grewia flava*, *Rhus burchellii* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). Ander opvallende struik van die assosiasie is *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12) en *Ziziphus mucronata*

(spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie assosiasie vorm meer 'n mengsel van bogenoemde struike en vertoon nie so 'n sterk en ruig stand van *Croton gratissimus* nie. Die gras- en kruidstratum is swak ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 17 % en 6 % (Bylae 4q). Dominante gras- en kruidspecies van die assosiasie is *Enneapogon cenchroides* (spesiegroep 8, Tabel 12), *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Heteropogon contortus* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12), *Bulbostylis burchellii* (spesiegroep 30, Tabel 12), *Kohautia cynachica* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Aloe hereroensis* (spesiegroep 33, Tabel 12), *Cheilanthes hirta* en *Boophane disticha* (spesiegroep 38, Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 8, 9, 25, 26, 30, 32, 36 tot 40 vorm deel van die floristies samestelling van hierdie assosiasie. Hierdie assosiasie het gemiddeld 33.3 spesies per relevé.

Alliansie/assosiasie 4.2.3.1: *Tarchonanthus camphoratus* - *Eriocephalus ericoides* geslote struikveld

Hierdie alliansie het slegs een assosiasie, gevolglik word die naam net so oorgedra na die assosiasie. Die *Tarchonanthus camphoratus* - *Eriocephalus ericoides* geslote struikveld word op die sanderige vlaktes oos (relevé 191), suid (relevé 193) en wes (relevé 196) van Olifantshoek, tussen die Langeberge aangetref. Die assosiasie word hoofsaaklik op diep Kalaharisand aangetref, is nie as 'n eenheid karteerbaar nie en kom oor die algemeen as lokale kolle binne karterings-eenheid 8 (Figuur 17) voor. Meer as 80 % van die oppervlakte het hellings van minder as 8 % met 'n lokale reliëf van 30 tot 90 m vanaf die laagste tot die hoogste punt (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die hellingsvorm is plat en die hellingslengte varieer van 1 000 tot 3 000 m (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Hierdie assosiasie word by hoogtes van 1 279 m (relevé 191) tot 1 368 m (relevé 196) aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 323 m (Bylae 4r).

Geologies verskil die assosiasie van die res van orde 4.2. Die geologie van dié assosiasie bestaan uit rooi tot vleeskleurige waaisand en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom. Rotsdagsome van grofkorrelrige bruinkwartsiet en subgrouwak is ook prominent. Sand en oppervlakkalksteen is litologies prominent (Bylae 4r).

Dié assosiasie word op landtipe Ae5 en 6 aangetref. Die dominante grondvorm is die Hutton-

vorm met dieptes van dieper as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur varieer van fynsand tot leem-fynsand en van mediumsand tot leem-mediumsand (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die klei-inhoud van die A- en B-horison varieer onderskeidelik van 3 tot 15 % en van 4 tot 20 % (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 31 (Tabel 12) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies is *Eriocephalus ericoides*, *Eragrostis rigidior* en *Aptosimum lineare* (spesiegroep 31, Tabel 12). Die boomstratum is redelik ontwikkel. Opvallende bome wat plek-plek as individue aangetref word is *Acacia erioloba* (spesiegroep 8, Tabel 12) en *Boscia albitrunca* (spesiegroep 36, Tabel 12). Die struikstratum is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 20 % (Bylae 4r). Die dominante struik van dié assosiasie is *Rhus dregeana* (spesiegroep 39, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus burchellii* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12) en *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12) is feitlik afwesig. Die grasstratum is swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking 15 % (Bylae 4r). Dominante grasspesies van dié assosiasie is *Schmidtia pappophoroides* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Eragrostis lehmanniana*, *Heteropogon contortus* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die swak ontwikkelde kruidlaag het 'n gemiddelde kroonbedekking van 5 % (Bylae 4r). Prominente kruide van die assosiasie is *Eriocephalus ericoides* (spesiegroep 27, Tabel 12), *Tephrosia purpurea* subsp. *purpurea* (spesiegroep 32, Tabel 12), *Barleria rigida* (spesiegroep 39, Tabel 12) en *Kleinia longiflora* (spesiegroep 40, Tabel 12). Dié assosiasie het 'n gemiddeld van 41 spesies per relevé en word van alliansie 4.2.4 onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroepe 28 en 29 en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 35 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 32 en 36 tot 40 (Tabel 12) vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie.

Alliansie 4.2.4. *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld van die Korannaberger (Figure 53 en 54)

Hierdie alliansie word op die Korannaberger, vanaf Sonstraal suidwaarts tot wes van die plaas Appelby, in die Olifantshoekomgewing aangetref. Hierdie alliansie, met sy twee assosiasie, word afsonderlik as karteringseenheid 24 (Figuur 17) gekarteer en verskil floristies van alliansies 4.2.1.,

4.2.2. en 4.2.3 (Tabel 12) (karteringseenheid 23, Figuur 17). Twee afsonderlike assosiasies, wat floristies van mekaar verskil, vorm deel van hierdie alliansie. Hierdie alliansie word hoofsaaklik op die voethellings, middelhange en skouers van die Korannaberge aangetref. Die hellings, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf stem ooreen met dié van orde 4.2. Die hoogte bo see-spieël van hierdie alliansie varieer van 1 170 m (relevé 946) (Bylae 4s) tot 1 422 m (relevé 878) (Bylae 4r).

Geologies stem die alliansie ooreen met die geologie van orde 4.2. Litologies word grofkorrelrige sandsteen (areniet) en graniet by 75 % van die relevés aangetref. Kalaharisand en oppervlakkalksteen kom by 22.7 % van die relevés voor (Bylae 4s en t). Die gemeenskaplike, oorheersende gesteentes van dié alliansie is dus kwartsiet en grofkorrelrige sandsteen (areniet).

Die landtipe, grondvorms, grondtekstuur en % klei-inhoud van dié alliansie, met sy twee afsonderlike assosiasies, stem ooreen met dié van orde 4.2.

Die *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld word deur die spesies van spesiegroep 35 (Tabel 12) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies van dié alliansie is *Digitaria polyphylla*, *Tephrosia longipes*, *Indigofera heterotricha*, *Hibiscus micranthus*, *Euphorbia avasmontana* en *Hoodia gordonii* (spesiegroep 35, Tabel 12). Figuur 52 toon 'n redelike stand van *Euphorbia avasmontana* in die Korannaberge (Tswalu Natuurreservaat). Die boomstratum is baie swak ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 1.5 %. Prominente bome wat plek-plek aangetref word is *Boscia albitrunca* (spesiegroep 37, Tabel 12). *Ficus cordata* kom as individue plek-plek voor, maar is nie in die fitososiologiese tabel (Tabel 12) opgeneem nie. Die struikstratum is egter goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 25 % (Bylae: 4s + 4t/2). Dominante struik van die alliansie is *Euphorbia avasmontana* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Rhus burchellii* (spesiegroep 40, Tabel 12), *Tarchonanthus camphoratus*, *Ehretia rigida*, *Acacia mellifera* subsp. *detinens* en *Ziziphus mucronata* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* (spesiegroep 40, Tabel 12) kom in 'n geringe mate voor. Die gras- en struikstratum is redelik ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 28 % en 10 % (Bylae: 4s + 4t /2). Dominante grasse van die alliansie is *Digitaria polyphylla* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Cenchrus ciliaris* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Eragrostis curvula* (spesiegroep 38, Tabel 12),



Figuur 53 *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld op die voethellings en middelhange van die Korannaberge (Alliansie 4.2.4.). *Rhigozum trichotomum* en *Acacia mellifera* (links onder) is opvallend aan die voethelling



Figuur 54 *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld op die kruin van die Korannaberge (Alliansie 4.2.4.)

Brachiaria nigropedata (spesiegroep 37, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Heteropogon contortus* en *Digitaria eriantha* (spesiegroep 40, Tabel 12). Prominente kruide van die assosiasie is *Tephrosia longipes*, *Indigofera heterotricha* en *Hibiscus micranthus* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Rhynchosia totta*, *Cheilanthus hirta* en *Pegolettia retrofracta* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Phyllanthus angolensis*, *Lantana rugosa* en *Felicia muricata* (spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie alliansie word van alliansie 4.2.4. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroepe 33, 34 en 35 (Tabel 12) en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 31 en 32 (Tabel 12). Spesies van spesiegroepe 36 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie alliansie.

Assosiasie 4.2.4.1: *Croton gratissimus* - *Pellaea calomelanos* geslote struikveld

Hierdie assosiasie word hoofsaaklik aan die oos- en suidfrontglooiings van die Korannaberge aangetref en saam met assosiasie 4.2.4.2. as die *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* geslote struikveld van die Korannaberge (karteringseenheid 24, Figuur 17) gekarteer. Relevé 194 is egter buite hierdie karteringseenheid geleë en kom oos van Olifantshoek as 'n lokale heuwel, binne karteringseenheid 23 (Figuur 17) voor. Die helling, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2. Die *Croton gratissimus* - *Pellaea calomelanos* geslote struikveld word by hoogtes van 1 170 m (relevé 946) tot 1 422 m (relevé 878) aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 313 m (Bylae 4s).

Die geologie, litologiese gesteentes, landtipe, grondvorm, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2.

Hierdie assosiasie kan volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) as 'n geslote struikveld beskou word. Die *Croton gratissimus* - *Pellaea calomelanos* geslote struikveld word deur spesies van spesiegroep 33 (Tabel 12) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Pellaea calomelanos*, *Euphorbia rectirama*, *Oxalis pes-caprae*, *Aloe hereroensis* var. *hereroensis* en *Portulaca oleracea* (spesiegroep 33, Tabel 12). Bome is baie skaars en kom as verspreide individue in die assosiasie voor. Prominente bome stem ooreen met dié van alliansie 4.2.4. Die struiklaag is baie goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 26 % (Bylae 4s). Die dominante struik is *Euphorbia avasmontana* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Croton*

gratissimus (spesiegroep 36, Tabel 12), *Rhus burchellii* en *Tarchonanthus camphoratus* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12) is ook prominent. Die gras- en kruidlaag is redelik goed ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 30 % en 10 % (Bylae 4s). Die dominante grasspesies stem ooreen met dié van alliansie 4.2.4. *Andropogon chinensis* (spesiegroep 20, Tabel 12) en *Eustachus paspaloides* (spesiegroep 22, Tabel 12) is ook prominent. Benewens die prominente kruidspesies van alliansie 4.2.4. is *Sarcostemma viminale* (spesiegroep 29, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum*, *Jamesbrittenia albiflora* en *Boophane disticha* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Leucas capensis* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12) ook opvallend. Hierdie assosiasie het 'n gemiddeld van 39 spesies per relevé. Spesies van spesiegroepe 8, 25, 26, 35 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Hierdie assosiasie word van assosiasie 4.2.4.2. onderskei weens die teenwoordigheid van spesies van spesiegroep 33 (Tabel 12) en die afwesigheid van spesies van spesiegroep 34 (Tabel 12).

Assosiasie 4.2.4.2: *Croton gratissimus* - *Lophiocarpus polystachyus* geslote struikveld

Die *Croton gratissimus* - *Lophiocarpus polystachyus* geslote struikveld word aan die wes- en noordfrontglooiings van die Korannaberge aangetref en word saam met die *Croton gratissimus* - *Pellaea calomelanos* geslote struikveld (assosiasie 4.2.4.1) gekarteer (karteringseenheid 24, Figuur 17). Die helling, hellingsvorm, hellingslengte en lokale reliëf van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2. Dié assosiasie word by hoogtes van 1 190 m (relevé 924) tot 1 358 m (relevé 880) aangetref (Bylae 4t). Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 259 m (Bylae 4t).

Die geologie, litologiese gesteentes, landtipe, grondvorm, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud van dié assosiasie stem ooreen met dié van orde 4.2.

Hierdie assosiasie kan volgens die struktuurklassifikasie van Edwards (1983) as 'n geslote struikveld beskou word. Die *Croton gratissimus* - *Lophiocarpus polystachyus* geslote struikveld word deur spesies van spesiegroep 34 (Tabel 12) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Lophiocarpus polystachyus*, *Waltheria indica*, *Ceratotheca triloba*, *Artemisia afra* en *Melhania prostrata* (spesiegroep 34, Tabel 12). Bome is skaars en kom as verspreide individue in die assosiasie voor. Prominente bome stem ooreen met die van alliansie 4.2.4.,

naamlik *Boscia albitrunca* en *Ficus cordata*. Verspreide alleenstaande *Acacia erioloba* bome kom plek-plek voor. Die struiklaag is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 23 % (Bylae 4t). Die dominante struik van dié assosiasie is *Euphorbia avasmontana* (spesiegroep 35, Tabel 12) *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Grewia flava*, *Rhus burchellii* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12) kom ook versprei voor. Die gras- en kruidlaag is redelik goed ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 27 % en 10 % (Bylae 4t). Die dominante grasspesies van die assosiasie is *Digitaria polyphylla* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Eragrostis nindens* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Melinis repens*, *Digitaria eriantha* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die prominente kruidspesies van dié assosiasie, kruide van spesiegroep 34 (Tabel 12) uitgesluit, is *Tephrosia longipes* en *Indigofera heterotricha* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Evolvulus alsinoides*, *Sida dregei* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie assosiasie het 'n gemiddeld van 38 spesies per relevé. Spesies van spesiegroepe 8, 30 en 35 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie.

5.6. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe van riviere en panne (Tabel 13)

Hierargiese klassifikasie van die *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* oop struikveld

Klas 5: *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* oop struikveld

Alliansie 5.1: *Scirpoides dioecus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Assosiasie 5.1.1: *Cyperus longus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Assosiasie 5.1.2: *Enneapogon cenchroides* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Sub-assosiasie 5.1.2.1: *Enneapogon cenchroides* - *Panicum coloratum*
oop boomveld

Sub-assosiasie 5.1.2.2: *Fingerhuthia africana* - *Panicum coloratum*
oop boomveld

Assosiasie 5.1.3: *Setaria verticillata* - *Acacia karroo* geslote boomveld

naamlik *Boscia albitrunca* en *Ficus cordata*. Verspreide alleenstaande *Acacia erioloba* bome kom plek-plek voor. Die struiklaag is goed ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 23 % (Bylae 4t). Die dominante struik van dié assosiasie is *Euphorbia avasmontana* (spesiegroep 35, Tabel 12) *Croton gratissimus* (spesiegroep 36, Tabel 12), *Grewia flava*, *Rhus burchellii* en *Acacia mellifera* subsp. *detinens* (spesiegroep 40, Tabel 12). *Euclea undulata* (spesiegroep 25, Tabel 12) en *Putterlickia pyracantha* (spesiegroep 37, Tabel 12) kom ook versprei voor. Die gras- en kruidlaag is redelik goed ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 27 % en 10 % (Bylae 4t). Die dominante grasspesies van die assosiasie is *Digitaria polyphylla* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Brachiaria nigropedata* (spesiegroep 37, Tabel 12), *Eragrostis nindens* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Aristida diffusa* subsp. *burkei*, *Melinis repens*, *Digitaria eriantha* en *Stipagrostis uniplumis* (spesiegroep 40, Tabel 12). Die prominente kruidspesies van dié assosiasie, kruide van spesiegroep 34 (Tabel 12) uitgesluit, is *Tephrosia longipes* en *Indigofera heterotricha* (spesiegroep 35, Tabel 12), *Chascanum pinnatifidum* var. *pinnatifidum* (spesiegroep 38, Tabel 12), *Evolvulus alsinoides*, *Sida dregei* en *Thesium hystrix* (spesiegroep 40, Tabel 12). Hierdie assosiasie het 'n gemiddeld van 38 spesies per relevé. Spesies van spesiegroepe 8, 30 en 35 tot 40 vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie.

5.6. Klassifikasie en beskrywing van die plantgemeenskappe van riviere en panne (Tabel 13)

Hierargiese klassifikasie van die *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* oop struikveld

Klas 5: *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* oop struikveld

Alliansie 5.1: *Scirpoides dioecus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Assosiasie 5.1.1: *Cyperus longus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Assosiasie 5.1.2: *Enneapogon cenchroides* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Sub-assosiasie 5.1.2.1: *Enneapogon cenchroides* - *Panicum coloratum*
oop boomveld

Sub-assosiasie 5.1.2.2: *Fingerhuthia africana* - *Panicum coloratum*
oop boomveld

Assosiasie 5.1.3: *Setaria verticillata* - *Acacia karroo* geslote boomveld

Alliansie 5.2: *Asparagus laricinus* - *Acacia karroo* oop boomveld

Assosiasie 5.2.1: *Diospyros pallens* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Sub-assosiasie 5.2.1.1: *Aristida congesta* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Sub-assosiasie 5.2.1.2: *Eragrostis rigidior* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Assosiasie 5.2.2: *Helichrysum aureonitens* - *Themeda triandra* oop boomveld

Alliansie/Assosiasie 5.2.3: *Aristida congesta* - *Themeda triandra* oop boomveld

Klas 5: *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* oop struikveld (Figure 55 en 56)

Dié plantegroeitepe word op nie-standhoudende tot klammerige rivierbeddings, rivierwalle, spruite en nie-standhoudende panne, waar daar sporadiese water-akkumulاسie voorkom, aangetref en is nie as 'n geheel karteerbaar nie. Hierdie plantegroeitepe kom verspreid deur die studiegebied voor. Dié plantegroeitepe kom by verskillende hoogtes bo seespieël voor. Vogtige toestande is een van die kenmerkendste omgewingsfaktore wat hierdie klas van die ander klasse onderskei. Dié klas word by hoogtes van 1 051 m (relevé 17) tot 1 512 m (relevé 674) bo seespieël aangetref (Bylae 5).

Geologies is die klas baie kompleks aangesien dit wydverspreid deur die studiegebied op verskillende geologiese formasies aangetref word. Waar moontlik sal die grootste geologiese verskille tussen die onderskeie assosiasies uitgelig word.

Dié plantegroeitepe word op sewe verskillende landtipes aangetref. Die dominante grondvorme, gronddiepte, grondtekstuur en persentasie klei-inhoud sal by die bespreking van die onderskeie assosiasies behandel word.

Hierdie plantegroeitepe word deur spesiegroep 16 (Tabel 13) gedifferensieer. Hierdie groep sluit alle spesies in wat in meer as 25.5 % van die relevés voorkom. Die dominante houtagtige spesies is *Ziziphus mucronata* en *Acacia karroo* (spesiegroep 16, Tabel 13). Die dominante grasspesies van dié klas is *Cynodon dactylon*, *Panicum coloratum* en *Eragrostis micrantha* (spesiegroep 16, Tabel 13). Dominante kruidspesies is *Selago densiflora*, *Gomphocarpus fruticosus*, *Nidorella*

resedifolia, *Berkheya radula*, *Geigeria ornativa* en *Nerine laticoma* (spesiegroep 16, Tabel 13).

Die teenwoordigheid van spesies soos *Gomphocarpus fruticosus*, *Nidorella resedifolia* en *Geigeria ornativa* is 'n aanduiding van versteuring terwyl *Nerine laticoma* en *Berkheya radula* 'n aanduiding van vogtige toestande is.

Alliansie 5.1: *Scirpoides dioecus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Dié alliansie word hoofsaaklik as lokale kolle in nie-standhoudende rivierbeddings, spruite en panne, wat verspreid in die studiegebied voorkom, aangetref. Die ligging, hellings, hellingslengte, hoogte bo seespieël, geologie, landtipes, dominante grondvorme, gronddiepte en grondtekstuur word breedvoeriger by die bespreking van die onderskeie assosiasies van dié alliansie bespreek.

Hierdie alliansie word deur spesies van spesiegroep 6 (Tabel 13) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies van die alliansie is *Scirpoides dioecus*, *Vernonia oligocephala* en *Cullen obtusifolia* (spesiegroep 6, Tabel 13). Prominente boom-, struik- gras- en kruidspesies stem ooreen met dié van Klas 5.

Assosiasie 5.1.1: *Cyperus longus* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Dié assosiasie word op rivierbeddings net oos van Dibeng- (relevé 223), wes van Reivilo- (relevé 530) en by Koopmansfontein (relevé 689) aangetref. Die assosiasies kom op nie-standhoudende, konveks spruitbeddings voor. Die hellingslengte varieer van 50 tot 500 m. Hierdie assosiasie kom by hoogtes van 1 101m (relevé 223) tot 1 464 m (relevé 530) voor.

Die enigste geologiese ooreenkoms tussen die onderskeie relevés is oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom. Waaisand word ook oor die algemeen aangetref. Oppervlakkalksteen is litologies die algemeenste gesteentes wat orals in die landskap aangetref word (Bylae 5a).

Hoewel die assosiasie op drie verskillende landtipes voorkom is die dominante grondvorm die Mispahvorm. Die gronde is baie vlak en word op rots aangetref. Die Mispahvorm het hier 'n diepte van 0 tot 300 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur varieer van fyn-



Figuur 55 *Acacia karroo - Panicum coloratum* oop boomveld van 'n nie-standhoudende rivier



Figuur 56 *Setaria verticillata - Acacia karroo* geslote boomveld (Sub-assosiasie 5.1.3.2.)

sand tot fynsand-leem en die persentasie klei-inhoud van die A horison varieer van 6 tot 15 % (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Donga-erosie kom by relevé 689 voor.

Hierdie assosiasie word deur spesies van spesiegroep 1 (Tabel 13) gedifferensieer. Die enigste twee diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Cyperus longus* en *Salvia disermas* (spesiegroep 1, Tabel 13). Die boom- en struikstratum is swak ontwikkel en het gemiddelde kroonbedekkings onderskeidelik 6 % en 1 % (Bylae 5a). *Ziziphus mucronata* en *Acacia karroo* (spesiegroep 16, Tabel 13) word selde aangetref. Die gras- en kruidstratum is goed ontwikkel en het onderskeidelik gemiddelde kroonbedekkings van 27 % en 39 % (Bylae 5a). Prominente gras- en kruidspesies van dié assosiasie, spesies van spesiegroep 1 (Tabel 13) uitgesluit, is *Scirpiodes dioecus* en *Cullen obtusifolia* (spesiegroep 6, Tabel 13), *Cynodon dactylon*, *Panicum coloratum* en *Nidorella resedifolia* (spesiegroep 16, Tabel 13). Spesies van spesiegroepe 6 en 16 (Tabel 13) vorm deel van die floristiese samestelling van hierdie assosiasie. 'n Gemiddeld van 21 spesies per relevé is hier aangetref (Bylae 5a).

Assosiasie 5.1.2: *Enneapogon cenchroides* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Hierdie assosiasie kom as lokale kolle oos van Spitskop (relevés 446 en 447), in die Moloporivier (wes van Bray; relevé 17), oos van Jan Kempdorp (relevé 345) en wes van Reivilo (relevés 514 en 537) voor. Relevés 345 en 514 is nie-standhoudende panne, terwyl die res van die relevés in nie-standhoudende spruitbeddings aangetref word. Dié assosiasie is nie as 'n geheel karteerbaar nie en kom by hoogtes van 1 051 m (relevé 17) tot 1 491 m (relevé 514) bo seespieël voor (Bylae 5b).

Geologies is daar nie 'n sterk ooreenkoms tussen die onderskeie relevés nie. Relevés 446 en 447 kom hoofsaaklik op tilliet en skalie voor, terwyl relevés 17, 514 en 537 op rooi tot vleeskleurige waaisand van Tersière tot Resente ouderdom aangetref word. Litologies is die grootste ooreenkoms tussen die relevés sand en oppervlakkalksteen.

Die dominante grondvorms, gronddiepte en grondtekstuur varieer van relevé tot relevé. By relevés 446 en 447 is die dominante grondvorms hoofsaaklik die Mispah- (100 - 250 mm diep), Dundee-, Oakleaf- en Katspruitvorm (300 - 1 200 mm diep) (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Die persentasie klei-inhoud van die A- en B-horison varieer onderskeidelik van 10 - 25 % en 15 - 35 %, terwyl die grondtekstuur vanaf fynsand-leem tot fynsand-kleileem en van leem-fynsand tot fynsand-kleileem varieer (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die geologie van relevés 514 en 537 stem ooreen met dié van assosiasie 5.1.1. By relevé 17 is die dominante grondvorm die Fernwoodvorm met 'n diepte van meer as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die A- en B-horison het 'n klei-inhoud wat onderskeidelik tussen 2 - 4 % en 3 - 6 % varieer (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Die grondtekstuur varieer hier van 'n fynsand tot 'n mediumsand (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Matige erosie kom by relevé 446 voor.

Hoewel die assosiasie 'n groot variasie ten opsigte van die geologie, litologie, grondvorm, grond-diepte, grondtekstuur en klei-inhoud toon, is die floristiese samestelling daarvan dieselfde. Dié assosiasie word deur spesies van spesiegroep 2 (Tabel 13) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies is *Polygonum hystriculum*, *Enneapogon cenchroides* en *Tragus racemosus* (spesiegroep 2, Tabel 13). Die boom- en struikstratum is baie swak ontwikkel en het gemiddelde kroonbedekkings van onderskeidelik 2 en 1 % (Bylae 5b). Die gras- en kruidlaag is redelik goed ontwikkel en het gemiddelde kroonbedekkings van 30 % en 32 % (Bylae 5b). Dominante gras- en kruidspesies is *Chloris virgata*, *Aristida adscensionis* en *Senecio inaequidens* (spesiegroep 15, Tabel 13), *Panicum coloratum*, *Walafrida densiflora*, en *Nidorella resedifolia* (spesiegroep 16, Tabel 13). Spesies van spesiegroepe 12 tot 16 (Tabel 13) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie. Die assosiasie het 'n gemiddeld van 23 spesies per relevé (Bylae 5b).

Assosiasie 5.1.3: *Cirsium vulgare* - *Cynodon dactylon* oop boomveld

Dié assosiasie word hoofsaaklik as lokale kolle in die nie-standhoudende, droë spruitbeddings en panne aangetref. Aangesien dié assosiasie uit twee sub-assosiasies bestaan sal die ligging van die *Cirsium vulgare* - *Cynodon dactylon* oop boomveld afsonderlik onder elk van dié twee sub-assosiasies bespreek word. Hierdie assosiasie word by hoogtes van 1 195 m (relevés 1 025 en 1 026) tot 1 512 m (relevé 674) bo seespieël aangetref (Bylae 2c en d). Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 317 m (Bylae 5c + 5d/2).

Die geologie van die assosiasies is kompleks. By sub-assosiasie 5.1.3.1. is oppervlakkalksteen, sand en dolomiet die prominentste geologiese gesteentes, terwyl die belangrikste geologiese

gesteentes van sub-assosiasie 5.1.3.2. hoofsaaklik uit eccasandsteen, eccaskalie, eccagrinsteen en rooi tot vleeskleurige waaisand met puin en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom bestaan.

Die dominante landtipes, grondvorms, gronddiepte en grondtekstuur varieer baie en word by die bespreking van sub-assosiasies 5.1.3.1. en 5.1.3.2. breedvoerig bespreek.

Die *Cirsium vulgare* - *Cynodon dactylon* oop boomveld word deur spesies van spesiesgroep 5 (Tabel 13) gedifferensieer. Die diagnostiese spesies van dié assosiasie is *Cirsium vulgare*, *Stipagrostis uniplumis* en *Scabiosa columbaria* (spesiesgroep 5, Tabel 13). Prominente bome en struik is *Rhus lancea* (spesiesgroep 14, Tabel 13), *Ziziphus mucronata* en *Acacia karroo* (spesiesgroep 16, Tabel 13). Dominante grasspesies is *Themeda triandra* en *Eragrostis lehmanniana* (spesiesgroep 14, Tabel 13), *Cynodon dactylon*, *Panicum coloratum* en *Eragrostis micrantha* (spesiesgroep 16, Tabel 13). Prominente kruide van dié assosiasie *Scirpoides dioecus* (spesiesgroep 6, Tabel 13), *Schkuhria pinnata* (spesiesgroep 15, Tabel 13) en *Selago densiflora* (spesiesgroep 16, Tabel 13). Spesies van spesiesgroepe 6, 14, 15 en 16 (Tabel 13) vorm deel van die floristiese samestelling van dié assosiasie.

Sub-assosiasie 5.1.3.1: *Fingerhuthia africana* - *Panicum coloratum* oop boomveld

Die *Fingerhuthia africana* - *Panicum coloratum* oop boomveld kom hoofsaaklik as lokale kolle binne die studiegebied, in die nie-standhoudende, droë spruitbeddings en panne, voor. Hierdie panne word wes van Reivilo- (relevés 515, 520 en 522) en oos van die Kurumanheuwels, op die plaas Sunnyside (relevé 674) aangetref. Die droë spruitbeddings word noordoos van Kommando-drif (relevé 392), suid van Daniëlskuil (langs die Postmasburg-Koopmansfonteinpad; relevé 685), wes van Koopmansfontein (relevés 691 en 693), 20 km suid van Vryburg (relevés 1 025 en 1 026) en noordoos van Kuruman (relevé 1 042) aangetref. Hierdie sub-assosiasie word by hoogtes van 1 195 m (relevés 1 025 en 1 026) tot 1 512 m (relevé 674) bo seespieël aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 383 m (Bylae 5c).

Hoewel die geologie van dié sub-assosiasies varieer, word 63.34 % van die relevés op oppervlakkalksteen aangetref (Bylae 5c). Litologies word oppervlakkalksteen, sand en dolomiet by

onderskeidelik 63.34 %, 36.36 % en 27.3 % van die relevés aangetref.

Oor die algemeen stem die dominante grondvorm, gronddiepte, grondtekstuur en klei-inhoud van dié sub-assosiasie ooreen met dié van assosiasie 5.1.1. Die grondvorm van relevés 1 025 en 1 026 verskil egter en bestaan hoofsaaklik uit die Oakleaf- en Dundeelvorm met dieptes van onderskeidelik 900 tot 1 200 mm en dieper as 1 200 mm (Landtipe-opnamepersoneel 1986c).

Die *Fingerhuthia africana* - *Panicum coloratum* oop boomveld word deur spesies van spesie-groep 3 (Tabel 13) gedifferensieer. Die dominante diagnostiese spesies van dié sub-assosiasie is *Melolobium calycinum*, *Fingerhuthia africana*, *Pentzia viridis*, *Pterothrix spinescens* en *Heben-stretia angolensis* (spesiegroep 3, Tabel 13). Die boom- en struikstratum is beter ontwikkel as dié van assosiasies 5.1.1. en 5.1.2. en het gemiddelde kroonbedekking van onderskeidelik 8 en 3 % (Bylae 2c). Prominente bome en struie is *Rhus lancea* (spesiegroep 14, Tabel 13), *Ziziphus mucronata* en *Acacia karroo* (spesiegroep 16, Tabel 13). Die grasstratum is redelik ontwikkel en het 'n gemiddelde kroonbedekking van 25 % (Bylae 2c). Dominante grasspesies is *Fingerhuthia africana* (spesiegroep 3, Tabel 13), *Themeda triandra* (spesiegroep 14, Tabel 13), *Cynodon dactylon*, *Panicum coloratum* en *Eragrostis micrantha* (spesiegroep 16, Tabel 13). Die kruidstratum is nie so goed soos dié van assosiasies 5.1.1. en 5.1.2. ontwikkel nie. Die kruidstratum het 'n gemiddelde kroonbedekking van 14 % (Bylae 2c), met *Scirpoides dioecus* (spesiegroep 6, Tabel 13), *Stachys spathulata* (spesiegroep 14, Tabel 13), *Salvia verbenaca* (spesiegroep 15, Tabel 13) en *Selago densiflora* (spesiegroep 16, Tabel 13) die dominante kruide. Spesies van spesiegroepe 5, 6, 14 15 en 16 (Tabel 13) vorm deel van die floristiese samestelling van dié sub-assosiasie. Die sub-assosiasie het gemiddeld 28 spesies per relevé (Bylae 5c).

Sub-assosiasie 5.1.3.2. *Setaria verticillata* - *Acacia karroo* geslote boomveld (Figuur 56)

Die *Setaria verticillata* - *Acacia karroo* oop boomveld kom hoofsaaklik as lokale kolle binne die studiegebied, in die nie-standhoudende rivierbeddings en rivierwalle, voor. Hierdie sub-assosiasie word in die Balkfontein-omgewing naby Bothaville (relevé 395), in die Kommandodrif-omgewing (relevés 402), in die Vryburg-omgewing (relevé 741) en naby Setlagole (relevés 1 019 en 1 020) aangetref. Relevés 402 en 1 019 is rivierwalle, terwyl relevés 395, 741 en 1 020 rivierbeddings is. Hierdie sub-assosiasie word by hoogtes van 1 202 m (relevés 741) tot 1 300 m (relevé 395)

bo seespieël aangetref. Die gemiddelde hoogte bo seespieël is 1 251 m (Bylae 5d).

Die geologie van die assosiasies varieer van Eccasandsteen, -skalie en -grintsteen wat by relevés 395 en 402 aangetref word, tot rooi en vleeskleurige waaisand met puin en oppervlakkalksteen van Tersière tot Resente ouderdom wat by relevés 1 019 en 1 020 aangetref word. Andesitiese tot basaltiese lawa van Supergroep Ventersdorp wat met kalkkreet bedek is kom by relevé 741 voor. Litologies kom skalie en oppervlakkalksteen by onderskeidelik 60 % en 40 % van die relevés voor. Sand en areniet word elk by 40 % van die relevés aangetref (Bylae 5d).

Die dominante grondvorms varieer van die Arcadia- (dieptes van 700 - 9000 mm), Valsrivier- en Rensburgvorm (dieptes van 600 - 900 mm) wat by relevés 395 en 402 aangetref word tot die Willowbrookvorm (dieptes 450 - 700 mm) wat by relevés 1 019 en 1 020 aangetref word. Die grondtekstuur bestaan uit klei (relevés 395 en 402) en fynsand-kleileem (relevés 1 019 en 1 020) (Landtipe-opnamepersoneel 1986c). Donga-erosie kom by relevés 402 en 741 voor.

Melolobium macrocalyx Dummer var. *longifolium* Dummer
Melolobium macrocalyx Dummer var. *macrocalyx*
Melolobium microphyllum (L.f.) Eckl. & Zeyh. [1 224]
Mundulea sericea (Willd.) A.Chev. [229]
Otoptera burchellii DC. 600, 794; [600, 794]
Peltophorum africanum Sond.
 **Prosopis glandulosa* Torr. var. *torreyana* (Benson) Johnst.
Ptycholobium biflorum (E.Mey.) Brummitt subsp. *biflorum* [384, 493, 613, 731]
Requienia pseuosphaerosperma (Schinz) Brummitt [500, 586]
Requienia sphaerosperma DC. [459, 773]
Rhynchosia adenodes Eckl. & Zeyh. [623, 626]
Rhynchosia confusa Burt Davy 791; [126, 454, 791]
Rhynchosia holosericea Schinz [967]
Rhynchosia minima (L.) DC. [807, 1 154]
Rhynchosia monophylla Schltr.
Rhynchosia totta (Thunb.) DC. var. *totta* 1 107; [78, 373, 968, 996, 1 107]
Rhynchosia venulosa (Hiern) K.Schum. 905; [905]
Senna italica Mill. subsp. *arachoides* (Burch.) Lock 349
Sutherlandia frutescens (L.) R.Br. [980, 1 221]
Sutherlandia microphylla Burch. ex DC. [765]
Tephrosia angulata E.Mey.
Tephrosia burchellii Burt Davy [94, 282, 917, 938]
Tephrosia capensis (Jacq.) Pers.
Tephrosia longipes Meisn. subsp. *longipes* var. *longipes*
Tephrosia lupinifolia DC. [458, 535, 1 322]
Tephrosia purpurea (L.) Pers. subsp. *leptostachya* (DC.) Brummitt var. *leptostachya*
 610, 630, 900; [503, 531, 610, 630, 890, 900]

Vigna sp. [451]

Zornia milneana Mohlenbr. [785, 1 119]

GENTIANACEAE

Sebaea compacta A.W.Hill

Sebaea exigua (Oliv.) Schinz 1 202; [1 202]

Sebaea grandis (E.Mey) Steud

Sebaea pentandra E.Mey.

GERANIACEAE

Monsonia angustifolia E.Mey. ex A.Rich. [149, 188]

Monsonia burkeana Planch. ex Harv.

Sarcocaulon sp. (SP)

ILLECEBRACEAE

Monsonia burkeana Planch. ex Harv.

Pelargonium dolomiticum R.Knuth 1020; [1 020]

Pelargonium gilgianum Schltr. ex R.Knuth 1293; [1 293]

Pollichia campestris Aiton [298, 382]

LAMIACEAE

Acrotome angustifolia G.Taylor

Acrotome hispida Benth.

Acrotome inflata Benth.

Hemizygia linearis (Benth.) Briq. (SP)

Leucas capensis (Benth.) Engl. 232; [232, 482]

**Ocimum americanum* L. var. *americanum* 391, 612; [391, 601, 612]

Salvia disermas L. [103]

Salvia namaensis Schinz [164]

Salvia stenophylla Burch. ex Benth. (SP)

Salvia verbenaca L.

Stachys hyssopoides Burch. ex Benth. [948]

Stachys spathulata Burch. ex Benth. [1 123, 1 142]

Teucrium trifidum Retz. [423]

LORANTHACEAE

Lobelia erinus L.

Tapinanthus rubromarginatus (Engl.) Danser [19]

Tapinanthus oleifolius (J.C.Wendl.) Danser (Leistner 1959b)

MALPIGHIACEAE

Triaspis hypericoides (DC.) Burch. subsp. *hypericoides*

MALVACEAE

Abutilon austro-africanum Hochr [385, 757, 1 038]

Abutilon grandiflorum G.Don [614, 1 110]

Hibiscus aethiopicus L

Hibiscus calyphyllus Cav. [718]

Hibiscus engleri K.Schum. [400]

Hibiscus marlothianus K.Schum.

Hibiscus micranthus L.f. [491, 617]

Hibiscus pusillus Thunb. [141, 960]

Hibiscus trionum L. [154, 197, 418]

Malva parviflora L. var. *crispata* Boiss. (SP)

Malva parviflora L. var. *parviflora* (SP)

Pavonia burchellii (DC.) R.A.Dyer [276]

Sida ovata Forssk. (SP); [905]

Sida chrysantha Ulbr. [422, 889, 965, 970, 970, 972]

Sida cordifolia L. [277]

Sida dregei Burttt Davy [47, 220]

**Sphaeralcea bonariensis* (Cav.) Griseb. [401]

MARCHANTIACEAE

Marchantia sp.

MELIACEAE

Nymanianthus capensis (Thunb.) Lindb.

MELIANTHACEAE

Melianthus comosus Vahl

MENISPERMACEAE

Antizoma angustifolia (Burch.) Miers ex Harv. [120, 290, 1 198]

MESEMBRYANTHEMACEAE

Delosperma cooperi (Hook.f.) L.Bolus

Hereroa wilmaniae L.

Lithops lesliei (N.E.Br.) N.E.Br.

Lithops aucampiae subsp. *aucampiae*

Mestoklema arboriforme (Burch.) N.E.Br. ex Glen

Psilocaulon adsimile N.E.Br.

Psilocaulon articulatum (Thunb.) N.E.Br (Leistner versamel nr.3039)

Ruschia axthelmiana (Dinter) Schwantes 39; [39]

Ruschia griquensis (L.Bolus) Schwantes

Ruschia unidens (Haw.) Schwantes [493, 954]

MORACEAE

Ficus ingens (Miq.) Miq. var. *ingens*

Ficus cordata Thunb.

NEURADACEAE

Neuradopsis austro-africana (Schinz) Bremek. & Oberm. [923]

NYCTAGINACEAE

Boerhavia diffusa L. (Leistner 1967); [1 140]

Boerhavia repens L. (Leistner 1967)

Commicarpus pentandrus (Burch.) Heimerl 200, [200, 1 004]

OLEACEAE

Menodora africana Hook. 175; [175]

Olea europaea L. subsp. *africana* (Mill.) P.S.Green [1 116]

OXALIDACEAE

Oxalis corniculata L. (SP)

Oxalis depressa Eckl. & Zeyh. [36]

**Oxalis latifolia* Humb., Bonpl. & Kunth

Oxalis pes-caprae L. [365, 414]

PAPAVERACEAE

**Argemone ochroleuca* Sweet ochroleuca

**Argemone subfusiformis* G.B.Ownbey (SP)

Papaver aculeatum Thunb. (SP)

PEDALIACEAE

Ceratotheca triloba (Bernh.) Hook.f.

Dicerocaryum eriocarpum (Decne.) Abels [326, 1 199]

Harpagophytum procumbens (Burch.) DC. ex Meisn. subsp. *procumbens* [590]

Sesamum triphyllum Welw. ex Asch. var. *grandiflorum* (Schinz) Merxm. [198]

Sesamum triphyllum Welw. ex Asch. var. *triphyllum* [118]

PLUMBAGINACEAE

Plumbago zeylanica L. [1 031a]

POLYGALACEAE

Polygala leptophylla Burch. var. *leptophylla* [52, 285]

Polygala leptophylla Burch. var. *armata* (Chodat) Paiva

POLYGONACEAE

Oxygomum alatum Burch. var. *alatum* [311, 530]

Oxygomum delagoense Kuntze

Oxygonum dregeanum Meisn. subsp. *canescens* (Sond.) Germish. var. *lobophyllum* [153, 911]

Polygonum hystriculum J. Schust [471]

Polygonum limbatum Meisn. (SP)

Polygonum plebeium R.Br. (NvR & GJB 233); [157]

PORTULACACEAE

Portulaca grandiflora Hook. (SP)

Portulaca kermesina N.E.Br. (Leistner 1967); [26, 224, 604]

**Portulaca oleracea* L. [291, 403, 724]

Portulaca trianthemoides Bremek.

Talinum arnotii Hook.f. (Le Riche 72, 118); [17, 516]

Talinum caffrum (Thunb.) Eckl. & Zeyh. [25, 213, 240, 539]

RANUNCULACEAE

Clematis brachiata Thunb. [817]

Clematis oweniae Harv. (SP); 1 014]

Ranunculus multifidus Forssk.

RHAMNACEAE

Ziziphus mucronata Willd. subsp. *mucronata*

Ziziphus zeyheriana Sond.

RUBIACEAE

Anthospermum rigidum Eckl. & Zeyh. subsp. *pumilum* (Sond.) Puff 1 048; [789, 791, 1 048]

Canthium inerme (L.f.) Kuntze

Gardenia lutea Fresen.

Kohautia cynanchica DC. [228, 369]

Kohautia virgata (Willd.) Bremek.

Nenax microphylla (Sond.) Salter [759b, 1 203]

Spermacoce deserti N.E.Br. 710; [710]

Vangueria infausta Burch. subsp. *infausta* [1 031]

SACACEAE

Cephalaria zeyheriana Szabó

Scabiosa columbaria L. [161, 1 024, 1 204]

SANTALACEAE

Polygonum hystriculum J.Schust. 471

**Rumex crispus* L.

Thesium hystrix A.W.Hill Germish [38, 1 377]

SCROPHULARIACEAE

Alectra pumila Benth. 983; [983]

Aptosimum albomarginatum Marloth & Engl. [139, 499, 702]

Aptosimum decumbens Schinz [195, 450, 501]

Aptosimum elongatum Engl.

Aptosimum lineare Marloth & Engl. [496, 1 788]

Aptosimum marlothii (Engl.) Hiern [51]

Aptosimum procumbens (Lehm.) Steud.

Aptosimum pubescens Weber [486]

Aptosimum spinescens (Thunb.) Weber

Cycnium tubulosum (L.f.) Engl. [1 207]

Hebenstretia angolensis Rolfe [1 013]

Hebenstretia integrifolia L. [465]

Jamesbrittenia albiflora (I.Verd.) Hilliard 1 114, 1 185; [1 114, 1 185]

Jamesbrittenia atropurpurea (Benth.) Hilliard subsp. *atropurpurea* [319, 611, 703, 841]

Jamesbrittenia aurantiaca (Burch.) Hilliard 1 096, [1 096]

Manulea buchneroides Hilliard & B.L.Burtt [721]

Nemesia floribunda Lehm. (SP)

Nemesia fruticans (Thunb.) Benth. 1 029; [1 029]

Nemesia lilacina N.E.Br. [793a]

Peliostomum leucorrhizum E.Mey. ex Benth. 286, 380; [286, 380, 497, 732]

Selago densiflora Rolfe [630, 744]
Selago geniculata L.f.
Selago nachtigalii Rolfe 1 317; [162, 806, 1 317]
Selago paniculata Thunb. [485]
Selago saxatilis E.Mey. (nuwe naam) 1 223; [1 223]
Selago welwitschii Rolfe var. *welwitschii* (SP)
Striga elegans Benth.
Striga gesnerioides (Willd.) Vatke ex Engl.
Sutera aethiopica (L.) Kuntze
Sutera affinis (Bernh.) Kuntze
Sutera aurantiaca (Burch.) Hiern (SP); [568]
Sutera caerulea (L.f.) Hiern
Sutera campanulata (Benth.) Kuntze (SP)
Sutera halimifolia (Benth.) Kuntze
Sutera patriotica Hiern 1 035; [1 035]
Walafrida polycephala (Otto ex Walp.) Rolfe (SP)

SOLANACEAE

**Datura ferox* L.
Datura stramonium L.
Lycium bosciifolium Schinz [13, 1 057]
Lycium cinereum Thunb. [15, 16, 37, 211]
Lycium hirsutum Dunal [506]
Lycium prunus-spinosa Dunal (NvR)
Nicotiana glauca Graham (SP); [933]
**Nicotiana longiflora* Cav. 933; [933]
**Physalis angulata* L. [171]
Physalis peruviana L. (SP)
Solanum capense L.
Solanum coccineum Jacq.
Solanum incanum L.
**Solanum nigrum* L.

Solanum panduriforme E.Mey.

Solanum supinum Dunal var. *supinum*

Solanum tomentosum L.

Withania somnifera (L.) Dunal

STERCULIACEAE

Hermannia affinis K.Schum. 1162; [366, 627, 761, 1 162, 1 241]

Hermannia boraginiflora Hook. [173]

Hermannia bryoniifolia Burch. 1 366; [1 141]

Hermannia burchellii (Sweet) I.Verd. (378, 850)

Hermannia cernua Thunb. [116]

Hermannia coccocarpa (Eckl. & Zeyh.) Kuntze [778, 787, 843]

Hermannia comosa Burch. ex DC. 74; [367, 763, 1 063, 1 163]

Hermannia depressa N.E.Br.

Hermannia eenii Baker f. [1 001]

Hermannia jacobefolia (Turcz.) R.A.Dyer

Hermannia linearifolia Harv. 1 100; [1 100]

Hermannia modesta (Ehrenb.) Mast. 1 133; [181, 477, 521, 793, 953, 1 133]

Hermannia pulchella L.f. [855, 952]

Hermannia quartiniana A.Rich. subsp. *quartiniana* [214, 786]

Hermannia tomentosa (Turcz.) Schinz ex Engl. 96; [96, 368, 712, 913, 940]

Melhania acuminata Mast. [417, 608]

Melhania burchellii DC. [321, 753]

Melhania didyma Eckl. & Zeyh. (SP)

Melhania prostrata DC. [959, 1 196]

Melhania rehmannii Szyszyl. [210, 526, 631a, 967a]

Waltheria indica L. [616, 629, 891]

THYMELAEACEAE

Gnidia burchellii (Meisn.) Gilg

Gnidia polycephala (C.A.Mey.) Gilg [364, 402, 766]

TILIACEAE

Corchorus asplenifolius Burch. 786; [413, 1 060]

Corchorus schimperi Cufod. [632a]

Grewia flava DC. 921; [921]

Grewia retinervis Burret [1 036]

TRIBULACEAE

Tribulus zeyheri Sond. subsp. *zeyheri* [505, 522a]

Tribulus terrestris L.

ULMACEAE

Celtis africana Burm.f. [1 033]

VAHLIACEAE

Vahlia capensis (L.f.) Thunb. subsp. *capensis* [86, 190, 221, 758]

VERBENACEAE

Chascanum hederaceum (Sond.) Moldenke var. *hederaceum* [408, 1 055]

Chascanum pinnatifidum (L.f.) E.Mey. var. *pinnatifidum* 60; [60,152, 625]

Chascanum pumilum E.Mey. [709]

Lantana rugosa Thunb. [248]

Lippia scaberrima Sond. [102, 178]

**Verbena bonariensis* L. [934]

**Verbena officinalis* L. [165]

VISCACEAE

Viscum rotundifolium L.f. [41]

ZYGOPHYLLACEAE

Zygophyllum spinosum L. [738]

Zygophyllum incrustatum E.Mey. ex Sond. [798]

Zygophyllum microphyllum L.f. [706, 924]

Zygophyllum pubescens Schinz [66, 362, 476]

6.3. Skaars, bedreigde en Rooi data spesies

Die volgende spesies is Rooi Dataspesies waarvan die bewaringsstatus as bedreig, skaars of nie bedreig beskou word (Hilton-Taylor 1996) (E = endemies tot suidelike Afrika suid van Zimbabwe, Angola en Mosambiek; I = onbepaald (*indeterminate*) d.w.s. taxa wat uitgestorf, bedreig, blootgestel (*vulnerable*) en skaars is, maar daar is min inligting beskikbaar om te besluit tot watter een van dié vier kategorieë die taxa moet behoort; R = skaars; NT = nie bedreig; V = blootgestel (*vulnerable*) d.w.s. spesies wat met die verloop van tyd as bedreig beskou sal word indien die faktore wat die afname veroorsaak voortgaan; K (U) = onseker). Hilton Taylor (1996a; 1997) is ook geraadpleeg om vas te stel of daar enige toevoegings tot die Rooi Data Lys van 1996 is):

<i>Babiana hypogea</i> Burch. var. <i>longituba</i> G.J.Lewis	-	E; I
<i>Barleria macrostegia</i> Nees	-	E
<i>Euryops subcarnosus</i> DC. subsp. <i>vulgaris</i> B.Nord.	-	E; R
<i>Harpagophytum procumbens</i> (Burch.) DC. ex Meisn. subsp. <i>procumbens</i>		NT
<i>Helichrysum rutilans</i> (L.) D.Don	-	E; NT
<i>Hoodia gordonii</i> (Masson) Sweet ex Decne.	-	E; NT
<i>Lithops aucampae</i> L. Bolus subsp. <i>aucampiae</i> var. <i>koelemanii</i> (de Boer)		
D.T. Cole	-	E; K (U)
<i>Lithops lesliei</i> (N.E.Br.) N.E.Br. subsp. <i>burchellii</i> D.T. Cole		E; R
<i>Lobelia erinus</i> L.	-	NT
¹ <i>Nemesia fruticans</i> (Thunb.) Benth.	-	E; NT
<i>Pentzia incana</i> (Thunb.) Kuntze	-	E; NT
<i>Portulaca trianthemoides</i> Bremek.	-	E; V
<i>Stapelia garipeensis</i> Pillans	-	E; NT

¹ *Nemesia fruticans* (Thunb.) Benth. Hoewel die spesies volgens Hilton-Taylor (1996) as endemies beskou was voer Hilton-Taylor (1997) aan dat die spesies nie endemies is nie. Dié spesie word volgens die IUCN se Rooi Data Lys kategorie as lae risiko, minder bekommerd beskou (Hilton-Taylor 1997)

<i>Stapelia rubiginosa</i> Nel	-	E; R; V
<i>Sutera aethiopica</i> (L.) Kuntze	-	E; NT
<i>Sutera campanulata</i> (Benth.) Kuntze	-	E; NT
<i>Wahlenbergia androsacea</i> A. DC.	-	E; NT
<i>Tridentea marientalensis</i> (Nel) L.C. Leach subsp. <i>marientalensis</i>		E; NT

Volgens Hilton-Taylor (1997) bly die status van *Tridentea marientalensis* (Nel) L.C. Leach subsp. *marientalensis* onveranderd

Lithops lesliei subsp. *burchellii*, *Stapelia rubiginosa* en *Euryops subcarnosus* subsp. *vulgaris* word as skaars beskou, terwyl *Portulaca trianthemoides* en *Stapelia rubiginosa* as blootgestel (*vulnerable*) beskou word (Hilton-Taylor 1996). Volgens Hilton-Taylor (1996) is die status van *Babiana hypogea* var. *longituba* onseker en kan dié spesie, as gevolg van te min inligting, as uitgesterf, bedreig, vatbaar of skaars beskou word. Al bogenoemde spesies, met die uisondering van *Harpagophytum procumbens* subsp. *procumbens* en *Lobelia erinus* is endemies tot suidelike Afrika, suid van Zimbabwe, Angola en Mosambiek (Hilton-Taylor 1996).

Geen spesies en korreksies van die spesieslys van die oostelike Kalahari Doringveld word deur Hilton-Taylor (1996a; 1997) ingesluit of verander nie. Verder is daar ook geen toevoegings van die spesies in die oostelike Kalahari Doringveld wat ingesluit word in die Rooi Data Lys van Hilton-Taylor (1997) nie.

6.4. Gifplante

Suid-Afrika is wel bekend vir die diversiteit en skoonheid van sy flora. Dit is egter ironies, maar nie heeltemal onverwags, dat dié sub-kontinent "geseënd" is met 'n moontlike onvergelyklike verskeidenheid van gifplante en toksiese fungi nie (Kellerman *et al.* 1990). Die belangrikheid van gifplante en fungi in die vee of lewende hawe industrie van Afrika kan nie oorskakel word nie (Kellerman *et al.* 1990). Gifplante is een van die belangrikste probleme in die Suid-Afrikaanse landbou en veroorsaak nie alleen 'n regstreekse kapitaalverlies deur vrektes nie, maar verlaag ook die produksiepotensiaal van enige bepaalde streek deur 'n afname in vee- en wildproduksie en 'n verminderde doeltreffende veldbenutting (Vahrmeijer 1987). Verder bemoeilik gifplante

plaasbestuur en -beheer. Gifplante beïnvloed dus die waarde van grond en speel 'n belangrike rol in die ekonomiese eenhede en ander soorte beplanning van enige streek (Vahrmeijer 1987). Tydens 1926 en 1927 het naasteby 600 000 stuks kleinvee weens geeldikkop in Noordwes-Kaapland gevrek, terwyl 'n miljoen skape in Griekwaland-Wes, tydens 1929 en 1930, aan vermeersiekte wat deur *Geigeria* spp. veroorsaak is, gevrek het (Vahrmeijer 1987; Kellerman *et al.* 1990). Groot verliese kom jaarliks voor as gevolg van die resultaat van inname van hierdié, sowel as ander gifplante soos *Senecio* spp., *Dichapetalum cymosum*, lede van die Rubiaceae familie wat gousiekte veroorsaak en plante wat hart glikosiede bevat (Kellerman *et al.* 1990). Volgens Kellerman *et al.* (1990) voer verskeie navorsers aan dat gedurende sekere jare tussen 10 en 25 % van alle veevrektes in suidelike Afrika weens vergiftiging deur gifplante voorkom. In die lig van dié veevrektes en die ekonomiese en kapitale invloed wat dit op die vee- en/of wildboer kan hê is dit noodsaaklik om die algemene gifplante wat in die studiegebied voorkom en die siektes wat dit veroorsaak kortliks te noem (Tabel 17).

Kellerman *et al.* (1990) verdeel die gifplante en swamme (*mycotoxinoses*) van vee in suidelik Afrika in nege groepe op. Hierdie verdeling is gebaseer op die onderskeie sisteme van die liggaam wat deur gifplante of toksiese swamme geaffekteer word en die volgende sewe belangrikste groepe met die spesies betrokke word in die studiegebied onderskei:

1. Lewer

i. Hepatotoksikose (lewertoksikose) sonder fotosensitisering.

Prominente spesies van dié groep wat in die studiegebied aangetref word sluit die volgende spesies in: *Senecio* spp., *Crotalaria* spp., *Hertia pallens*, *Pteronia glauca*, *Xanthium spinosum*, *Xanthium strumarium* en *Galenia africana*.

ii. Hepatotoksikose (lewertoksikose) met fotosensitisering.

Kellerman *et al.* (1990) onderskei tussen twee soorte:

- a. Fotosensitisering wat primêr die lewerparenciem of grondweefsel beskadig - *Lasiospermum bipinnatum* is die enigste spesies van dié groep wat in die studiegebied aangetref word.
- b. Fotosensitisering wat primêr die gal beskadig - *Tribulus terrestris*,

Tabel 17 Algemene gifplante wat in die studiegebied voorkom (Vahrmeijer 1987; Kellerman *et al.* 1990)

Familie	Genus en spesie	Afrikaanse name	Siekte
Aizoaceae	<i>Galenia africana</i>	geelbos, kraalbos, perdebos	waterpens
Amaranthaceae	<i>Amaranthus</i> spp. (<i>Amaranthus hybridus</i>)	misbredie, hanekam	nitriet- en nitraatvergiftiging
Asclepiadaceae	<i>Gomphocarpus fruticosus</i>	blaasoppies, gansies, melkbos, wildevaring	tulp- en slangkopvergiftiging
Asclepiadaceae	<i>Sarcostemma viminale</i>	melktou, wolfsmelk, spantoumelkbos	simptome stem ooreen met dié van hartwater
Asteraceae	<i>Chrysocoma tenuifolia</i>	beesbossie, beeskaroo, bitterbos, bitterkaroo, brandbossie	kaalsiekte, lakseersiekte
Asteraceae	<i>Dimorphotheca cuneata</i>	groot-, mak-, wit- of karoobietou	blousuurvergiftiging, opblaas, geilsiekte
Asteraceae	<i>Geigeria ornativa</i>	vermeerbos, vomeerbos, misbeksiektebos	vermeersiekte
Asteraceae	<i>Pteronia pallens</i>	aasvoëlbossie, armoedsbossie, gombossie, witbas, swaelbos, mierbossie, witgatbossie, Scholtz-bossie	lewervergiftiging
Asteraceae	<i>Hertia pallens</i>	-	lewervergiftiging
Asteraceae	<i>Senecio</i> spp	dunsiektebossie, kraakstewel, krakerbossie	dunsiekte, Moltenosiekte
Asteraceae	<i>Osteospermum</i> spp. (<i>O. muricatum</i> , <i>O. scariosum</i> en <i>O. spinescens</i>)	-	geilsiekte, opblaas, blousuurvergiftiging
Chenopodiaceae	<i>Salsola tuberculata</i> var. <i>tomentosa</i>	blomkoolbossie, blomkoolganna, koolganna, brakbos	grootlamsiekte
Crassulaceae	<i>Kalanchoe rotundifolia</i>	plakkie, nentabos	krimpsiekte
Crassulaceae	<i>Malva parviflora</i>	kiesieblaar	krimp-, krampsiekte
Euphorbiaceae	<i>Euphorbia mauritanica</i>	beesmelkbos, geelmelkbos, gifmelkbos	tas die senuweestelsel aan

Tabel 17 (vervolg) Algemene gifplante wat in die studiegebied voorkom (Vahrmeijer 1987; Kellerman et al 1990)

Familie	Genus en spesie	Afrikaanse naam	Siekte
Fabaceae	<i>Crotalaria spartioides</i>	besembossie, duinebossie, Januariebos	duinsiekte, duinebosvergiftiging
Fabaceae	<i>Acacia erioloba</i>	kameeldoring	geilsiekte, opblaas, blousuurvergiftiging
Fabaceae	<i>Medicago laciniata</i>	klawergras	sekondêre fotosensitiserings
Iridaceae	<i>Moraea polystachya</i>	bloutulp, kraai-uintjie	tulpvergiftiging
Liliaceae	<i>Dipcadi glaucum</i>	malkop-ui	simptome stem ooreen met slangkopvergiftiging
Liliaceae	<i>Ornithoglossum viride</i>	Kaapse-, Karooslangkop, slangkop	slangkopvergiftiging
Liliaceae	<i>Urginea pusilla</i>	bergslangkop	slangkopvergiftiging
Liliaceae	<i>Urginea sanguinea</i>	rooislankkop, Transvaalse slangkop	slangkopvergiftiging
Melanthaceae	<i>Melanthus comosus</i>	kruidjie-roer-my-nie	tulp- en slangkopvergiftiging
Mesembryanthemaceae	<i>Delosperma cooperi</i>	vygie	oksaalsuurvergiftiging
Oxalidaceae	<i>Oxalis spp.</i>	suring	oksaalsuurvergiftiging
Poaceae	<i>Cynodon dactylon</i>	kweekgras	blousuurvergiftiging, opblaas, geilsiekte
Poaceae	<i>Panicum spp.</i>	buffelsgrasse	sekondêre fotosensitiserings
Santalaceae	<i>Rumex crispus</i>	tongblaar	oksaalsuurvergiftiging
Solanaceae	<i>Nicotiana glauca</i>	wildetabak	nitriet- en nitraatvergiftiging
Solanaceae	<i>Solanum incanum</i>	gifappel, bitterappel, grys bitterappel	-

Tabel 17 (vervolg) Algemene gifplante wat in die studiegebied voorkom (Vahrmeijer 1987; Kellerman *et al.* 1990)

Familie	Genus en spesie	Afrikaanse name	Siekte
Thymelacaceae	<i>Gnidia burchellii</i>	harpuisbos, repuisbos	-
Thymelaeaceae	<i>Gnidia polycephala</i>	besembossie, Januariebos, waaibossie	-
Verbenaceae	<i>Lippia spp. (Lippia scaberrima)</i>	beukebossies	sekondêre fotosensitisering
Zygophyllaceae	<i>Tribulus terrestris</i>	dubbeltjie, duwweltjie, volstruisdubbeltjie	geeldikkop, sekondêre fotosensitisering

Panicum maximum en *P. coloratum* kom oor die algemeen in die studiegebied voor. Dié *Panicum* spp. veroorsaak sporadiese gevalle van fotosensitiserings by skape in die somer en kom veral na 'n goeie somerreënval, wat op 'n voorafgaande droë seisoen volg, voor.

2. Sentrale senuweestelsel

'n Groot aantal gifplante en fungi veroorsaak senuwee simptome in vee in Suid-Afrika. Aangesien geen chemiese analise beskikbaar is om dié neurotoksiene te diagnoseer nie is die enigste manier om dié siektetoestand te identifiseer deur na letsels in die sentrale senuweestelsel te soek (Kellerman *et al.* 1990).

- i. Neurologiese wanorde (siektes) sonder opmerklike patologiese letsels
Sarcostemma viminale, *Euphorbia mauritanica*, *Dipcadi glaucum*, *Cynodon dactylon*, *Datura ferox* en *Nicotiana glauca* is die vernaamste spesies wat vir die siektetoestand in die studiegebied verantwoordelik is. *Malva parviflora* veroorsaak die siektetoestand baie selde en word slegs as van akademies belang genoem.
- ii. Neurologiese wanorde (siektes) met duidelike patologiese letsels
Trachyantra laxa word geassosieer met progressiewe, stygende deelsverlamming en verlamming in beeste, skape, perde en varke. *Helichrysum argyrosphaerum* veroorsaak dieselfde simptome by skape.

3. Hart

Plant geïnduseerde kardiotoxikose is die bekendste plantvergiftiging in suidelike Afrika en veroorsaak, individueel, jaarliks baie groot veeverliese in dié streek (Kellerman *et al.* 1990). Die vernaamste oorsaak van die vergiftiging is hart-glikosiede wat in plante voorkom.

- i. Akute vergiftiging deur kardenolied-bevattende plante
Gomphocarpus fruticosus is die enigste spesie in die studiegebied van hierdie groep. Dié spesie is hoogs onsmaklik en word slegs gevreet wanneer daar geen ander voedsel beskikbaar is nie (Kellerman *et al.* 1990).
- ii. Akute vergiftiging deur nie-ophopende bufadienolied-bevattende plante
Moraea polystachya, *Homeria pallida*, *Urginea sanguinea*, *Ornithoglossum viride* en *Melianthus comosus* is deel van die groep en kom in die

studiegebied voor.

4. Maagdermkanaal (Gastrointestinal tract)

Plante wat die maagdermkanaal beïnvloed kan rofweg in die volgende drie groepe verdeel word: die wat diarree veroorsaak, die wat ander tekens as diarree veroorsaak en die wat verantwoordelik is vir maagdermonsteking (gastroënteritis). Die bekendste spesies is spesies van die genus *Geigeria* wat vermeersiekte veroorsaak. *Ornithogalum* spp. is verantwoordelik vir *Chinkerinchee* vergiftig. *Jatropha multifida*, *Solanum incanum*, *Solanum nigrum*, *Cucumis africanus*, *Cucumis myriocarpus*, *Gnidia polycephala* en *Gnidia burchellii* is spesies binne die studiegebied wat verantwoordelik is vir vergiftiging van die maagdermkanaal.

5. Urogenitale stelsel

Gifstowwe wat die urogenitale stelsel beïnvloed kan in vier groepe verdeel word naamlik:

- i. Dié wat die niere primêre beïnvloed. Spesies van die volgende genusse kom in die studiegebied voor, veroorsaak oksaalsuurvergiftiging en beïnvloed die niere en maagdermkanaal: *Opuntia*, *Delosperma*, *Oxalis* en *Rumex*.
- ii. Dié waar die hoofeffek elders in die liggaam is en waardeur die niere sekondêr beïnvloed word - geen spesies van die groep kom in die studiegebied voor nie.
- iii. Gifstowwe wat die urineblaas beïnvloed - geen spesies van die groep kom in die studiegebied voor nie.
- iv. Gifstowwe wat die reprodktiewe (geslags-) stelsel en die ontwikkelde fetus beïnvloed - *Salsola tuberculata* kom plek-plek in die studiegebied voor en veroorsaak lamsiekte. *Salsola* spp. is egter oor die algemeen goeie weiding. Indien groot hoeveelhede van sekere *Salsola* spp. gevreet word kan dit grootlamsiekte veroorsaak (Kellerman *et al.* 1990).

6. Asemhalingstelsel

Long-edeem en emfiseem is nie-spesifieke veranderinge wat met baie infeksies, parasitologie en toksiese toestande in vee geassosieer word (Kellerman *et al.* 1990). Hierdie veranderinge is gewoonlik matig, ontwikkel terminaal en word oor die algemeen nie met

duidelike en verlengde tekens van asemhalingsangs of benoudheid geassosieer nie (Kellerman *et al.* 1990). *Crotalaria spartioides* word in Suid-Afrika geassosieer met 'n chroniese asemhalings siekte, bekend as jaagsiekte, wat by perde en muile voorkom. Ander spesies soos *Gnidia polycephala*, *Gnidia burchellii* en *Hertia pallens* veroorsaak akute long edeem en emfiseem by skape.

7. Hemapoïtiese sisteem

- i. Blousuurvergiftiging - In die studiegebied kom veral *Cynodon dactylon* volop voor en is potensieel toksies. Ander spesies wat vir blousuur vergiftiging in die studiegebied verantwoordelik is sluit *Acacia erioloba*, *Osteospermum muricatum*, *O. scariosum* en *O. spinescens*, *Dimorphotheca cuneata* en *Jatropha multifida* in.
- ii. Nitraat- of nitrietvergiftiging - Die belangrikste spesies in die studiegebied wat vir dié vergiftiging verantwoordelik is, is *Acacia nilotica* en *Amaranthus hybridus*.

6.5. Endemisme en endemiese spesies

Die term "endemies" verwys na 'n takson wat tot 'n geografiese area, binne 'n bepaalde grens, beperk is (Van Wyk & Smith 1998). 'n Endemiese spesie kan 'n nuwe of evolusionêre jong spesie, bekend as neo-endemies, wees óf dit kan 'n oorblyfsel van 'n spesie wees wat voorheen 'n wyer verspreiding gehad het (paleo-endemies) (Van Wyk & Smith 1998). 'n Endemiese spesie kan egter ook 'n habitat spesialis wees, wat nie jonk of oud is nie, maar eenvoudig binne 'n klein area, vanweë sy spesiale habitat of geïsoleerde lokaliteit, beperk is (holo-endemies) (Van Wyk & Smith 1998). Die term endemisme is egter 'n relatiewe begrip wat skaalverwant is (Van Wyk & Smith 1998). Oor die algemeen is isolasie en stabiliteit die twee hoof faktore wat die graad van endemisme beïnvloed (Van Wyk & Smith 1998). Die ontwikkeling van neo-endemisme word begunstig deur 'n vinnige tempo van evolusie, terwyl paleo-endemisme ontwikkel wanneer die evolusie tempo in verhouding tot die eksterne druk van klimatologiese en geologiese veranderinge laag is (Van Wyk & Smith 1998).

Meer as die helfte van die suidelike Afrika sub-kontinent bestaan uit woestyne of semi-woestyne met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van minder as 500 mm. Aangesien hierdie woestyne en semi-woestyne normaalweg met die verarming van lewe geassosieer word, is die floristiese statistiek

(syfers) van suidelike Afrika baie boeiende en interessant (Van Wyk & Smith 1998). Dié ariede gebiede van suidelike Afrika openbaar die rykste diversiteit van plant- en dierelewe van alle ariede streke in die wêreld (Lovegrove 1993). Aangesien dié gebiede van suidelike Afrika aried en semi-ariëd is, kan daar verwag word dat 'n baie groot persentasie van die plante sukkulente sal wees. Sukkulente is maar een van die plante wat ekologies en strategies aangepas is om in dié toestande te oorleef en voort te plant (Von Willert *et al.* 1992) en maak 'n aansienlike bydrae tot die plantdiversiteit van die sub-kontinent (Van Jaarsveld & Struck 1995). Die Mesembryanthemaceae familie is die grootste sukkulent-familie in dié sub-kontinent en is saam met die Asteraceae en Fabaceae families een van die grootste blomplantfamilies van die sub-kontinent (Gibbs Russell 1985). Suidelike Afrika huisves meer as 47 % van die geskatte 10 000 sukkulente plantspesies van die wêreld (Smith *et al.* 1997).

Die Wêreld Bewarings Unie (*World Conservation Union* - IUCN) en die *World Wide Fund for Nature* (WWF) het onlangs ongeveer 235 sentrums van plantdiversiteit wêreldwyd erken; 84 hiervan is in Afrika geleë (Davis *et al.* 1994). Van dié 84 sentrums in Afrika is 14 in suidelike Afrika geleë (Van Wyk & Smith 1998). Van Wyk & Smith (1998) onderskei drie streke en 15 sentrums van endemisme in Suid-Afrika. Die Griekwaland-Wes Sentrum van endemisme (Van Wyk & Smith 1998) en die Bo Oranjerivier Sentrum (Jürgens 1991) is binne die grense van die studiegebied geleë.

Volgens Van Wyk & Smith (1998) is ten minste 40 spesies en/of subspesies in die Griekwaland-Wes Sentrum endemies en/of naby-endemies. Die belangrikste endemiese en/of naby-endemiese spesies in dié sentrum is (* = spesies wat tydens opnames gevind is):

Nie-sukkulente:

TILIACEAE:	<i>Corchorus pinnatipartitus</i>
POACEAE:	<i>Digitaria polyphylla</i> *
ASTERACEAE:	<i>Gnaphalium englerianum</i>
TYPHACEAE:	<i>Justicia puberula</i> * (versamelnommer 332)
ANACARDIACEAE:	<i>Rhus tridactyla</i> * (versamelnommer 42)
SCROPHULARIACEAE:	<i>Sutera griquensis</i>

Sukkulente:

AIZOACEAE:	<i>Aizoon asbestinum</i> *
ASCLEPIADACEAE:	<i>Stapelia gariensis</i> *
	<i>Stapelia rubiginosa</i> *
	<i>Stapelia similis</i>
EUPHORBIACEAE:	<i>Euphorbia bergii</i>
	<i>Euphorbia inornata</i>
	<i>Euphorbia planiceps</i>
	<i>Euphorbia rectirama</i> *
	<i>Euphorbia wilmaniae</i>
MESEMBRYANTHEMACEAE:	<i>Aloinopsis orpenii</i>
	<i>Aloinopsis wilmaniae</i>
	<i>Lithops aucampae</i> subsp. <i>aucampiae</i> var. <i>aucampiae</i> *
	<i>Lithops aucampae</i> subsp. <i>aucampiae</i> var. <i>koelemanii</i>
	<i>Lithops lesliei</i> subsp. <i>lesliei</i> *

Volgens die voorlopige ontleding van die flora (persentasie endemiese spesies) van die Kalahari-depressie is ongeveer 1.6 % van die spesies van die duineveld en 2.4 % van die spesies van die Kalaharisand endemies, terwyl 5.4 % van die spesies as naby-endemies beskou kan word (Van Rooyen 1996; 1998). Daar is 'n totaal van 47 (9.7 %) endemiese en/of naby-endemiese spesies in die Kalahari-depressie.

Volgens Lubbinge 1999 is die volgende spesies op die voorlopige lys van endemiese spesies van die Kalahari-depressie:

1. Duineveld

<i>Acacia erioloba</i> x <i>Acacia haematoxylon</i> (basterkameel)	<i>Neuradopsis austro-africana</i>
<i>Helichrysum arenicola</i>	<i>Hermannia burchellii</i>
<i>Neuradopsis bechuanensis</i>	<i>Plinthus sericeus</i>
	<i>Stipagrostis amabilis</i>

2. Kalahari-kom

Acacia luederitzii Engl. var. *luederitzii*

Antheophora argentea

Eragrostis truncata

Megaloprotachne albescens

Panicum kalahareense

Acrotome angustifolia

Tridentea marientalensis subsp. *marientalensis*

Brachystelma stenophylla

Eragrostis lehmanniana var. *chaunantha*

Orbeopsis knobelii

Nolletia arenosa

Dicerocaryum eriocarpum

Die term "hot spot" beskryf 'n area wat gekarakteriseer word deur 'n hoë spesierykheid, 'n hoë konsentrasie endemiese spesies en ondervind 'n hoë tempo van habitatveranderinge of -verlies (Cowling & Hilton-Taylor 1994). In terme van dié drie kenmerke, sowel as die relatief lae spesierykheid en endemisme van die studiegebied kan die oostelike Kalahari Doringveld nie as 'n "hot spot" beskou word nie.

HOOFSTUK 7

VELDTOESTAND EN DRAKRAG

7.1. Inleiding

Natuurlike veld vorm die basis van enige land se produksie in terme van diere en diereprodukte (Brown 1997). Die welvaart en voorspoed van 'n nasie is derhalwe afhanklik van die toestand en bestuur van sy natuurlik veld (Aucamp & Danckwerts 1989a). Grasse is baie goed aangepas om toestande van optimale beweiding en verskeie vorme van ontblaring te oorleef (Van Oudtshoorn 1992). Indien geen beweiding of ontblaring plaasvind nie akkumuleer organiese materiaal wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van dooie plantmateriaal. Hierdie dooie plantmateriaal veroorsaak versmoring van die plant en die plant vrek. Net so kan oorbeweiding die plant nadelig beïnvloed deurdat die hergroei herhaaldelik afgevrete word. Hierdie herhaaldelike afvreet van die hergroei veroorsaak 'n afname in die reserwe nutriente wat noodsaaklik is vir hergroei (Van Oudtshoorn 1992). Diere beweï nie net sekere voorkeur spesies nie maar konsentreer ook op bepaalde voorkeur areas. Dit kan aanleiding gee tot die oorbenuiting van sekere areas en spesies, terwyl ander areas en spesies onderbenut kan word.

Veldbestuur kan beskryf word as die benutting en bewaring van natuurlike veld, op so 'n wyse dat maksimale diereproduksie verseker word sonder dat die plantegroei nadelig beïnvloed word (Van Rooyen *et al.* 1995). Vanuit 'n landboukundige oogpunt, is die doelwit van veldbestuur die volgehoue produksie van vee- en/of wildprodukte deur die veld in 'n stabiele en produktiewe toestand te hou (Van Oudtshoorn 1992). Op natuurlewegebied word daar 'n wye spektrum van grondgebruik toegepas. Hierdie spektrum kan wissel van suiwer bewaring tot wildboerdery (Van Oudtshoorn 1992). Die eerste stap in 'n veldbestuurplan is die bepaling en skatting van die veldtoestand van elke homogene plantegroei-eenheid in die area (Van Rooyen *et al.* 1995). Die skatting van veldtoestand voorsien 'n beskrywende maatstaf van rigting en die tempo van verandering van die veld in reaksie op huidige bestuurspraktyke (Danckwerts 1989a).

Volgens Danckwerts (1989b) kan weidingskapasiteit (drakrag) beskryf word as die produktiwiteit van plantegroei (area veld) om 'n aantal diere (grootvee-eenhede) te onderhou, sonder die

agteruitgang van die plantegroei en grond. Agteruitgang van veldtoestand dui op die verlies aan lewenskrag en produksievermoë van die veld, retrogressiewe suksessie, verlies aan grondvrugbaarheid en stabiliteit, ontbloting en erosie. Drakrag moet egter op die langtermyn gebaseer wees en jaarliks, na aanleiding van die gemiddelde reënval en veldtoestand, aangepas word. Die twee hoof faktore wat die bepaling van drakrag of weidingskapasiteit beïnvloed is veldtoestand en reënval (Danckwerts 1989a). Veldtoestand verwys na die toestand van die plantegroei in verhouding tot een of ander funksionele eienskap (Trollope *et al.* 1990). Die belangrikste funksionele eienskappe in veeproduksiestelsels en wildbestuur is voerproduksie, weerstand teen gronderosie, die fisiomiese struktuur van die plantegroei en die potensiaal van die veld om grasbrandstof te produseer (Van Oudtshoorn 1992). Laasgenoemde twee eienskappe word as bykomende funksionele eienskappe in wildbestuur erken (Van Oudtshoorn 1992). Aangesien die bepaling van drakrag afhanklik is van die veldtoestand en reënval kom daar variasie in die drakrag tussen verskillende veldtipes voor. Hierdie variasies in drakrag kan egter ook binne dieselfde veldtipe en van seisoen tot seisoen voorkom. Dit is egter belangrik om te weet dat drakrag slegs 'n aanduiding of riglyn is waarvolgens 'n boer sy veld met wild of vee kan belaa. 'n Konserwatiewe benadering sal altyd die boer en sy weiding (veld) bevoordeel.

7.2. Metodes

Veldtoestand verwys na die status van die veld in terme van die ekologiese status, weidingsproduksiepotensiaal en die weerstand teen gronderosie (Danckwerts *et al.* 1989a). Die term drakrag (weidingskapasiteit) verwys na die potensiaal van 'n bepaalde gebied om vee en/of wild deur die benutting van plantegroei te onderhou, sonder dat die ekostelsel oor die langtermyn agteruitgaan (Van Oudtshoorn 1992).

Die data wat met behulp van die Braun-Blanquet opnametegniek versamel is, is ook gebruik in die bepaling van die veldtoestand en drakrag van die onderskeie bestuurseenhede. Die jaarlikse reënval en samestelling van benutbare plantspesies wat in 'n bepaalde gebied voorkom, speel 'n belangrike rol by die bepaling van drakrag (Van Oudtshoorn 1992).

Die Braun-Blanquet metode is bo die stappuntmetode gekies omrede eersgenoemde meer koste effektief en minder tydrowend is. Die grasspesies in elke bestuurseenheid is in die volgende

ekologiese groepe (volgens Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992; Van Rooyen *et al.* 1999) ingedeel:

1. Afnemer - 'n Spesie wat dominant is in goeie veld, maar verminder (afneem) wanneer veld wanbestuur word.
2. Toenemer 1 - 'n Spesie wat dominant is in swak veld en toeneem met onderbenutting of selektiewe beweiding
3. Toenemer IIa - 'n Spesie wat toeneem tydens ligte oorbeweiding.
4. Toenemer IIb - 'n Spesie wat toeneem tydens matige oorbeweiding.
5. Toenemer IIc - 'n Spesie wat toeneem tydens swaar oorbeweiding.

Die veldtoestand van die geïdentifiseerde bestuurseenhede is met behulp van die Ekologiese Indeks metode (EIM) (Vorster 1982) bepaal. Die metode is kortliks as volg toegepas:

Aan elk van die bogenoemde ekologiese groepe is 'n relatiewe indeks waarde van 10 vir Afnemers, sewe vir Toenemers I, vyf vir Toenemers IIa, vier vir Toenemers IIb en een vir Toenemers IIc (Vorster 1982) toegeken. Die gemiddelde persentasie kroonbedekking van die betrokke ekologiese groepe is met die relatiewe indeks waarde vermenigvuldig om die sub-totale van elke relevé te bepaal. Deur die sub-totale van die onderskeie relevés op te tel word die Veldtoestand Indeks (VKI) (Vorster 1982) van elke relevé verkry. Die gemiddelde van die sub-totale van elke ekologiese groep van die onderskeie bestuurseenhede is bepaal en gebruik om die VKI van elke bestuurseenheid te bepaal. Die veldverwysingspunt binne 'n bepaalde bestuurseenheid kan verkry word deur die relevés met die hoogste VKI in ag te neem (Eckhardt 1993). Die veldtoestand-telling van elke bestuurseenheid is bepaal deur van die gemiddelde VKI waardes van die betrokke relevés in die bestuurseenhede gebruik te maak. Die gemiddelde VKI van elke bestuurseenheid is omgeskakel na die % VKI relatief tot die veldverwysingspunt. Die toestand van die betrokke bestuurseenhede is slegs geklassifiseer indien die veldverwysingspunt VKI die huidige maksimum potensiaal indeks van die bestuurseenheid verteenwoordig. Hierdie klassifikasie is ingedeel as baie swak, swak, taamlik goed, goed of uitstekend (Vorster 1982).

Die drakrag van elke bestuurseenheid is met behulp van die rekenaar program GRAZE (Bredenkamp 1996) bepaal.

7.3. Drakrag en veldtoestand van die oostelike Kalahari Doringveld

Aangesien die reënval en veldtoestand drakrag beïnvloed, is die drakragte vir drie verskillende omstandighede bepaal, naamlik:

a Normale (gemiddelde) jaar

Vir die drakragbepalings in 'n normale jaar is die gemiddelde geskatte persentasie bedekking vir die boom-, struik- en graslaag van elke karteringseenheid gebruik. Die hoeveelheid reënval wat in die berekeninge gebruik is, is die gemiddelde jaarlikse reënval oor p aantal jare vir die weerstasies (Tabel 8) wat binne of naaste aan die betrokke karteringseenheid geleë is.

b Bo-gemiddelde seisoen

Vir die drakragbepalings in 'n bo-gemiddelde seisoen is die gemiddelde geskatte persentasie bedekking vir die boom- en struiklaag van elke karteringseenheid gebruik. Die grasbedekking is met 10 % van die geskatte gemiddelde grasbedekking vermeerder, terwyl die reënval met 10 % van die gemiddelde jaarlikse reënval (gemiddelde jaarlikse reënval oor p aantal jare vir die weerstasies wat binne of naaste aan die betrokke karteringseenheid geleë is, Tabel 8) vermeerder is.

c Onder-gemiddelde seisoen

Vir die drakragbepalings in 'n onder-gemiddelde seisoen is die gemiddelde geskatte persentasie bedekking vir die boom- en struiklaag van elke karteringseenheid gebruik. Die grasbedekking is met 10 % van die geskatte gemiddelde grasbedekking verminder, terwyl die reënval met 10 % van die gemiddelde jaarlikse reënval (gemiddelde jaarlikse reënval oor p aantal jare vir die weerstasies wat binne of naaste aan die betrokke karteringseenheid geleë is, Tabel 8) verminder is.

In al drie bogenoemde gevalle is die veldtoestand relatief tot 'n verwysingsperseel bereken. Tydens dié berekeninge is die ekologiese status van die onderskeie grasse wat in elk van die onderskeie karteringseenheid voorkom as volg toegeken (Toekenning van ekologiese status is volgens Van Oudtshoorn 1992; Van Rooyen *et al.* 1991; Van Rooyen 1999):

Afnemers - hierdie spesies is volop in veld wat in 'n goeie toestand verkeer en neem af wanneer veld oor- of onderbenut word (Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992):

<i>Andropogon appendiculatus</i>	<i>Anthephora argentea</i>	<i>Anthephora pubescens</i>
<i>Brachiaria marlothii</i>	<i>Brachiaria nigropedata</i>	<i>Brachiaria serrata</i>
<i>Cenchrus ciliaris</i>	<i>Centropodia glauca</i>	<i>Chrysopogon serrulatus</i>
<i>Digitaria eriantha</i>	<i>Digitaria brazzae</i>	<i>Digitaria polyphylla</i>
<i>Diheteropogon amplexans</i>	<i>Diplachne fusca</i>	<i>Eragrostis homomalla</i>
<i>Eragrostis lehmanniana</i>	<i>Eragrostis truncata</i>	<i>Eustachys paspaloides</i>
<i>Megaloprotachne albescens</i>	<i>Panicum coloratum</i>	<i>Panicum kalaharensis</i>
<i>Panicum maximum</i>	<i>Panicum schinzii</i>	<i>Schmidtia pappophoroides</i>
<i>Setaria incrassata</i>	<i>Setaria nigrirostris</i>	<i>Setaria sphacelata</i>
<i>Sporobolus ioclados</i>	<i>Sporobolus rangei</i>	<i>Themeda triandra</i>

Toenemers 1 - hierdie spesies neem toe in veld wat onderbenut word (Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992):

<i>Andropogon chinensis</i>	<i>Andropogon schirensis</i>	<i>Cymbopogon excavatus</i>
<i>Cymbopogon plurinodis</i>	<i>Fingerhuthia africana</i>	<i>Sporobolus fimbriatus</i>
<i>Stipagrostis amabilis</i>	<i>Stipagrostis ciliata</i>	<i>Stipagrostis obtusa</i>

Toenemers 2a - hierdie spesies neem toe in veld wat lig- of selektief oorbeweid word (Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992):

<i>Bromus catharticus</i>	<i>Echinochloa colona</i>	<i>Enneapogon cenchroides</i>
<i>Enneapogon desvauxii</i>	<i>Enneapogon scoparius</i>	<i>Enneapogon scaber</i>
<i>Eragrostis trichophora</i>	<i>Melinis nerviglumis</i>	<i>Melinis repens</i>
<i>Oropetium capense</i>	<i>Stipagrostis uniplumis</i>	<i>Tragus racemosus</i>
<i>Urochloa mosambicensis</i>		

Toenemers 2b - hierdie spesies neem toe in veld wat matig- of selektief oorbeweï word (Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992):

<i>Aristida meridionalis</i>	<i>Aristida stipitata</i>	<i>Cynodon dactylon</i>
<i>Dactyloctenium aegyptium</i>	<i>Dactyloctenium giganteum</i>	<i>Elionurus muticus</i>
<i>Eragrostis curvula</i>	<i>Eragrostis echinochloidea</i>	<i>Eragrostis heteromera</i>
<i>Eragrostis pallens</i>	<i>Eragrostis plana</i>	<i>Eragrostis rigidior</i>
<i>Eragrostis rotifer</i>	<i>Heteropogon contortus</i>	<i>Hyparrhenia hirta</i>
<i>Schizachyrium sanguineum</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Urochloa oligotricha</i>
<i>Tragus koelerioides</i>	<i>Tricholaena monachne</i>	

Toenemers 2c - hierdie spesies neem toe in veld wat straf oorbeweï, vertrap of versteur is (Trollope *et al.* 1990; Van Oudtshoorn 1992):

<i>Aristida adscensionis</i>	<i>Aristida congesta</i> subsp. <i>barbicollis</i>	
<i>Aristida congesta</i> subsp. <i>congesta</i>	<i>Aristida diffusa</i> subsp. <i>burkei</i>	
<i>Aristida junciformis</i>	<i>Aristida scabrivalvis</i> subsp. <i>scabrivalvis</i>	
<i>Chloris virgata</i>	<i>Digitaria sanguinalis</i>	<i>Eragrostis biflora</i>
<i>Eragrostis chloromelas</i>	<i>Eragrostis gummiflua</i>	<i>Eragrostis micrantha</i>
<i>Eragrostis nindensis</i>	<i>Eragrostis obtusa</i>	<i>Eragrostis porosa</i>
<i>Eragrostis superba</i>	<i>Perotis patens</i>	<i>Pogonarthria squarrosa</i>
<i>Schmidtia kalihariensis</i>	<i>Setaria pallide-fusca</i>	<i>Setaria verticillata</i>
<i>Trichoneura grandiglumis</i>	<i>Triraphis andropogonoides</i>	<i>Urochloa panicoides</i>

Deur gebruik te maak van bogenoemde kategorieë is 'n ekologiese indeks bereken waarvolgens die veldtoestand uitgedruk kan word. Hierdie ekologiese indeks, tesame met die totale gras-, boom- en struikbedekking, die gemiddelde jaarlikse reënval van die area en 'n aanduiding van die toeganklikheid, byvoorbeeld hoë rotsbedekking in bergagtige areas, is gebruik om die drakrag van die onderskeie karteringseenhede te bepaal. Die veldtoestand en drakragte vir vee en wild van die 24 verskillende karteringseenhede verskyn in Tabelle 18a, b en c (Bredenkamp 1996).

Die veldtoestand indekswaarde is as volg in die opvolgende bespreking geïnterpreteer:

Veldtoestand indeks:	Interpretasie:
60 - 65 %	swak tot matig
66 - 70 %	matig
71 - 80 %	goed
81 - 90 %	baie goed
91 % en >	uitstekend

In die berekening van die drakragte vir wild is die beskikbaarheid vir beweiding van struik en bome, die selektiewe beweidingsgedrag van baie wildspesies en die beperkings wat 'n een-kampstelsel op wild uitoefen in berekening gebring. Deur hierdie faktore in berekening te bring kan die laer drakrag (ha/GVE) van wild, in vergelyking met dié van beeste, verklaar word.

7.3.1. *Acacia mellifera* - *Acacia erioloba* - *Schmidtia kalahariensis* rivier plantegroei (karteringseenheid 1 Figuur 17; Tabel 18a (Bredenkamp 1996))

Die veldtoestand indeks van die karteringseenheid is 68.8 %, wat beteken dat die veld in 'n matige toestand verkeer (Tabel 18a (Bredenkamp 1996)). Die grasbedekking is laag met 'n gemiddelde kroonbedekking van 26 %.

Die drakrag vir 'n normale jaar met 'n gemiddelde reënval is 22.8 ha/GVE vir beeste en 34.4 ha/GVE wild. Die gemiddelde drakrag vir wild en beeste saam is 29.5 ha/GVE. Dié karteringseenheid beslaan 'n oppervlakte van 27 438 ha. In 'n bo-gemiddelde seisoen met 'n toename van 10 % in reënval en grasbedekking is die drakrag vir beeste en wild onderskeidelik 19.1 en 28.7 ha/GVE. In teenstelling hiermee is die drakrag in 'n onder-gemiddelde seisoen onderskeidelik 28.2 ha/GVE bees en 42.5 ha/GVE wild, indien daar 'n afname van 10 % in die grasbedekking en gemiddelde jaarlikse reënval sou plaasvind (Tabel 18a (Bredenkamp 1996)).

Die hoë persentasie toenemers 2c (59 %) wat hier aangetref word dui op veld wat straf oorbeweid, vertrap of versteur is (Trollope *et al.* 1990, Van Oudtshoorn 1992). Die veldtoestand is, as gevolg van die groot persentasie toenemers 2c en 'n veldtoestand indekswaarde van 68.8 % redelik tot goed.

Tabel 18a: Veldtoestand en weidingskapasiteit van die oostelike Kalahari Doringveld							
Karteringseenheid	1	2	3	4	5	6	Totaal
Grootte (ha)	27438	1790690	751374	51474	150815	632697	3404488
Bome %	22.0	16.0	20.0	14.0	9.0	6.0	
Struik %	14.0	12.0	14.0	8.0	6.0	19.0	
Bos faktor	0.8	0.9	0.8	0.9	0.9	0.9	
Afnemers	3.0	49.0	35.0	45.0	32.0	36.0	
Toenemers 1	14.0	2.0	7.0	3.0	2.0	2.0	
Toenemers 2a	14.0	18.0	16.0	15.0	16.0	17.0	
Toenemers 2b	21.0	12.0	10.0	12.0	10.0	17.0	
Toenemers 2c	48.0	19.0	32.0	25.0	40.0	28.0	
Indringers	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	
Kaal grond	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	
Totaal	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	
Veldtoestand indeks (%)	33.0	66.1	55.1	61.9	49.4	55.5	
Veldtoestand indeks (BM %)	68.8	81.6	76.5	76.4	71.6	66.9	
<u>Gemiddelde seisoen (normale jaar)</u>							
Gras bedekking %	26.0	27.0	38.0	30.0	22.0	33.0	
Reënval (mm/jr)	350.0	350.0	350.0	350.0	400.0	350.0	
Toeganklikheid	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	
Vuur (0.8\1)	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	
Drakrag in 'n normale jaar	29.5	23.3	22.5	24.3	25.0	27.9	
ha/GVE Bees	22.8	18.4	17.5	19.5	21.0	22.8	
ha/GVE Wild	34.4	28.7	26.6	31.2	34.7	36.9	
Aantal beeste	1202.0	97502.4	43054.8	2638.1	7186.1	27787.2	179370.5
Aantal GVE wild	797.8	62353.5	28281.4	1650.2	4342.8	17137.3	114563.0
<u>Bo-gemiddelde seisoen (goeie jaar)</u>							
Gras bedekking (10 % meer as geskatte waarde)	28.6	29.7	41.8	33.0	24.2	36.3	
Reënval (10 % meer as die gemiddelde reënval)	385.0	385.0	385.0	385.0	440.0	385.0	
Jeltsch *et al.* (1997) gebruik 'n ruimtelike uitgesproke simulatie model, gebaseer op die ekologiese dinamika van die Kalahari binne die grense van Suid-Afrika, om struikverdigting te voorspel. Dié ruimtelike model is ontwerp om die proses van bosverdigting onder die impak van verskillende vlakke van beweidingsdruk en varierende reënval te ontleed (analiseer). Met geen beweiding bly die plantegroei in 'n "stabiele" toestand, ongeag die reëngeïnduseerde fluktuasies, en geen deurlopende toename of afname in die struikbedekking is sigbaar nie (Jeltsch *et al.* 1997). Wanneer die model aan ligte beweiding (33 ha/GVE) blootgestel word is daar geen effek op die struikbedekking en verspreiding nie. Daar is slegs 'n klein afname in die kruidagtige biomassa produksie (Jeltsch *et al.* 1997). 'n Verdere toename in die beweidingsdruk (22 ha/GVE) verander die situasie drasties. Hierdie hoë vlak van weidingsdruk veroorsaak 'n toename in die struikbedekking en word deur 'n vinnige afname in die kruidagtige, meerjarige plantegroei en 'n toename in ontblote grond, sowel as areas wat deur eenjariges gedomineer word, geïnisieer. Hierdie afname in kompiterende, meerjarige grasse en die toename in beskikbare ruimte bied aan die struik die geleentheid om tydens hoë reënval in nuwe ruimtes te koloniseer (Jeltsch *et al.* 1997). Die dinamika van verminderde kompetisie met grasse en 'n toename in beskikbare ruimte gee aanleiding tot die kenmerkende trapagtige struikverdigting.

Struikverdigting in die suidelike Kalahari is nie 'n liniêre proses nie. Skarpe (1990) vind dat 'n toename in die veebelading vanaf 18 ha/GVE na 8 ha/GVE vir 'n bepaalde lokaliteit, met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 300 mm, in Botswana, 'n drievoudige toename in die struikbedekking binne vyf jaar veroorsaak. By 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 220 mm en 385 mm verkry Jeltsch *et al.* (1997) onderskeidelik effens stadiger en effens vinniger toenames by soortgelyke veebeladings. Jeltsch *et al.* (1997) kom tot die gevolgtrekking dat aanbevole veebeladingsstrategieë wat neig om oorbenutting op 'n tydskaal van jare te voorkom, tog oor die langtermyn struikverdigting kan veroorsaak.

Volgens die ruimtelike model was struikbeweiding nie deur heterogene beweiding onder gemiddelde tot uitermatige beweiding beïnvloed nie (Weber *et al.* 1998). Onder 'n gemiddelde beweidingsdruk het die struikbedekking naby aan die oorspronklike vlak gebly (Weber *et al.* 1998). Wanneer veebeladings egter 'n kritiese vlak bereik het, het die struikbedekking dramaties verhoog (Weber *et al.* 1998). Weber *et al.* (1998) vind dat kleinskaalse ruimtelike heterogeniteit van beweiding die veebelading drempelwaarde en vlakke van struikverdigting beïnvloed.

Die doel van hierdie studie is om areas met potensiële bosindringing en bosverdigting, die houtagtige spesies wat verdig of indring en die dominante hoogteklaas van dié houtagtige spesies, binne die onderskeie karteringseenhede, te bepaal.


8.2. Die invloed van bosverdigting op grasproduksie

Volgens Mentis (1977) is daar 'n omgekeerde verhouding tussen grasproduksie en boomdigtheid. Hoe groter die boomdigtheid (struikdigtheid), hoe laer die grasproduksie (Mentis 1977). Aucamp (1979) is egter van mening dat die grasproduksie slegs deur boomdigtheid geïmmuniseer word indien die boomdigtheid bokant 'n bepaalde limiet (X_1 , Figuur 59) beweeg. In die Vals Doringveld van die Oos-Kaap is dié limiet min of meer 1 000 *Acacia karroo* bome per hektaar (Aucamp 1979). Aucamp (1979) voer aan dat die maksimum produksie van beweibare voeding (gras en blare) toeneem soos die boomdigtheid toeneem, tot by dié limiet. Indien die boomdigtheid egter verder toeneem is daar 'n afname in die maksimum produksie van beweibare voeding as gevolg van die negatiewe effek wat die digte boompopulasie op die gras uitoefen. Figuur 59 toon dié hipotetiese verwantskap tussen grasproduksie, blaar- of struikproduksie en die totale voerproduksie met toenemende boom- of struikdigtheid.

8.3 Metodes

Die kwadrantmetode van Richter (1991) is as opnametegniek gebruik en behels kortliks die volgende:

Die mate van bosverdigting is bepaal deur die digtheid, samestelling en struktuur van die bos in vier verskillende hoogteklaas, naamlik: 0 tot 1m, >1 tot 2m, > 2m tot 3m en >3m tot 4 m te



Figuur 59 Hipotetiese verwantskap tussen grasproduksie, blaar- of struikproduksie en totale voerproduksie met toenemende boomdigtheid. X_1 = boomdigtheid by maksimum produksie per eenheid habitatooppervlakte (Aucamp 1979)

verdeel. Die aantal individue per hoogteklaas is op 'n spesiebasis in vyf 10 x 10m transekpersele getel en aangeteken. Die persentasie kroonbedekking is gekat en aangeteken. Die aantal individue per hektaar is hierna bereken .

Aangesien die aantal bosse per hektaar nie 'n akkurate metode is vir die beskrywing van boombiomassa nie, is die bosdigtheid omgeskakel na bosekwivalente per hektaar. 'n Bosekwivalent (BE) is die basiese eenheid wat algemeen deur navorsers in Suid-Afrika gebruik word om die boombiomassa as die aantal bome per hektaar te omskryf (Richter 1991). Bosekwivalente gee 'n redelike ooreenkoms met die werklike biomassa indien dit op persentasie basis uitgedruk word (Moore 1989). Die boomdata is volgens die definisie van Teague, Trollope & Aucamp (1981) gestandaardiseer na bosekwivalente waar een BE 'n *Acacia karroo* boom, met 'n hoogte van 1.5 m is. So byvoorbeeld kan 'n bosekwivalent bestaan uit drie boompies van 0.5 m, of daar kan twee bosekwivalente in 'n boom van drie meter hoog voorkom. Deur die gemiddelde hoogtes van die verskillende hoogteklaas te bepaal kan die digtheid van die individuele plante omgerekend word na bosekwivalente. Die bosdigtheid in die persele is volgens die gemiddelde hoogtes per hoogteklaas omgerekend en na digtheid (individue per hektaar) herlei.

8.4. Resultate



Die gemiddelde aantal bosekwivalente per hektaar van die onderskeie karteringseenhede is vir elk van die verteenwoordigende dominante houtagtige spesies bepaal. Hierdie aantal bosekwivalente per hektaar is ook in terme van die vier verskillende hoogteklaas bepaal en word saamgevat in Figure 60 tot 64. Hoewel daar ander houtagtige spesies in elk van die karteringseenhede voorkom is net die resultate van die dominante houtagtige spesies in Figure 60 tot 64 aangetoon. Aangesien die opnames voor die kartering van die onderskeie karteringseenhede plaasgevind het is daar geen opnames in karteringseenhede 7 en 20 uitgevoer nie en word daar aanvaar dat die samestelling, struktuur en gemiddelde bosekwivalente per hektaar min of meer met dié van karteringseenheid 11 sal ooreenstem. In karteringseenhede 23 en 24, wat onderskeidelik die Lange- en Korannaberge is, is daar geen opnames uitgevoer nie aangesien hierdie karteringseenhede hoofsaaklik uit redelike stande *Croton gratissimus* bestaan. Aangesien elk van die karteringseenhede duisende hektare groot is en daar areas mag voorkom wat veel meer of minder bosekwivalente per hektaar kan hê as wat in die gemiddelde waardes van Figure 60 tot 64 aangetoon word, kan hierdie

resultate as gemiddelde waardes en riglyne vir die stand van bosekwivalente per hektaar van elk van die onderskeie karteringseenhede beskou word. 'n Totaal van 470 opnames is verspreid deur die onderskeie karteringseenhede uitgevoer. Dit is belangrik om te noem dat hierdie waardes gemiddelde waardes per karteringseenheid is en dat daar bepaalde areas, plase of gebiede voorkom waarvan die gemiddelde bosekwivalente per hektaar mag verskil.

8.3.1. *Acacia mellifera* - *Acacia erioloba* - *Schmidtia kalahariensis* rivier plantegroei (karteringseenheid 1 Figuur 17; Figuur 60a)

Hierdie karteringseenheid is hoofsaaklik langs die Molopo-rivier geleë. Die rivierbed is oor die algemeen 'n grasveld met individuele bome en struik daar. Die bosekwivalente per hektaar, dui hoofsaaklik op die dominante houtagtige spesies aan die oewer van die rivier en sluit die volgende spesies in: *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Dichrostachys cinerea* en *Terminalia sericea* (Figuur 60a). *Rhigozum trichotomum*, *Boscia albitrunca*, *Grewia retinervis* en *Acacia hebeclada* word egter ook binne dié karteringseenheid aangetref maar kom in heelwat laer digthede as voorgenoemde spesies voor. *Acacia mellifera* is tans die enigste houtagtige spesie wat verdig en grootskaalse probleme in die landboubedryf veroorsaak. Die dominante *Acacia mellifera* struik kom veral in die >1 tot 2 m en >2 tot 3 m hoogtekasse voor en maak onderskeidelik 59 % en 35 % van die totale bosekwivalente van dié spesie uit. Ander spesies wat in redelike digthede voorkom is *Grewia flava* en *Acacia erioloba*. By dié twee spesies is die >2 tot 3 m hoogtekasse dominant. Dié hoogtekasse maak 'n bydrae van 60 % van die totale bosekwivalente van *Grewia flava* en 43 % van die totale bosekwivalente van *Acacia erioloba*. Hoewel *Terminalia sericea* 'n redelike aantal bosekwivalente per hektaar toon, is dit nie 'n ware weergawe van die stand van dié spesie binne hierdie karteringseenheid nie, aangesien hierdie spesie in hoë getalle op lokale kolle aangetref word.

Hierdie karteringseenheid toon oor die algemeen nie probleme van bosverdigting nie en het 'n gemiddeld van 2 360 bosekwivalente per hektaar (alle houtagtige spesies ingesluit). Lokale kolle met baie hoë bedekkings van *Acacia mellifera* en *Rhigozum trichotomum* kom plek-plek, veral in die Bray-omgewing voor. Monitering en goeie bestuurspraktyke word egter aanbeveel om die toename van ongewenste spesies, soos veral *Acacia mellifera*, te voorkom. In gebiede waar die spesie probleemafmetings toon is chemiese en/of meganiese behandeling uiters noodsaaklik.




Hierdie karteringseenheid kan tans nie as verdig beskou word.


8.3.2. *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* - *Stipagrostis uniplumis* sandvlaktes (karteringseenheid 2, Figuur 17; Figuur 60b)

Hierdie karteringseenheid word in die noordelike gedeelte van die studiegebied, in die Severn-Vorstershoop-Tosca-Ganeysa-omgewing, op diep sandvlaktes (karteringseenheid 2, Figuur 17) aangetref. Die dominante houtagtige spesies van dié vlaktes is *Grewia flava*, *Acacia mellifera*, *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia erioloba* en *Dichrostachys cinerea* (Figuur 60b). Die mees dominante hoogteklas van *Grewia flava*, *Tarchonanthus camphoratus* en *Dichrostachys cinerea* is die >1 tot 2 m hoogteklas en maak onderskeidelik 59 %, 58 % en 50 % van die totale bosekwivalente van al die hoogteklasse van dié spesies uit. Inteenstelling hiermee is die digste hoogteklasse van *Acacia mellifera* en *Acacia erioloba* onderskeidelik die >2 tot 3 en >3 tot 4 m hoogteklasse. Alhoewel *Grewia flava* in redelike digte stande voorkom, word dit nie as 'n probleemspesies beskou nie. In hierdie karteringseenheid is *Acacia mellifera* met 'n gemiddeld van 973 bosekwivalente per hektaar (totaal van al die hoogteklasse van dié spesie) tans dié spesie wat lokaal verdig. Lokale kolle met 'n gemiddelde aantal bosekwivalente per hektaar (totaal van al die hoogteklasse van *Acacia mellifera*) van tussen 2 392 en 3 209 kom egter voor. Lokale kolle met 'n verdigting van onderskeidelik *Dichrostachys cinerea* en *Rhigozum trichotomum* kom ook verspreid deur dié karteringseenheid voor. *Acacia hebeclada* (446)¹, *Rhigozum trichotomum* (399)¹, *Maytenus heterophylla* (122)¹, *Boscia albitrunca* (99)¹ en *Acacia luederitzii* (71)¹ word egter ook binne dié karteringseenheid aangetref maar kom in heelwat kleiner digthede as voorgenoemde spesies voor. Oor die algemeen is *Acacia mellifera*, *Acacia luederitzii*, *Dichrostachys cinerea* en *Rhigozum trichotomum* potensiële bosverdigting spesies. In dié karteringseenheid kan 'n toename in die bosekwivalente per hektaar van dié spesies aanleiding gee tot groot afnames in die produksie van die graskomponent. Hoewel hierdie spesies oor die algemeen nie as verdig voorkom nie is daar lokale kolle waar verdigting wel plaasgevind het. Lokale kolle met digte stande van *Acacia mellifera* per hektaar toon alreeds probleemafmetings en sal spoedig behandel moet word om die graskomponent, weidingskapasiteit en benuttingspotensiaal te herstel.

¹ alle hoogteklasse van die betrokke houtagtige spesies



Figuur 60c Gemiddelde aantal besekwivalente/ha en die hidrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 3. (GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; AM = *Acacia mellifera*; AHE = *Acacia haematoxylon*; DC = *Dichrostachys cinerea*)



Figuur 60d Gemiddelde aantal besekwivalente/ha en die hidrae van vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 4. (RT = *Rhigozum trichotomum*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; AM = *Acacia mellifera*; AHE = *Acacia haematoxylon*)

Hierdie karteringseenheid, tesame met bepaalde areas van karteringseenheid 3, is welbekend vir die probleemafmetings van *Acacia mellifera* in die Molopo-area en het die digste stande van houtagtige spesies in die studiegebied. 'n Gemiddeld van 6 117 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van al die houtagtige spesies) kom in die karteringseenheid voor.

8.3.3. *Acacia mellifera* - *Acacia haematoxylon* - *Centropodia glauca* sandvlaktes (karteringseenheid 3, Figuur 17; Figuur 60c)

Hierdie karteringseenheid word eerstens wes, noordwes en suid van Severn, in die Aansluit-Sonstraal-Vanzylsrus-omgewing, en tweedens noordwes, wes en suid van Bray aangetref (karteringseenheid 3, Figuur 17). *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Acacia mellifera*, *Acacia haematoxylon* en *Dichrostachys cinerea* is die mees dominante houtagtige spesies van die karteringseenheid (Figuur 60c). Hierdie karteringseenheid het 'n gemiddeld van 2 091 bosekwivalent per hektaar (al die hoogteklasse van alle houtagtige spesies). Ander houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word is *Boscia albitrunca*, *Grewia retinervis*, *Acacia hebeclada*, *Ziziphus mucronata*, *Terminalia sericea* en *Rhigozum trichotomum*. Hierdie spesies het oor die algemeen lae digthede binne dié karteringseenheid. Oor die algemeen word die meeste individue van *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Acacia mellifera*, *Acacia haematoxylon* en *Dichrostachys cinerea* in die >1 tot 2 m hoogteklas aangetref. Hoewel *Grewia flava* en *Acacia erioloba* die hoogste digthede het, word hulle as gewenste spesies beskou. Lokale kolle met digte stande van *Acacia mellifera*, *Rhigozum trichotomum* en *Dichrostachys cinerea*, waarvan die >1 tot 2 m hoogteklas dominant is, kom verspreid in dié Bray-, Severn- en Hotazel-omgewings voor. In die >1 tot 2 m hoogteklas is die % bydrae van *Acacia mellifera*, *Rhigozum trichotomum* en *Dichrostachys cinerea* onderskeidelik 47 %, 63 % en 54 % van die totale bosekwivalente per hektaar van die individuele spesies, terwyl die % bydrae van die >2 tot 3 m hoogteklas onderskeidelik 39 %, 25 % en 31 % van die totale bosekwivalente per hektaar van *Acacia mellifera*, *Dichrostachys cinerea* en *Rhigozum trichotomum* is.

Lokale kolle van *Acacia mellifera*, *Dichrostachys cinerea* en *Rhigozum trichotomum* toon ernstige probleme van bosverdigting binne dié karteringseenheid. Die grootste deel van die karteringseenheid kan as verdig of as 'n gebied met potensiële verdigting beskou word.

8.3.4. *Acacia erioloba* - *Acacia haematoxylon* - *Schmidtia kalihariensis* rivier plantegroei (karteringseenheid 4, Figuur 17; Figuur 60d)

Hierdie karteringseenheid is hoofsaaklik langs die Kurumanrivier geleë. Die rivierbed is oor die algemeen 'n grasveld met individuele bome en struik daar. Plek-plek kom bosgroepe *Grewia flava* en *Acacia mellifera* binne die rivierbed voor. Die dominante houtagtige spesie van dié karteringseenheid is *Rhigozum trichotomum* (Figuur 60d) met 924 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse). Dié spesie skep die meeste probleme wat bosverdigting aanbetref. Die dominante hoogteklas van *Rhigozum trichotomum* is >1 tot 2 m en lewer 'n % bydrae van 53 % ten opsigte van die totale bosekwivalente per hektaar. Ander opvallende houtagtige spesies, spesies van Figuur 60d uitgesluit, is *Ziziphus mucronata*, *Boscia albitrunca*, *Acacia hebeclada* en plek-plek *Terminalia sericea*. *Acacia mellifera*, met hoogtes van 0 tot 1 m en >1 tot 2 m lewer onderskeidelik % bydraes van 28 % en 44 % van die totale bosekwivalente per hektaar en toon oor die algemeen nie dieselfde digtheid as die voorafgaande karteringseenhede nie. 'n Totaal van 156 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse) van *Acacia mellifera* kom hier voor. Lokale kolle kom egter voor waar die digtheid van dié spesies probleemafmetings aanneem.

Hierdie karteringseenheid toon oor die algemeen digte stande van *Rhigozum trichotomum*. Monitering en goeie bestuurspraktyke word egter aanbeveel om die toename van veral *Rhigozum trichotomum* en ongewenste spesies soos *Acacia mellifera*, te voorkom. In gebiede waar die spesies probleemafmetings toon is chemiese en/of meganiese behandeling uiters noodsaaklik. Ander houtagtige spesies het redelike lae digthede. Die totale gemiddelde aantal bosekwivalente per hektaar, dit wil sê die som van die gemiddelde bosekwivalente per hektaar van al die houtagtige spesies, is 2 109 wat die derde laagste digtheid van die studiegebied is. Hierdie karteringseenheid kan as potensiële bosverdigtingsgebied beskou word.


8.3.5. *Acacia mellifera* - *Acacia haematoxylon* - *Heliotropium ciliatum* sandvlaktes (karteringseenheid 5, Figuur 17; Figuur 61a)

Hierdie karteringseenheid is in die Morokweng-Konkwe-omgewing geleë en kom hoofsaaklik op plat tot effens golwende sandvlaktes voor (karteringseenheid 5, Figuur 17). Dié vlaktes is in die verlede aan grootskaalse wanbestuur blootgestel. Lokale kolle met byna geen struik en bome


kom plek-plek voor. Die aantal bosekwivalente per hektaar is hoofsaaklik te wyte aan houtagtige spesies wat op die vlaktes aangetref word en sluit *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Terminalia sericea* en *Acacia hebeclada* in (Figuur 61a). *Acacia mellifera* is die dominante houtagtige spesie en het 'n digtheid van 1 280 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit). Dié hoë digtheid is 'n aanduiding dat bosverdigting besig is om plaas te vind. *Acacia mellifera* lewer 'n % bydrae van 45 % van die totale bosekwivalente per hektaar van alle hoogteklasse van al die houtagtige spesies. Saam met *Acacia mellifera* kom digte stande van *Geigeria ornativa* voor. Die dominante hoogteklas van *Acacia mellifera* is >1 tot 2 m wat 'n bydrae van 43 % van die totale bosekwivalente per hektaar is. Die digthede per hektaar van *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Terminalia sericea* en *Acacia hebeclada* is baie laer as dié van *Acacia mellifera*. Die dominante hoogteklasse van *Acacia erioloba* en *Acacia hebeclada* is onderskeidelik >2 tot 3 m en 0 tot 1 m, terwyl die dominante hoogteklas van *Grewia flava* en *Terminalia sericea* hoofsaaklik >1 tot 2 m is. Ander opvallende houtagtige spesies wat in hierdie karteringseenheid aangetref word (spesies van Figuur 61a uitgesluit) is *Tarchonanthus camphoratus* (154)*, *Dichrostachys cinerea* (131)*, *Grewia retinervis* (126)*, *Ziziphus mucronata* (81)* en *Ehretia rigida* (11)*. In teenstelling met die digte stand van *Acacia mellifera* het die ander houtagtige spesies redelike lae digthede.

In dié karteringseenheid het die toename in die bosekwivalente per hektaar van veral *Acacia mellifera* aanleiding gegee tot groot afnames in die produksie van die graskomponent. Die groot aantal bosekwivalente van *Acacia mellifera* per hektaar toon alreeds probleemafmetings en sal spoedig behandel moet word om die graskomponent, weidingskapasiteit en benuttingspotensiaal te herstel. Dié karteringseenheid het gemiddeld 2 771 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van al die houtagtige spesies) en kan as verdig beskou word.

* bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies binne die karteringseenheid



Figuur 61a Gemiddelde aantal boseksivalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 5. (AM = *Acacia mellifera*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; TS = *Terminalia sericea*)



Figuur 61b Gemiddelde aantal boseksivalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 6. (RT = *Rhigozum trichotomum*; AM = *Acacia mellifera*; AHE = *Acacia haematoxylon*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*)

8.3.6. *Acacia mellifera* - *Acacia haematoxylon* - *Stipagrostis uniplumis* sandvlaktes (karteringseenheid 6, Figuur 17; Figuur 61b)


Hierdie karteringseenheid is in die westelike gedeelte van die studiegebied, wes van die Koranna- en Langeberge, geleë en grens aan die Kalahari Duineveld (karteringseenheid 6 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op diep, plat tot effens golwende sandvlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Rhigozum trichotomum*, *Acacia mellifera*, *Acacia haematoxylon*, *Grewia flava* en *Acacia hebeclada*. *Rhigozum trichotomum* is die mees dominante houtagtige spesie (Figuur 61b), het gemiddeld 1 666 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit) en is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat verspreid in die karteringseenheid verdig. *Rhigozum trichotomum* maak 62 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies uit. Die dominante hoogteklasse van *Rhigozum trichotomum* is 0 tot 1 m en >1 tot 2 m wat 'n % bydrae van onderskeidelik 32 % en 68 % maak. In teenstelling met die digte stand van *Rhigozum trichotomum* het die ander houtagtige spesies redelike lae digthede. Ander opvallende houtagtige spesies is *Acacia haematoxylon*, *Grewia flava* en *Acacia erioloba* met digthede van onderskeidelik 383, 274 en 227 bosekwivalente per hektaar wat al vier verskillende hoogteklasse per spesie insluit (Figuur 61b). Die dominante hoogteklas van *Acacia mellifera* en *Grewia flava* is >1 tot 2 m, terwyl die dominante hoogteklas van *Acacia erioloba* en *Acacia haematoxylon* >2 tot 3 m is.

In dié karteringseenheid het die toename in die bosekwivalente per hektaar van veral *Rhigozum trichotomum* aanleiding gegee tot 'n afname in die produksie van die graskomponent. Die groot aantal bosekwivalente van *Rhigozum trichotomum* per hektaar toon alreeds probleemafmetings en sal spoedig behandel moet word om die graskomponent, weidingskapasiteit en benuttingspotensiaal te herstel. Dié karteringseenheid het gemiddeld 2 694 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van al die houtagtige spesies) en kan plek-plek as verdig beskou word. *Rhigozum trichotomum* bosgroepies kom regdeur dié karteringseenheid voor en is oor die algemeen nie 'n aaneenlopende verdigting nie. Die areas wes van die Lange- en Korannaberge kan as verdig beskou word, terwyl lokale kolle verspreid in die gebied as potensiële areas van bosverdigting beskou kan word.


8.3.7. *Acacia mellifera* - *Acacia luederitzii* geslote boomveld (karteringseenheid 8, Figuur 17; Figuur 61c)

Hierdie karteringseenheid word op die vlaktes en voethellings wes en oos van die Koranna- en Langeberge, sowel as op lokale kolle binne die karteringseenheid aangetref (karteringseenheid 8 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op voethellings en sanderige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Rhigozum trichotomum*, *Acacia mellifera*, *Acacia haematoxylon*, *Grewia flava* en *Tarchonanthus camphoratus* (Figuur 61c). *Rhigozum trichotomum* en *Acacia mellifera* is die dominante houtagtige spesies (Figuur 61c), het onderskeidelik 'n gemiddeld van 1 975 en 1 025 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die betrokke spesies ingesluit) en is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat op lokale, verspreide gebiede tekens van bosverdigting toon. *Rhigozum trichotomum* en *Acacia mellifera* maak onderskeidelik 54 % en 28 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies uit. Die dominante hoogteklas van dié twee spesies is 0 tot 1 m wat 'n % bydrae van onderskeidelik 55 % en 51 % van die bosekwivalente van elke spesies per hektaar uitmaak. In teenstelling met dié digte stand van *Rhigozum trichotomum* en *Acacia mellifera* het die ander houtagtige spesies redelike lae digthede. Ander opvallende houtagtige spesies (spesies van Figuur 61c uitgesluit) is *Acacia erioloba*, *Acacia tortilis* en *Boscia albitrunca* met digthede van onderskeidelik 82, 77 en 51 bosekwivalente per hektaar wat al vier verskillende hoogteklasse per spesie insluit (Figuur 61c).

In dié karteringseenheid het die toename in die bosekwivalente per hektaar van *Rhigozum trichotomum* en *Acacia mellifera* aanleiding gegee tot 'n afname in die produksie van die graskomponent. Die hoë digtheid van dié twee spesies per hektaar dui op bosverdigting en sal spoedig behandel moet word om die graskomponent, weidingskapasiteit en benuttingspotensiaal te herstel. Dié karteringseenheid het gemiddeld 3 665 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van al die houtagtige spesies) wat die derde hoogste digtheid van houtagtige spesies binne die studiegebied is.



Figuur 61c Gemiddelde aantal bosekivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 8. (RT = *Rhigozum trichotomum*; AM = *Acacia mellifera*; AHE = *Acacia haematoxylon*; GF = *Grewia flava*; TC = *Tarchonanthus camphoratus*)



Figuur 61d Gemiddelde aantal bosekivalent/ha en die bydrae van die verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 9. (TS = *Terminalia sericea*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; TC = *Tarchonanthus camphoratus*; AL = *Acacia luederitzii*)

8.3.8. *Terminalia sericea* - *Acacia luederitzii* geslote boomveld (karteringseenheid 9, Figuur 17; Figuur 61d)

Hierdie karteringseenheid kom hoofsaaklik in die Stella-Mafeking-Vergeleë-omgewing voor (karteringseenheid 9, Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op baie diep sanderige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Terminalia sericea*, *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia luederitzii* (Figuur 61d). *Terminalia sericea* en *Grewia flava* is die dominante houtagtige spesies (Figuur 61d), het onderskeidelik 'n gemiddeld van 1 484 en 1 187 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die betrokke spesies ingesluit) en is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat neig om te verdig. *Terminalia sericea* en *Grewia flava* maak onderskeidelik 43 % en 35 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies uit. Die dominante hoogteklas van dié twee spesies is onderskeidelik >3 tot 4 m en >1 tot 2 m wat 'n % bydrae van onderskeidelik 66 % en 78 % van die bosekwivalente per hektaar van *Terminalia sericea* en *Grewia flava* uitmaak. In teenstelling met dié digte stand van *Terminalia sericea* en *Grewia flava* het die ander houtagtige spesies lae digthede. *Acacia luederitzii*, *Acacia erioloba* en *Tarchonanthus camphoratus* het onderskeidelik gemiddeld 160, 380 en 230 bosekwivalente per hektaar (al die hoogteklasse ingesluit).

Hierdie karteringseenheid het 'n bosdigtheid van 3 441 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies insluit. Lokale areas met *Terminalia sericea* kan as verdig beskou word.

8.3.9. *Acacia mellifera* - *Diospyros lycioides* - *Dichrostachys cinerea* sandvlaktes (karteringseenheid 10, Figuur 17; Figuur 62a)

Hierdie karteringseenheid word hoofsaaklik in die Kathu-, Olifantshoek-, Hotazel- en Dibeng-omgewings aangetref (karteringseenheid 10 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op diep sanderige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Diospyros lycioides* en *Acacia erioloba* (Figuur 62a). *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* is die dominante houtagtige spesies (Figuur 62a), het onderskeidelik 'n gemiddeld van 673 en 625 bosekwivalente


per hektaar (alle hoogteklasse van die betrokke spesies ingesluit) en is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat op lokale kolle binne dié karteringseenheid verdig. *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* maak onderskeidelik 24 % en 23 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar, van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word, uit. Die dominante hoogteklas van die dominante spesies, *Acacia erioloba* uitgesluit, is >1 tot 2 m. Dié hoogteklas het 'n % bydrae van 55 % van die bosekwivalente per hektaar van *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera*. Die dominante hoogteklas van *Acacia erioloba* is >3 tot 4 m. In teenstelling met dié redelike digte stand van *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* het die ander houtagtige spesies lae digthede.

Hierdie karteringseenheid het 'n bosdigtheid van 3 441 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies insluit. Lokale areas met *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* kan as verdig beskou word. Ander opvallende houtagtige spesies met meer as 100 bosekwivalente per hektaar, spesies van Figuur 62a uitgesluit, is *Ziziphus mucronata*, *Acacia haematoxylon* en *Rhus tridactyla*. Hierdie spesies het digthede van onderskeidelik 153, 144 en 135 bosekwivalente per hektaar, wat al die hoogteklasse van die onderskeie spesies insluit.


Tarchonanthus camphoratus en *Acacia mellifera* is die die enigste twee probleemspesies in karteringseenheid 10 (Figuur 17) wat op lokale kolle verdig.

8.3.10. *Acacia erioloba* - *Acacia mellifera* - *Tarchonanthus camphoratus* effens klipperige vlaktes (karteringseenheid 11, Figuur 17; Figuur 62b)

Hierdie karteringseenheid word oos en wes van die Kurumanheuwels, vanaf Kuruman suidwaarts tot by Daniëlskuil, en vanaf Daniëlskuil weswaarts tot by Olifantshoek, aangetref. Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op diep sanderige vlaktes met 'n lae klipbedekking en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera*, *Rhus tridactyla*, *Grewia flava*, en *Acacia hebeclada* (Figuur 62b). *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera* en *Rhus tridactyla* is die dominant houtagtige spesies (Figuur 62b) en het onderskeidelik digthede van 1 147, 767 en 540 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die betrokke spesies ingesluit). *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat op lokale kolle binne dié karter-



Figuur 62a Gemiddelde aantal bosekwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 10. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; AM = *Acacia mellifera*; GF = *Grewia flava*; *Diospyros lycioides*; AE = *Acacia mellifera*)




Figuur 62b Gemiddelde aantal bosekwivalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 11. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; AM = *Acacia mellifera*; RT = *Rhus tridactyla*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*)

ingseenheid verdig. *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* maak onderskeidelik 34 % en 23 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar, van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word, uit. Die dominantste hoogteklas van die dominante houtagtige spesies is >1 tot 2 m. Dié hoogteklas het 'n % bydrae van 60 % van die bosekwivalente per hektaar van *Tarchonanthus camphoratus* en 46 % van die bosekwivalente per hektaar van *Acacia mellifera*. Die dominante hoogteklas van *Acacia erioloba* is >2 tot 3 m. In teenstelling met dié redelike digte stand van *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* het die ander houtagtige spesies lae digthede. Ander opvallende houtagtige spesies, spesies van Figuur 62b uitgesluit, is *Diospyros lycioides* en *Rhus dregeana* met digthede van onderskeidelik 118 en 98 bosekwivalente per hektaar, wat al die hoogteklasse van dié spesies insluit.


Hierdie karteringseenheid het 'n bosdigtheid van 3 373 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies ingesluit. Lokale areas met *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* kan as verdig beskou word.

8.3.11. *Acacia erioloba* - *Tarchonanthus camphoratus* - *Rhynchosia holosericea* vlaktes (karteringseenheid 12, Figuur 17; Figuur 62c)

Hierdie karteringseenheid word oos van Kuruman tot in die Reivilo-omgewing aangetref (karteringseenheid 12 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op die effens klipperige vlaktes van karteringseenheid 12 en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Rhus tridactyla*, *Acacia erioloba* en *Acacia karroo* (Figuur 62c). *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava* en *Rhus tridactyla* is die dominante houtagtige spesies wat tekens van verdigting toon en het digthede van onderskeidelik 814, 612, en 251 bosekwivalente per hektaar, wat al die hoogteklasse van die onderskeie spesies insluit. Dié spesies lewer 'n % bydrae van onderskeidelik 29 %, 22 % en 9 % van die bosekwivalente van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word. Die dominante hoogteklas van die dominante spesies, *Acacia erioloba* uitgesluit, is >1 tot 2 m. In dié hoogteklas is die % bydrae van *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava* en *Rhus tridactyla* onderskeidelik 37 %, 50 % en 58 % van die totale bosekwivalente van die betrokke spesies. Ander opvallende houtagtige spesies, spesies van Figuur 62c uitgesluit, is *Ziziphus mucronata*, *Cadaba aphylla* en *Acacia mellifera* met digthede van onder-



Figuur 62c Gemiddelde aantal boseskwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 12. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; GF = *Grewia flava*; RT = *Rhus tridactyla*)



Figuur 62d Gemiddelde aantal boseskwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 13. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; AK = *Acacia karroo*)

skeidelik 164, 123 en 100 bosekwivalente per hektaar (al die hoogteklasse per spesies ingesluit).

Hoewel *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava* en *Rhus tridactyla* tekens van verdigting toon word dit tans nie as probleemspesies beskou nie aangesien dié struik hoofsaaklik in bosgroepe voorkom en nie as individue verspreid oor 'n area voorkom nie. Hierdie karteringseenheid het 'n digtheid van 2 835 bosekwivalent per hektaar, wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word insluit.

8.3.12. *Acacia erioloba* - *Acanthosicyos naudinianus* - *Dichrostachys cinerea* vlaktes (karteringseenheid 13 Figuur 17; Figuur 62d)

Dié karteringseenheid word in die noordoostelike gedeelte van die studiegebied, in die Mafikeng-, Setlagole-, Piet Plessis- en Beeskraal-omgewings aangetref (karteringseenheid 13, Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op diep sanderige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Acacia erioloba* en *Acacia hebeclada* (Figuur 62d) in. *Tarchonanthus camphoratus* is die dominante houtagtige spesie (Figuur 62b), het 'n digtheid van 993 bosekwivalente per hektaar (wat al die hoogteklasse ingesluit) en maak 27 % van die digtheid van al die houtagtige spesies saam uit. *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* is die enigste spesies binne dié karteringseenheid wat op lokale kolle binne dié karteringseenheid verdig. Die dominante hoogteklas van *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* is >1 tot 2 m. Dié hoogteklas het 'n % bydrae van 60 % van die bosekwivalente per hektaar van *Tarchonanthus camphoratus* en 62% van die bosekwivalente per hektaar van *Grewia flava*, terwyl die dominante hoogteklas van *Acacia erioloba* en *Acacia karroo* onderskeidelik >3 tot 4 m en >2 tot 3 m is. In teenstelling met dié redelike digte stand van *Tarchonanthus camphoratus* het die ander houtagtige spesies lae digthede.

Hierdie karteringseenheid het 'n bosdigtheid van 1 868 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies ingesluit en wat die tweede laagste digtheid van al die karteringseenhede binne die studiegebied is. Lokale areas met *Tarchonanthus camphoratus* kan as verdig beskou word.

8.3.13. *Acacia erioloba* - *Acanthosicyos naudinianus* - *Kyllinga alba* vlaktes (karterings- eenheid 14, Figuur 17; Figuur 63a)

Hierdie karteringseenheid word in die Hoopstad-, Bloemhof-, Christiana- en Hertzogville-omgewings aangetref (karteringseenheid 14 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante houtagtige spesies op diep sanderige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Acacia erioloba*, *Grewia flava*, *Acacia karroo*, *Ziziphus mucronanta* en *Diospyros lycioides* (Figuur 63a). Hierdie karteringseenheid toon tans geen tekens van verdigting nie. *Acacia erioloba* en *Grewia flava* het onderskeidelik bosdigthede van 619 en 366 bosekwivalente per hektaar (al die hoogteklasse ingesluit). *Acacia erioloba* en *Grewia flava* maak onderskeidelik 27 % en 16 % van die totale bosdigtheid (bosekwivalente) per hektaar van al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies wat in dié karteringseenheid voorkom, uit. Die dominante hoogteklasse van *Acacia erioloba* is >3 tot 4 m wat 'n % bydrae van 52 % is. Jong *Acacia erioloba* boompies met 'n hoogte van >1 tot 2 m kom ook volop binne hierdie karteringseenheid voor en maak 21 % van die gemiddelde bosekwivalent per hektaar van die spesie uit. Die dominante hoogteklas van *Grewia flava* en *Acacia karroo* is >1 tot 2 m. Ander houtagtige spesies met redelike stande sluit *Acacia mellifera*, *Acacia hebeclada* en *Tarchonanthus camphoratus*, met bosdigthede van onderskeidelik 140, 135 en 106 bosekwivalente per hektaar (al hoogteklasse van die onderskeie spesies ingesluit), in.

Alhoewel *Acacia erioloba* 'n gemiddeld van 619 bosekwivalente per hektaar het is die stand nie so dig nie. Die rede hiervoor is dat 52 % van die bosekwivalente uit bome van >3 tot 4 m en hoër bestaan. Hierdie karteringseenheid het 'n gemiddeld van 2 290 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat hier voorkom insluit. Hierdie karteringseenheid toon tans geen tekens of bedreiging van bosverdigting vir enige van die houtagtige spesies wat daarin voorkom nie.

8.3.14. *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Osteospermum muricatum* klipperige vlaktes (karteringseenheid 15, Figuur 17; Figuur 63b)


Hierdie karteringseenheid word noord van Vryburg in die Vryburg-Stella-Kameel-omgewings aangetref (karteringseenheid 15 Figuur 17). Die bosekwivalente per hektaar dui op die dominante

houtagtige spesies op klipperige vlaktes en sluit die volgende houtagtige spesies in: *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Acacia erioloba*, *Diospyros lycioides* en *Acacia tortilis* (Figuur 63b). *Tarchonanthus camphoratus* is die dominante houtagtige spesie en het 'n digtheid van 1 768 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit) wat 51 % van die bosdigtheid van al die houtagtiges binne dié karteringseenheid uitmaak. Die dominante hoogteklasse van *Tarchonanthus camphoratus* is >2 tot 3 m en >1 tot 2 m wat onderskeidelik 'n % bydrae van 32 % en 30 % van die bosekwivalente per hektaar van *Tarchonanthus camphoratus* uitmaak. Die dominante hoogteklas van *Grewia flava* en *Diospyros lycioides* is >1 tot 2 m, terwyl die dominante hoogteklas van *Acacia erioloba* en *Acacia tortilis* >3 tot 4 m is. *Tarchonanthus camphoratus* struik met 'n hoogte van >3 tot 4 m is egter ook prominent. Ander opvallende houtagtige spesies met meer as 100 bosekwivalent per hektaar is *Acacia hebeclada* en *Rhus lancea* met digthede van onderskeidelik 135 en 111 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse per spesie ingesluit)


Dié karteringseenheid het gemiddeld 3 482 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat hier aangetref word insluit. Die digte stande van *Tarchonanthus camphoratus* toon sterk tekens van verdigting en moet aandag geniet om 'n totale verdigting van dié spesie te vermy. Benewens *Tarchonanthus camphoratus* toon dié karteringseenheid geen tekens van bosverdigting vir enige van die ander houtagtige spesies wat daarin voorkom nie.

8.3.15. *Acacia erioloba* - *Acacia tortilis* - *Eragrostis rigidior* klipperige vlaktes (karteringseenheid 16, Figuur 17; Figuur 63c)

Dié karteringseenheid word noord en wes van Kimberley in die Barkley-Wes, Warrenton-, Schweizer-Reneke-, Hertzogville-, en Boshoff-omgewings aangetref en het 'n gemiddeld van 2 929 bosekwivalente (totaal van die gemiddeldes van al die houtagtiges) per hektaar. Die dominante houtagtige spesies van die karteringseenheid is *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Acacia tortilis* en *Rhus tridactyla* (Figuur 63c). In hierdie karteringseenheid het *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia mellifera* onderskeidelik 'n digtheid van 794 en 482 bosekwivalente per hektaar en maak onderskeidelik 27 % en 16 % van die totale bosekwivalente per hektaar van al die houtagtige spesies uit. Die dominante hoogteklasse van *Tarchonanthus camphoratus* is >1 tot 2 m en >2 tot 3 m wat 'n % bydrae van onderskeidelik 52



Figuur 63a Gemiddelde aantal boscwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 14. (AE = *Acacia erioloba*; GF = *Grewia flava*; AK = *Acacia karroo*; ZM = *Ziziphus mucronata*, DL = *Diospyros lycioides*)



Figuur 63b Gemiddelde aantal boscwivalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 15. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; GF = *Grewia flava*; AE = *Acacia erioloba*; DL = *Diospyros lycioides*; AT = *Acacia tortilis*)

% en 30 % van die totale bosekwivalente van *Tarchonanthus camphoratus* is. Die dominante hoogteklas van *Acacia mellifera*, *Grewia flava*, *Acacia tortilis* en *Rhus tridactyla* is >1 tot 2 m. *Acacia mellifera* is tans die enigste probleemspesies wat in die toekoms gemonitor moet word om verdigting te voorkom. Ander opvallende houtagtige spesies is *Diospyros lycioides*, *Acacia erioloba* en *Acacia karroo* met digthede van onderskeidelik 178, 136 en 131 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit).

In versteurde gebiede in die Kimberley- en Barkley-Wes en Spitskop-omgewings is die aantal bosekwivalente van veral *Acacia mellifera* en *Acacia tortilis* baie hoër as wat hierdie syfers aantoon en 'n groot bron van kommer. *Acacia tortilis* struik met 'n hoogte van >1 tot 2 m en >2 tot 3 m is saam met *Acacia mellifera* 'n baie prominent gesig op ou mynhope en versteurde gebiede. In die omliggende gebiede van dié ou mynhope toon *Acacia mellifera* en *Acacia tortilis* ernstige probleemafmetings. Op hierdie ou mynhope is waardes van tussen 1 093 tot 3 133 bosekwivalente *Acacia mellifera* per hektaar (releves B: 59, 61, 62, 71, 115, 123, 124, 125 en 135) en tussen 967 tot 2 127 bosekwivalente *Acacia tortilis* per hektaar (releves B: 58, 69, 72, 128, 136) aangetref. Hier is die gebied so verdig dat geen mens of dier deur hierdie gebiede kan beweeg nie. Hierdie areas kan amper as waardeloos beskou word en feitlik geen grasbedekking kom hier voor nie. Chemiese en/of meganiese behandeling moet so spoedig moontlik toegepas word.

Benewens *Acacia mellifera* en *Acacia tortilis* toon *Tarchonanthus camphoratus* ligte tekens van bosverdigting.

8.3.16. *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Chrysocoma ciliata* klipperige vlaktes (karteringseenheid 17, Figuur 17; Figuur 63d)

Hierdie karteringseenheid word oos van Vryburg in die Schweizer-Reneke-omgewing aangetref (karteringseenheid 17 Figuur 17) en het 'n gemiddeld van 2 224 bosekwivalente per hektaar wat al die hoogteklasse van al die houtagtige spesies wat binne die karteringseenheid aangetref word insluit. Die opvallende houtagtige spesies van hierdie karteringseenheid is *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Acacia karroo*, *Acacia erioloba* en *Diospyros lycioides* (Figuur 63d). Die dominante houtagtige spesies is *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* met digthede


van onderskeidelik 688 en 423 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse per spesie ingesluit) en maak onderskeidelik 31 % en 19 % van die totale gemiddelde bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies binne die karteringseenheid uit. Die dominante hoogteklas van *Tarchonanthus camphoratus* en *Grewia flava* is >1 tot 2 m, wat 'n % bydrae van onderskeidelik 48 % van bosekwivalente van *Tarchonanthus camphoratus* en 68 % van die bosekwivalente van *Grewia flava* uitmaak. *Tarchonanthus camphoratus* struik met 'n hoogte van >0 tot 1 m (18 %) is egter ook prominent. Ander opvallende houtagtige spesies met meer as 100 bosekwivalent per hektaar is *Acacia karroo*, *Acacia erioloba*, *Diospyros lycioides* en *Rhus tridactyla* (174 bosekwivalente per hektaar, alle hoogteklasse ingesluit).

Die digte stande van *Tarchonanthus camphoratus* toon matige tekens van verdigting. Benewens *Tarchonanthus camphoratus* toon dié karteringseenheid geen tekens van bosverdigting vir enige van die ander houtagtige spesies wat daarin voorkom nie.


8.3.17. *Ziziphus mucronata* - *Acacia karroo* - *Nerine laticoma* rivier plantegroei (karteringseenheid 18, Figuur 17; Figuur 64a)

Hierdie karteringseenheid is hoofsaaklik op die vloedvlakte langs die Vaalrivier geleë en het die tweede laagste digtheid houtagtige spesies, naamlik 1 407 bosekwivalente per hektaar, van al die karteringseenhede binne die studiegebied. Die dominante houtagtige spesies van dié karteringseenheid is *Tarchonanthus camphoratus*, *Acacia karroo*, *Acacia erioloba*, *Grewia flava* en *Ziziphus mucronata* (Figuur 64a). Hierdie karteringseenheid toon geen tekens van bosverdigting nie. *Tarchonanthus camphoratus* en *Acacia karroo* is die volopste houtagtige struik met bosdigthede van onderskeidelik 287 en 267 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit). Die dominante hoogteklasse van die *Tarchonanthus camphoratus* is >1 tot 2 m (81 % van bosekwivalente per hektaar), *Grewia flava* (53 % van bosekwivalente per hektaar) en *Ziziphus mucronata* (50 % van bosekwivalente per hektaar) terwyl die dominante hoogteklas van *Acacia karroo* >2 tot 3 m (37 % van bosekwivalente per hektaar) is.

Hierdie karteringseenheid toon oor die algemeen nie tekens van verdigting nie.



Figuur 63c Gemiddelde aantal bosekwivalente/ha en die hydræ van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 16. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; AM = *Acacia mellifera*; GF = *Grewia flava*; Acacia tortilis; *Rhus tridactyla*)




Figuur 63d Gemiddelde aantal bosekwivalente/ha en die hydræ van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 17. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; GF = *Grewia flava*; AK = *Acacia karroo*; AE = *Acacia erioloba*; DL = *Diospyros lycioides*)


8.3.18. *Olea europaea* - *Rhus tridactyla* - *Tarchonanthus camphoratus* plantegroei van die Ghaaplato (karteringseenheid 19, Figuur 17; Figuur 64b)

Hierdie karteringseenheid wat op die Ghaaplato geleë (karteringseenheid 19 Figuur 17) is het 'n gemiddeld van 3 531 bosekwivalente per hektaar (al die hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word) wat die derde digste stand van houtagtige spesies binne die studiegebied is. Die dominante houtagtige spesies van die karteringseenheid is *Acacia mellifera*, *Tarchonanthus camphoratus*, *Grewia flava*, *Acacia tortilis* en *Rhus tridactyla* (Figuur 64b). Hier het *Acacia mellifera* en *Tarchonanthus camphoratus* onderskeidelik 'n gemiddeld van 929 en 783 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit) en maak onderskeidelik 26 % en 22 % van die totale bosekwivalente per hektaar van al die hoogteklasse van die houtagtige spesies uit. Die dominante hoogteklasse van *Acacia mellifera* en *Tarchonanthus camphoratus* is >1 tot 2 m wat onderskeidelik 'n % bydra van 55 % en 57 % van die bosekwivalente per hektaar uitmaak. Die redelike hoë persentasie van jong *Acacia mellifera* struik met 'n hoogte van >0 tot 1 m is 'n sterk aanduiding van bosverdigting wat begin toeneem en het 'n sterk potensiaal om in die nabye toekoms 'n groot afname in die graskomponent tot gevolg te hê. Hierdie verdigting van *Acacia mellifera* kom veral in lokale kolle met 'n geskiedenis van wanbestuurspraktyke soos oorbeweiding en vertrapping voor. *Acacia tortilis* struik van die >0 tot 1 en >1 tot 2 m hoogteklasse is ook prominent en maak 9 % van die gemiddelde bosekwivalent per hektaar uit. Hierdie *Acacia tortilis* struik is 'n potensiele bosverdigtingspesie wat op lokale kolle kan verdig en moet gemonitor word. Ander houtagtige spesies met stande van meer as 100 bosekwivalent per hektaar, spesies van Figuur 64b uitgesluit, is *Acacia karroo* (215 bosekwivalente per hektaar; alle hoogteklasse ingesluit), *Ziziphus mucronata* (139 bosekwivalente per hektaar; alle hoogteklasse ingesluit), *Diospyros austro-africana* (121 bosekwivalente per hektaar; alle hoogteklasse ingesluit) en *Diospyros lycioides* (110 bosekwivalente per hektaar; alle hoogteklasse ingesluit). Hierdie spesies toon tans geen tekens of enige bedreiging van bosverdigting nie.

Acacia mellifera en *Acacia tortilis* is albei potensiele bosverdigtters wat baie noukeurig dop gehou moet word aangesien dit reeds op bepaalde lokaliteite binne hierdie karteringseenheid tekens van verdigting en indringing toon.



Figuur 64a Gemiddelde aantal bosekwalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 18. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; AK = *Acacia karroo*; AE = *Acacia erioloba*; GF = *Grewia flava*; ZM = *Ziziphus mucronata*)



Figuur 64b Gemiddelde aantal bosekwalent/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 19. (AM = *Acacia mellifera*; TC = *Tarchonanthus camphoratus*; GF = *Grewia flava*; Acacia tortilis; RT = *Rhus tridactyla*)


8.3.19. *Acacia mellifera* - *Acacia tortilis* - *Tarchonanthus camphoratus* plantegroei van die Ghaapplato (karteringseenheid 21, Figuur 17; Figuur 64c)

Hierdie karteringseenheid wat op die Ghaapplato geleë is (karteringseenheid 21 Figuur 17) het 'n gemiddeld van 3 255 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word). Die dominante houtagtige spesies van die karteringseenheid is *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus tridactyla*, *Grewia flava*, *Acacia mellifera* en *Acacia karroo* (Figuur 64c). *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus tridactyla* en *Grewia flava* het onderskeidelik digthede van 1 253, 592 en 461 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die onderskeie spesies ingesluit) en maak onderskeidelik 38 %, 18 % en 14 % die totale bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word) uit. Die dominante hoogteklas van die drie spesies is >1 tot 2 m wat onderskeidelik 'n % bydrae van 57 %, 68 % en 61 % van die bosekwivalente per hektaar uitmaak. Ander opvallende houtagtige spesies, spesies van Figuur 64c uitgesluit, is *Acacia tortilis* en *Diospyros lycioides* met digthede van onderskeidelik 93 en 88 bosekwivalente per hektaar). Hierdie spesies toon tans geen tekens van bosverdigting nie.


Van al die spesies is dit slegs *Tarchonanthus camphoratus* wat tans tekens van bosverdigting toon. Hierdie karteringseenheid kan gevolglik beskou word as 'n area met 'n geringe mate van bosverdigting. *Acacia mellifera* en *Acacia tortilis* toon tans nie enige tekens van verdigting nie.

8.3.20. *Tarchonanthus camphoratus* - *Rhus tridactyla* - *Diheteropogon amplexans* geslote struikveld van die Kurumanheuwels (karteringseenheid 22, Figuur 17; Figuur 64d)

Hierdie karteringseenheid wat op die Kurumanheuwels geleë is (karteringseenheid 22, Figuur 17) het 'n gemiddeld van 3 504 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse van die houtagtige spesies wat in die karteringseenheid aangetref word). Die dominante houtagtige spesies van die karteringseenheid is *Tarchonanthus camphoratus*, *Rhus tridactyla*, *Euclea undulata*, *Acacia mellifera* en *Grewia flava* (Figuur 64d). *Tarchonanthus camphoratus* is die dominante houtagtige spesie en het 'n digtheid van 1 410 bosekwivalente per hektaar (alle hoogteklasse ingesluit) wat 'n % bydrae van 40 % van die totale bosekwivalente van al die houtagtige spesies uitmaak. Prominente spesies met meer as 400 bosekwivalente per hektaar is *Rhus tridactyla* (597 bosekwivalente)



Figuur 64c Gemiddelde aantal bosekwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 21. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; RT = *Rhus tridactyla*; GF = *Grewia flava*; AM = *Acacia mellifera*; AK = *Acacia karroo*)



Figuur 64d Gemiddelde aantal bosekwivalente/ha en die bydrae van die vier verskillende hoogteklasse van karteringseenheid 22. (TC = *Tarchonanthus camphoratus*; RT = *Rhus tridactyla*; EU = *Euclea undulata*; AM = *Acacia mellifera*; GF = *Grewia flava*).

valente per hektaar), *Euclea undulata* (456 bosekwivalente per hektaar) en *Acacia mellifera* (427 bosekwivalente per hektaar). Die dominante hoogteklas van *Tarchonanthus camphoratus* is >1 tot 2 m (58 % van die bosekwivalente per hektaar). Dié hoogteklas is ook by *Rhus tridactyla*, *Euclea undulata* en *Acacia mellifera* dominant en het 'n % bydrae van onderskeidelik 67 %, 67 % en 50 % van die bosekwivalente per hektaar van die onderskeie spesies. Ander prominente houtagtige spesies, spesies van Figuur 64c uitgesluit, is *Acacia erioloba* (59 bosekwivalente per hektaar), *Ehretia rigida* (58 bosekwivalente per hektaar) en *Euclea crispa* (46 bosekwivalente per hektaar). Hierdie spesies toon tans geen tekens van bosverdigting nie.

Van al die spesies is dit slegs *Tarchonanthus camphoratus* wat tans tekens van bosverdigting toon. *Rhus tridactyla*, *Euclea undulata* en *Acacia mellifera* het egter ook redelike stande maar toon nie tans problematiese tekens van verdigting nie. Lokale kolle met hoë digthede van *Acacia mellifera* kom plek-plek teen die voethellings van die Kururmanheuwels voor. Hierdie karterings-eenheid kan gevolglik beskou word as 'n area met 'n geringe mate van bosverdigting.



SAMEVATTENDE BESPREKING

Volgens die plantegroekklassifikasie van dié studie toon die oostelike Kalahari Doringveld groot variasie oor 'n enorme groot area. Die hoofplantegroei-eenhede wat tydens die studie geïdentifiseer is toon baie duidelike ooreenkomste met die algemene en dominante plantspesies wat deur vorige navorsers soos Acocks (1953; 1988), Gubb (1980), Skarpe (1986), Bezuidenhout (1993), Van Rooyen & Bredekamp (1996; 1998) en Lubbing (1999) gevind is.

Die plantegroekaart wat tydens dié studie saamgestel is stem in 'n groot mate ooreen met die ongepubliseerde plantegroekaart van Gubb (1980). Gubb (1980) onderskei egter slegs 17 karteerbare plantegroeitipes, die Kalahari Duineveld ingesluit, teenoor die 24 karteringseenhede wat in hierdie studie geïdentifiseer is.

In die westelike gedeelte van die studiegebied sluit die *Acacia haematoxylon* - *Acacia mellifera* geslote boomveld (alliansie 1.2.1) aan by die *Acacia haematoxylon* - *Acacia mellifera* - *Centropodia glauca* duineveld van Lubbinge (1999).

In die noordelike gedeelte van die studiegebied, in die Vorsterhoop-Werda-Bray-omgewings, toon die *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* geslote struikveld (orde 1.1) groot ooreenstemming met die plantegroeitipes van Skarpe (1986). Hier is dit veral die assosiasies van alliansie 1.1.2, naamlik die *Acacia mellifera* - *Eragrostis rigidior* geslote struikveld wat groot ooreenstemming toon. Die assosiasies van alliansie 1.1.2. stem met die *Schmidtia pappophoroides* - *Stipagrostis uniplumis* (plantegroeitipe 1), *Terminalia sericea* - *Anthepera pubescens* (plantegroeitipe 3), *Terminalia sericea* - *Eragrostis pallens* (plantegroeitipe 4), *Centropodia glauca* - *Stipagrostis uniplumis* (plantegroeitipe 7), *Rhigozum trichotomum* - *Stipagrostis obtusa* (plantegroeitipe 8), *Rhigozum trichotomum* - *Hermannia tomentosa* (plantegroeitipe 9) en die *Schmidtia kalahariensis* tipe (plantegroeitipe 11) van Skarpe (1986) ooreen. Die algemene spesies van alliansie 1.1.2. stem baie ooreen met van die spesies van bogenoemde plantegroeitipes van Skarpe (1986).



Die algemene en dominante plantegroei van die Kalahari Bergbosveld (plantegroeitipe 30) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998) stem ooreen met dié van die *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* - *Stipagrostis uniplumis* sandvlaktes (karteringseenheid 2), *Acacia mellifera* - *Acacia haematoxylon* - *Centropodia glauca* sandvlaktes (karteringseenheid 3), *Terminalia sericea* - *Acacia luederitzii* geslote boomveld (karteringseenheid 9), *Acacia mellifera* - *Diospyros lycioides* - *Dichrostachys cinerea* sandvlaktes (karteringseenheid 10) en die *Acacia erioloba* - *Acacia mellifera* - *Tarchonanthus camphoratus* van die effens klipperige vlaktes (karteringseenheid 11). Die algemene en dominante plantspesies van die Kalahari Bergbosveld (plantegroeitipe 31) van Van Rooyen & Bredenkamp 1996; 1998) stem weer ooreen met dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Rhus tridactyla* - *Diheteropogon amplexans* plantegroei van die Kurumanheuwels (karteringseenheid 22), die *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* plantegroei van die Langeberge (karteringseenheid 23) en die *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla* plantegroei van die Korannabergr (karteringseenheid 24). Die plantegroei van die Kimberley Doringbosveld (Plantegroeitipe 32) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998) stem ooreen met dié van die *Acacia erioloba* - *Acanthosicyos naudinianus* - *Kyllinga alba* vlaktes (karteringseenheid 14), *Acacia erioloba* - *Acacia tortilis* - *Eragrostis rigidior* klipperige vlaktes (karteringseenheid 16) en *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Chrysocoma ciliata* klipperige vlaktes (karteringseenheid 17). Karteringseenhede 15, 19 en 21 se dominante plantspesies stem ooreen met dié van die Kalahari Platobosveld (Plantegroeitipe 33) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998).

In die oostelike gedeelte van die studiegebied, in die Vryburg-Stella-Kameel-Mafeking-Delareyville-omgewings, toon die plantegroei in 'n mate ooreenstemming met die plantegroei van die Wes-Transvaalse grasveld van Bezuidenhout (1993). Daar is oor die algemeen 'n geleidelike oorgang van die grasveldbloom na die savanne boom. Bezuidenhout (1993) verdeel die plantegroei van landtipes Bd en Ea van die Wes-Transvaalse grasveld eerstens in twee breë fisionomiese klasse naamlik boomveld en grasveld, en tweedens in twee verskillende floristiese klasse naamlik panveld en die res van die plantegroei van landtipes Bd en Ea. Hierdie verdeling van boomveld en die res van die plantegroei van landtipes Bd en Ea toon 'n geringe ooreenkoms met die plantegroei wat in hierdie studie gevind is. Die algemene dominante houtagtige spesies van die *Grewia flavae* - *Acacietaalia karroo* ord. nov. (orde 1) van Bezuidenhout (1993) stem oor die algemeen, met die uitsondering van *Acacia tortilis* (afwesig), *Acacia mellifera* (afwesig) en



Acacia erioloba, ooreen met die *Acacia erioloba* - *Hibiscus pusillus* oop boomveld (orde 2.2.). Die volgende spesies stem oor die algemeen ooreen met die *Acacia erioloba* - *Hibiscus pusillus* oop boomveld (orde 2.2.). Die volgende spesies stem oor die algemeen ooreen met die *Acacia erioloba* - *Hibiscus pusillus* oop boomveld (orde 2.2.): *Acacia karroo*, *Grewia flava*, *Ehretia rigida*, *Rhus lancea*, *Ziziphus mucronata*, *Asparagus laricinus*, *Maytenus heterophylla*, *Diospyros lycioides*, *Pavonia burchellii*, *Pollichia campestris*, *Felicia muricata*, *Lippia scaberrima*, *Barleria macrostegia*, *Tragus berteronianus*, *Dicoma anomalla*, *Eragrostis superba*, *Eragrostis lehmanniana*, *Themeda triandra*, *Aristida congesta*, *Cynodon dactylon*, *Digitaria eriantha*, *Heteropogon contortus*, *Hibiscus pusillus*, *Cymbopogon plurinodes*, *Panicum coloratum*, *Corchorus asplenifolius*, *Anthospermum hispidulum* en nog meer. Hoewel daar geen direkte ooreenstemming ten opsigte van diagnostiese spesies van die onderskeie ordes, alliansies, assosiasies en sub-assosiasies voorkom nie, is daar indirekte ooreenkoms ten opsigte van spesiesamestelling en kan die plantegroei, soos deur Bezuidenhout (1993) geïdentifiseer, as 'n oorgangstipe tussen die grasveld- en savanne bioom beskou word. Die spesiesamestelling van die *Grewia flavae* - *Acacietaalia karroo* ord. nov. (orde 1, met die onderskeie assosiasies en sub-assosiasies) en *Acacion eriolobae* all. nov. (alliansie 1) (Bezuidenhout 1993) stem in 'n mate ooreen met die spesiesamestelling van die *Acacia erioloba* - *Acanthosicyos naudianus* - *Dichrostachys cinerea* vlaktes (karteringseenheid 13 Figuur 17), *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Osteospermum muricatum* klipperige vlaktes (karteringseenheid 15 Figuur 17) en *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Chrysocoma ciliata* klipperige vlaktes (karteringseenheid 17 Figuur 17) ooreen.

Die algemene en dominante plantspesies van die Kalahari Vlaktes Doringbosveld (plantegroeitipe 30) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998) stem ooreen met dié van die *Acacia mellifera* - *Rhigozum trichotomum* - *Stipagrostis uniplumis* sandvlaktes (karteringseenheid 2), *Acacia mellifera* - *Acacia haematoxylon* - *Centropodia glauca* sandvlaktes (karteringseenheid 3), *Terminalia sericea* - *Acacia hederitzii* geslote boomveld (karteringseenheid 9), *Acacia mellifera* - *Diospyros lycioides* - *Dichrostachys cinerea* sandvlaktes (karteringseenheid 10) en die *Acacia erioloba* - *Acacia mellifera* - *Tarchonanthus camphoratus* van die effens klipperige vlaktes (karteringseenheid 11). Die algemene en dominante plantspesies van die Kalahari Bergbosveld (plantegroeitipe 31) van Van Rooyen & Bredenkamp 1996; 1998) stem weer ooreen met dié van die *Tarchonanthus camphoratus* - *Rhus tridactyla* - *Diheteropogon amplexans* plantegroei van die Kurumanheuwels (karteringseenheid 22), die *Croton gratissimus* - *Sarcostemma viminale* plantegroei van die Langeberge (karteringseenheid 23) en die *Croton gratissimus* - *Digitaria polyphylla*



plantegroei van die Korannabosveld (karteringseenheid 17) en die plantegroei van die Kimberley Doringbosveld (Plantegroeitipe 32) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998) stem ooreen met dié van die *Acacia erioloba* - *Acanthosicyos naudinianus* - *Kyllinga alba* vlaktes (karteringseenheid 14), *Acacia erioloba* - *Acacia tortilis* - *Eragrostis rigidior* klipperige vlaktes (karteringseenheid 16) en *Acacia erioloba* - *Eragrostis rigidior* - *Chrysocoma ciliata* klipperige vlaktes (karteringseenheid 17). Karteringseenhede 15, 19 en 21 se dominante plantspesies stem ooreen met dié van die Kalahari Platobosveld (Plantegroeitipe 33) van Van Rooyen & Bredenkamp (1996; 1998).

Vanuit 'n weidingskundige oogpunt is dit noodsaaklik dat die swak en onoordeelkundige ontginning van die natuurlike hulpbronne aandag moet geniet aangesien dit aanleiding kan gee tot 'n verlaging in lewensvatbaarheid en lewenskwaliteit van die bevolking. In die vegelyking tussen drakragsyfers van Fourie *et al.* (1985) en dié in die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die drakrag vanaf 1985 versleg het. Fourie *et al.* (1985) verkry drakragte vir die studiegebied wat varieer van 6 ha/GVE (in die Vryburg-Mafikeng-omgewing) tot 16 ha/GVE (noordwes van Postmasburg). Hierdie drakragte is gebaseer op ha/GVE bees. In teenstelling hiermee is daar tydens hierdie studie drakragwaardes verkry wat wissel van 9.6 ha/GVE (karteringseenhede 9, in die Vryburg-Mafikeng-omgewing) tot 23.8 ha/GVE (karteringseenheid 23, noordwes van Postmasburg). Hierdie agteruitgang kan moontlik toegeskryf word aan die onoordeelkundige benutting van ons natuurlike hulpbronne wat aanleiding gee tot veldagteruitgang. Dié veldagteruitgang word weerspieël in die afname in die digtheid van die plantbedekking, wat gepaard gaan met die vermindering van meerjarige smaaklike grasse (*Themeda triandra* en *Digitaria* spp.) en bossies en 'n toename van on smaaklike en swak grasse (*Aristida* spp.) en houtagtige struik (*Acacia mellifera* en *Acacia tortilis*). Dit kan lei tot hoër afloop, hoër verdampingsverliese, verliese aan vrugbare bogrond (erosie), 'n laer weidingskapasiteit en groter sensitiwiteit vir droogtes (Fourie *et al.* 1985).

Volgens Fourie *et al.* (1985) kan klimaatvariasies en bestuursfaktore verantwoordelik wees vir die afwykings vanaf potensiële langtermyn weidingskapasiteit. Weidingskapasiteit verwys na die produksiepotensiaal van weidings of natuurlike veld en word gedefinieer as die oppervlakte weiding (natuurlike veld) wat nodig is om 'n vee-eenheid vir 'n gegewe tydperk (gewoonlik 1 jaar) in 'n produktiewe kondisie te onderhou, sonder agteruitgang van die weiding of die grond (Fourie



et al. 1985). Weidingskapas soos klimaat (reënval en temperatuur), grondtipe (diepte en vrugbaarheid), topografie (helling en aansig) en veldtipe (botaniese samestelling en digtheid van die plantegroeibedekking) bepaal (Fourie *et al.* 1985). Die invloed van reënval en plantbedekking in ariede gebiede soos die oostelike Kalahari Doringveld kom duidelik na vore indien die drakrag van 'n bo-gemiddelde (nat seisoen) seisoen met dié van 'n onder-gemiddelde (droë seisoen) seisoen vergelyk word (Tabelle 18a-d (Bredenkamp 1996)). So is die drakrag vir karteringseenheid 9 byvoorbeeld 8.4 ha/GVE vir bees en 13.1 ha/GVE vir wild tydens 'n nat seisoen met 561 mm reën per jaar, in vergelyking met 11.1 ha/GVE vir bees en 17.2 ha/GVE vir wild tydens 'n droë seisoen met 459 mm reën per jaar.

Die veldtoestand van die oostelike Kalahari Doringveld verkeer tans oor die algemeen in 'n matige tot goeie toestand. Die grootste gedeelte van die studiearea word egter op 'n redelik groot skaal aan matige- en selektiewe oorbeweiding tot strawwe oorbeweiding blootgestel. Hierdie oorbeweiding is kommerwekkend aangesien dit tot verdere agteruitgang van ons natuurlike weivelde aanleiding kan gee.

Die dragkragsyfers wat in hierdie berekening verkry is kan, onder heersende toestande, as riglyn gebruik word maar moet egter jaarliks aangepas word aangesien klimaat, botaniese samestelling en digtheid van seisoen tot seisoen varieer.

Aangesien baie boere veeplase na wildsplase omskep is dit uiters noodsaaklik dat die korrekte aanpassings van vee na wild ook in terme van drakragte toegepas moet word. Die daarstelling van 'n goeie, praktiese en wetenskaplike bestuursplan is onontbeerlik om oor die langtermyn 'n suksesvolle en lewensvatbare boerdery, hetsy of dit vee of wild is, te onderhou. Die belangrikheid van monitering in so 'n bestuursplan kan nie oorbeklemtoon word nie.

Aangesien bosverdigting aanleiding gee tot 'n afname in die grasproduksie is dit uiters noodsaaklik dat die digthede van spesies soos *Acacia mellifera*, *Acacia tortilis*, *Rhigozum trichotomum* en *Dichrostachys cinerea* gemonitor moet word. Karteringseenhede 2, 3, 4, 5, 6, 8, 9, 10 en 20 toon huidiglik grootskaalse bosverdigting. *Acacia mellifera* veroorsaak oor die algemeen die meeste probleme regdeur die studiegebied en het 'n nadelige invloed op die grasproduksie. *Dichrostachys cinerea*, *Acacia tortilis*, *Rhigozum trichotomum* en *Tarchonanthus camphoratus* verdig op



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verspreide en lokale kolle bir gting kan grootliks aan
onoordeelkundige bestuurspraktyke toegeskryf word. Hierdie onoordeelkundige bestuurspraktyke
het groot ekologiese en ekonomiese implikasies en moet spoedig aandag geniet.

OPSOMMING

FITOSOSIOLOGIE EN VELDBESTUUR VAN DIE OOSTELIKE KALAHARI DORINGVELD

deur

JACOBUS HENDRIK LOUW SMIT

Studieleier: Prof. Dr. N. van Rooyen

Departement Plantkunde

Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

Universiteit van Pretoria

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER SCIENTIAE (NATUURLEWEBESTUUR)

Die primêre doel van die studie was om die plantegroeitipes van die oostelike Kalahari Doringveld te identifiseer, klassifiseer en aan die hand van habitat ekologies te interpreteer en te beskryf. Die sekondêre doel van dié studie was om karteerbare eenhede te identifiseer en te karteer en om die veldtoestand, drakragte (weidingskapasiteit) en mate van bosverdigting van elk van dié karteerbare eenhede te bepaal.

Die studiegebied is in die suidoostelike gedeelte van die Kalahari, binne die grense van Suid-Afrika, geleë en beslaan die oostelike gedeelte van die Kalahari Doringveld en Struikbosveld. Die studiegebied is tussen 25°20' en 29°10' Suid en 22°00' en 25°45' Oos geleë en beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 114 391 km².

Die studiegebied is in die klimaatstreek Noordelike Steppe (sn) soos deur die Suid-Afrikaanse Weerburo aangedui, geleë (Schulze 1965; 1979) en word as 'n halfdorre gebied met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 250 mm in die weste, en 550 mm in die ooste beskryf. Die

temperatuur wissel van uiterstes van 41,2°C in die somer tot -10,6°C in die winter. Ryp kom in die winter voor en die gemiddelde tydsduur van die rypperiode varieer van 61 tot 90 dae in die noorde tot noordweste en van 91 tot 120 dae in die res van die studiegebied.

Die studiegebied was gestratifiseer op grond van hoof kenmerke soos landtipes, geologie, topografie, fisonomie en dominante spesies. Omgewingsdata wat by elke monsterperseel aange-teken is sluit hoogte bo seespieël, gronddiepte, erosie, aspek, helling, klipbedekking, geologie en landtipe in. Ten einde al die verskillende stratifikasie-eenhede in te sluit, is 'n totaal van 1 071 monsterpersele op 'n ewekansige wyse in die studiegebied uitgeplaas. 'n Floristiese opname volgens die Braun-Blanquet-metode, tesame met 'n habitat opname, is by elke monsterperseel uit-gevoer. Dié data is met behulp van TWINSPAN geklassifiseer en daarna deur die toepassing van Braun-Blanquet-prosedures verfynd.

Die klassifisering van die floristiese data het vyf verskillende fitososiologiese tabelle tot gevolg gehad. Elkeen van dié tabelle verteenwoordig die vyf hoof plantegroeitipes, naamlik:

- A. *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld van die diep sandvlaktes
- B. *Acacia erioloba* - *Eragrostis lehmanniana* bosveld van die vlakker sandvlaktes
- C. *Tarchonanthus camphoratus* - *Eragrostis lehmanniana* geslote struikveld van die klipperige vlaktes
- D. *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* geslote struikveld van die koppies en heuwels
- E. *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* geslote struikveld van die riviere

'n Totaal van 5 Klasse, 9 Ordes, 27 Alliansies, 62 Assosiasies en 4 Sub-assosiasies is op grond van floristiese- en strukturele samestelling geïdentifiseer en informeel benaam. Al die geïdentifiseerde plantgemeenskappe is ekologies geïnterpreteer, beskryf en karteer. 'n Volledige plantspesielys is saamgestel. Die belangrikste skaars-, bedreigde-, endemiese- en giftige plantspesies word ook aangedui.

'n Totaal van 24 karteringseenhede is geïdentifiseer en karteer. Braun-Blanquet-data is aangewend om met behulp van die Ekologiese Indeks Metode die veldtoestand en drakragte van elke

karteringseenheid te bepaal. Hierdie waardes is met dié van vorige navorsers vergelyk. Die mate van bosverdigting is ondersoek en potensiële areas van bosverdigting is bepaal.

SUMMARY

PHYTOSOCIOLOGY AND VELD MANAGEMENT OF THE EASTERN KALAHARI THORNVELD

by

JACOBUS HENDRIK LOUW SMIT

Supervisor: Prof. Dr. N. van Rooyen

Department of Botany

Faculty of Natural and Agricultural Sciences

University of Pretoria

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree

MAGISTER SCIENTIAE (WILDLIFE MANAGEMENT)

The primary objectives of this study were to identify, classify, describe and map the major vegetation types of the eastern Kalahari Thornveld as well as the ecologically interpretation of the data by using habitat properties. The grazing capacity and state of bush encroachment were determined for each mapping unit.

The study area is situated in the south-eastern part of the Kalahari in the Republic of South Africa and consists of the eastern part of the Kalahari Thornveld and Shrub Bushveld (Veld type 16, Acocks 1953; 1988). This area is situated between latitude 25°20' and 22°10' S and longitude 22°00' and 25°45' E and covers an area of approximately 114 391 km².

The study area falls under the Northern Steppe (sn) climatic region of the South African Weather Bureau (Schulze 1965; 1979) and have been described as an arid region with a mean annual rainfall of 250 mm in the west and 550 mm in the east. The temperatures can vary from 41.2 °C

in the summer (January) to -10.6°C in the winter (June). Frost generally occurs during the winter for 61-90 days in north to northwest and 91-120 days in the rest of the study area.

The study area was stratified according to land types, geology, topography (land form), physiognomy and dominant plant species. Environmental factors include the following: altitude, soil depth, erosion, aspect, slope, rockiness, geology and land types. To include all the different stratification units a total of 1 071 random sample plots were surveyed throughout the study area. Floristic analysis, according to the Braun-Blanquet-procedures, as well as habitat-analysis, were done at all the sample plots. These data were classified using TWINSpan and refined according to Braun-Blanquet-procedures.

The classification of the floristic data resulted in five different phytosociological tables. Each of the tables represents the following five major vegetation types:

- A. *Acacia mellifera* - *Eragrostis lehmanniana* closed shrubveld of very deep sandy plains
- B. *Acacia erioloba* - *Eragrostis lehmanniana* bushveld of deep sandy plains
- C. *Tarchonanthus camphoratus* - *Eragrostis lehmanniana* closed shrubveld of the rocky plains
- D. *Tarchonanthus camphoratus* - *Aristida diffusa* closed shrubveld of the koppies and hills
- E. *Acacia karroo* - *Panicum coloratum* closed shrubveld of the rivers

A total of 5 Classes, 9 Orders, 27 Alliances, 62 Associations and 4 Sub-associations were identified and informally named according to the floristic and structural composition. All the identified plant communities were ecologically interpreted, described and mapped. A complete species list were compiled. The most important, rare, endangered, endemic and poisonous species were determined.

A total of 24 mapping units were identified and mapped. The application of Braun-Blanquet-data and the Ecological Index Method were used to determine the veld condition and grazing capacity of each mapping unit. These values were compared to results of previous researchers. The potential areas of bush encroachment were identified.

BEDANKINGS

Ek wil my Hemelse Vader prys vir die voorreg, leiding en krag wat Hy aan my gegee het om die projek suksesvol te kon deurvoer.

Ek wil graag ook die volgende persone en instansies bedank vir hul bystand, ondersteuning en lojaliteit gedurende die studie:

My studieleier Prof. Dr. N. van Rooyen vir al sy hulp, aanmoediging en geduld, asook reëlins ten opsigte van finansiële ondersteuning, gedurende die afgelope paar jare.

Prof. G.J.Bredenkamp vir al die advies, aanmoediging, ondersteuning en die hulp wat hy verleen het met die bepaling van die onderskeie plantgemeenskappe se veldtoestande.

My vrou, Amanda, vir al haar geduld, aanmoediging, vertrou en ondersteuning.

Mev. M.S. Deutschländer vir al haar hulp met die verwerking van data en aanmoediging.

Die Departement Plantkunde, die Departement Omgewingsake en Toerisme en die Sentrum vir Natuurlewebestuur vir die gebruik van fasiliteite, toerusting en voertuie.

Die Departement Omgewingsake en Toerisme, die Sentrum vir Natuurlewebestuur en die SNO vir finansiële ondersteuning.

Personeel van die H.G.W.J. Schweickerdt Herbarium (PRU), die Universiteit van Pretoria en die Nasionale Herbarium (PRU) van die Nasionale Botaniese Instituut, vir die identifisering van plante.

Al die mense in die Kalahari wat my baie hartlik en gasvry ontvang het.

My ouers vir al hul aanmoediging, morele en finansiële ondersteuning.

Al my vriende en die personeel van die Departement Plantkunde vir al hul hulp en morele ondersteuning.

Mnr. Willem de Frey vir al sy hulp met die druk en optrek van kaarte.

Mej. Hester Steyn van die Nasionale Botaniese Instituut vir haar hulp met die samestelling van die spesielys, endemiese spesies, skaars en bedreigde spesies en die afronding en druk van figure en kaarte.

Mnr. Deon Marais van die Departement van Omgewingsake en Toerisme met sy hulp en beskikbaarstelling van die fasiliteite vir die druk van kaarte en tabelle.

Mnr. Terrence Knox van ITEC (KONICA) vir die groot borgskap ten opsigte van die hoë kwaliteit kleur kopieë asook die kopieëring van addisionele afskrifte van die verhandeling.

Mev. Liset Swanepoel van die Sentrum van Natuurlewebestuur, Universiteit van Pretoria, met die reëlings ten opsigte van fondse vir die bind van elke kopie.

LITERATUUR

- ACOCKS, J.H.P. 1953. Veld types of South Africa. 1 st edn. with vegetation map included. *Memoirs of the Botanical Survey of South Africa* 28: 1-130.
- ACOCKS, J.H.P. 1988. Veld types of South Africa. 3rd edn. *Memoirs of the Botanical Survey of South Africa* 57: 1-146.
- ARNOLD, T.H. & DE WET, B.C. 1993. Plants of Southern Africa: Names and distribution. *Memoirs of the Botanical Survey of South Africa* 62: 1-825.
- ARNOLD, T.H. & DE WET, B.C. 1999. Plants of Southern Africa: Names and distribution. Electronic Data Base. NBI, Pretoria.
- AUCAMP, A.J. 1976. The role of the browser in the bushveld of the Eastern Cape. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 11: 135-138.
- AUCAMP, A.J. 1979. Die produksiepotensiaal van die vallei-bosveld as weiding vir Boer- en Angorabokke. DSc. (Agric) tesis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- AUCAMP, A.J. 1986. Bos in die Bosveld: Bate of hindernis vir vleisproduksie. Lesing: Maranavorsingstasie: 16-18 September 1986.
- AUCAMP, A.J. DANCKWERTS, J.E., TEAGUE, W.R. & VENTER, J.J. 1983. The role of Acacia karroo in the False Thornveld of the Eastern Cape. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 8: 151-154.
- AUCAMP, A. & DANCKWERTS, J.E. 1989. Weiding: 'n Strategie vir die toekoms: Inleiding. Agriforum '89. Departement van Landbou en Watervoorsiening, Pretoria.
- BAILLIEUL, T.A. 1975. A reconnaissance survey of the cover sands in the Republic of Botswana. *Journal of Sedimentary Petrology* 45: 494-503.

- BARNES, D.L. 1972. Bush control and veld productivity (1). *Mod. Fmg.* December 1972: 10
- BARNES, D.L. 1979. Cattle ranching in the semi-arid savannas of East and Southern Africa. In: Management of semi-arid ecosystems, p. 28-50, ed. Walker, B.H. Elsevier North Holland Inc., New York.
- BEHR, C.M. & BREDENKAMP, G.J. 1988. A phytosociological classification of the Witwatersrand National Botanical Garden. *South African Journal of Botany* 54: p.525-533.
- BEZUIDENHOUT, H. 1988. 'n Plantsosiologiese studie van die Mooirivieropvangsgebied Transvaal. M.Sc. verhandeling. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom.
- BEZUIDENHOUT, H. 1993. Syntaxonomy and synecology of Western Transvaal Grassland. Ph.D. thesis, University of Pretoria, Pretoria
- BEZUIDENHOUT, H., BREDENKAMP, G.J. & ELSENBROEK, J.H. 1988. Die plantegroei van die alkaligraniet en aangrensende kwartsiet in die Vredefortkoepel, noordwes van Parys. *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 7: 4-9
- BEZUIDENHOUT, H. & BREDENKAMP, G.J. 1990. A reconnaissance survey of the vegetation of the dolomitic region in the Potchefstroom-Ventersdorp-Randfontein area. *South Africa. Phytocoenologia* 18: 397-403.
- BOND, G. 1957. The problem of Quaternary glacio-pluvial correlation in East and southern Africa. In: Proceedings of the third Pan-African Congress on Prehistory, pp. 115-122, ed. J.D. Clark. Chatto & Windus, London.
- BOSCH, O.J.H. & VAN WYK, J.J.P. 1970. Die invloed van bosveldbome op die produktiwiteit van *Panicum maximum*. 'n Voorlopige verslag. *Handleiding van die Weidingsvereniging van suidelike Afrika* 34: 30-32

- BOSCH, P.J.A. 1993. Die geologie van die gebied Kimberley. Geologiese Opname. Staatsdrukker Pretoria.
- BOTHA, B.J.V., GROBLER, N.J & BURGER, A.J. 1979. New U-Pb age measurements on the Koras Group, Cape Province, and its significance as a time-reference horizon in eastern Namaqualand: *Verhandelinge van die geologiese Vereniging van Suid-Afrika* 81(1): 1-5
- BRAUN-BLANQUET, J. 1932. Plant sociology. Translated by Fuller, G.D. & Conard, H.S. McGraw-Hill, New York.
- BRAUN-BLANQUET, J. 1964. *Pflanzensoziologie*. 3 Aufl. Wein. Springer.
- BREDENKAMP, G.J. 1982. 'n Plantekologiese studie van die Manyeletiwildtuin. D.Sc. proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- BREDENKAMP, G.J. 1996. GRAZE - A program to calculate Veld condition, Grazing capacity and stocking rate. Ekotrust cc, Pretoria
- BREDENKAMP, G.J. 1975. 'n Plantekologiese studie van die Suikerbosrandnatuurresewaat. M.Sc verhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria
- BREDENKAMP, G.J., JOUBERT, A.F. & BEZUIDENHOUT, H. 1989. A reconnaissance survey of the vegetation of the plains in the Potchefstroom-Fochville-Parys area, South Africa. *South African Journal of Botany* 55: 199-206
- BROWN, L.R. 1997. A Plant ecological study and wildlife management plan of the Borakalalo Nature Reserve, North-West Province. Ph.D. thesis. University of Pretoria, Pretoria.
- CLEMENT, A.J. 1967. The Kalahari and its Lost City. Longman, Cape Town.
- CLOUDSLEY-THOMPSON, J.L. 1993. The adaptational diversity of desert biota. *Environmental Conservation* 20: 227 -231.

- COETZEE, B.J. 1972. 'n Plantsosiologiese studie van die Jack Scott Natuurresewaat. M.Sc. verhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- COETZEE, B.J. 1974. Improvement of association-analysis classification by Braun-Blanquet technique. *Bothalia* 11: 365 - 367.
- COETZEE, B.J. & WERGER, M.J.A. 1973. On hierarchical syndrome analysis and Zürich-Montpellier table method. *Bothalia* 11: 159 -164.
- COETZEE, B.J. & WERGER, M.J.A. 1975. A west-east vegetation transect through Africa south of the Tropic of Capricorn. *Bothalia* 11: 539-560.
- COOKE, H.B.S. 1957. The problem of Quaternary glacio-pluvial correlation in East and southern Africa. In: Proceedings of the third Pan-African Congress on Prehistory, pp. 115-122, ed. J.D. Clark. Chatto & Windus, London.
- CRAMPTON, D. 1974. A Note on the age of the Matsap Formation of the northern Cape Province. *Verhandelinge van die geologiese Vereniging van Suid-Afrika* 77: 71-72.
- DANCKWERTS, J.E. 1989a. Monitoring vegetation and assessment of veld condition in grassveld. In: Veld management in the Eastern Cape, pp. 96-99, eds. J.E. Danckwerts & W.R. Teague. Government Printer Pretoria.
- DANCKWERTS, J.E. 1989b. Animal performance. In: Veld management in the Eastern Cape, pp. 47-60, eds. J.E. Danckwerts & W.R. Teague. Government Printer Pretoria.
- DANCKWERTS, J.E. 1989c. Management of veld types. In: Veld management in the Eastern Cape, pp. 140-148, eds. J.E. Danckwerts & W.R. Teague. Government Printer Pretoria.
- DANCKWERTS, J.E. & TEAGUE, W.R. 1989. Veld management in the Eastern Cape. Pasture Research Section, Eastern Cape Region, Dept. Agric. & Water Supply, Stutterheim. 196 pp.

- DAUBENMIRE, R. 1968. Plant communities. A textbook of plant synecology. Harper & Row, New York. 300 pp.
- DAVIS, S.D., HEYWOOD, V.H., & HAMILTON, A.C. 1994. Centres of plant diversity. A guide and strategy for their conservation. WWF and IUCN. Oxford University Press, Oxford.
- DEBENHAM, F. 1952. The Kalahari today. *Geographical Journal* 118: 12-23.
- DONALDSON, C.H. 1966. Control of blackthorn in the Molopo area with special reference to fire. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 1:57-62.
- DONALDSON, C.H. 1967. The immediate effects of the 1964/66 drought on the vegetation of specific study areas in the Vryburg district. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 2:137-141.
- DONALDSON, C.H. 1969. Bush encroachment with special reference to the Blackthorn problem of the Molopo area. Dept. Agricultural Technical Services. Govt. Printer, Pretoria
- DONALDSON, C.H. 1970. An investigation of veld problems in the Molop Area: I. Early findings. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 5:50-57
- DU TOIT, A.L. 1910. The evolution of the river systems of Griqualand West: *Verhandelinge van die geologiese Vereniging van Suid-Afrika* 1: 347-361.
- DU TOIT, A.L. 1927. The Kalahari and some of its problems. *South African Journal of Science* 24: 88-101.
- DU TOIT, P.F. 1972. The goat in bush-grass communities. *Proceedings of the Grassland Society of Southern Africa* 7: 44-50

- ECKHARDT, H.C. 1993. A synecological study of the vegetation of the north-eastern Orange Free State. M.Sc. dissertation. University of Pretoria, Pretoria.
- EDWARDS, D. 1983. A broad-scale structural classification of vegetation for practical purposes. *Bothalia* 14: 705-712.
- FORD, E.D. & NEWBOULD, P.J. 1977. The biomass and production of ground vegetation and its relationship to tree cover through a deciduous woodland cycle. *Journal of Ecology* 65: 201-212.
- FOURIE, M.P. 1983. Control of encroaching bush with Ustilan in Southern Africa. *Pflanzenschutz-nachrichten Bayer* 36/1983. 2: 184-201
- FOURIE, J.H., VAN NIEKERK J.W. & FOUCHÉ, H.J. 1985. Weidingskapasiteitsnorme in die Vrystaatstreek. *Glen Agric* 14: 7-7
- FOURIE, J.H. & VISAGIE A.F.J. 1985. Weidingswaarde en ekologiese status van grasse en karoobossies in die Vrystaatstreek. *Glen Agric* 14: 14-18
- GAMMON, D.M. 1984. Effects of bush clearing, stocking rates and grazing systems on vegetation and cattle gains. *Vleisraadfokus*. Mei/Junie 1984. 3: 9-18
- GARDENER, R.A.M. 1981. Reddening of dune sands - evidence from south east Asia. *Earth Surface Processes and Landforms* 6: 459-468
- GAUCH, H.R. Jr. 1982. *Multivariate analysis in community ecology*. Cambridge, U.S.A. Cambridge University Press.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1974a. Geologiese kaart, 1:250 000, 2522 Bray. Staatsdrukker, Pretoria.

- GEOLOGIESE OPNAMES. 1974b. Geologiese kaart, 1:250 000, 2622 Morokweng. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1974c. Geologiese kaart, 1:250 00, 2524 Mafeking. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1977. Geologiese kaart, 1:250 000, 2822 Postmasburg. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1978. Geologiese kaart, 1:250 000, 2726 Kroonstad. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1979. Geologiese kaart, 1:250 000, 2722 Kuruman. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1993a. Geologiese kaart, 1:250 000, 2824 Kimberley. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1993b. Geologiese kaart, 1:250 000, 2624 Vryburg. Staatsdrukker, Pretoria.
- GEOLOGIESE OPNAMES. 1994. Geologiese kaart, 1:250 000, 2724 Christiana. Staatsdrukker, Pretoria.
- GIBBS RUSSELL, G.E. 1985. Analysis of the size and composition of southern African flora. *Bothalia* 15: 613-629.
- GOUDIE, A.S. & THOMAS, D.S.G. 1985. Pans in southern Africa, with particular reference to South Africa and Zimbabwe. *Zeitschrift für Geomorphologie* 29: 1-19.
- GRONDKLASSIFIKASIEWERKGROEP. 1991. Grondklassifikasie. 'n Taksonomiese sisteem vir Suid-Afrika. *Memoirs van die Natuurlike Landbouhulpbronne van Suid-Afrika* 15: 1-

- GROVE, A.T. 1969. Landforms and climatic change in the Kalahari. *Geographical Journal* 135: 191-212.
- GROVE, A.T. 1977. The geography of semi-arid lands. *Philosophical Transactions of the Royal Society of London, series B*, 278: 457-475.
- GRUNOW, J.O. & PIETERSE, P.A. 1983. Beginsels en toepassing van veld- en weidingspraktyke. Ongepubliseerd.
- GUBB, A.A. 1980. Plantegroeikaart van die Noord-Kaap Provinsie. Ongepubliseerd verslag. McGregor Museum, Kimberley.
- HEINE, K. 1982. The main stages of late Quaternary evolution of the Kalahari region, southern Africa. *Palaeoecology of Africa* 15: 53-76.
- HENEKENS, S.M. 1996a. TURBOVEG. Software package for input, processing, and presentation of phytosociological data. User's guide, version July 1996. IBN-DLO, Wageningen.
- HENEKENS, S.M. 1996b. MEGATAB. A visual editor for phytosociological tables. User's guide, version October 1996. Giesen & Geurts, Ultf.
- HILL, M.O. 1979a. TWINSPAN - A fortran program for arranging multivariate data in an ordered two-way table by classification of individuals and attributes. Cornell University, Ithaca, New York.
- HILL, M.O. 1979b. DECORANA - A fortran program for detrended correspondance analysis and reciprocal averaging. Cornell University, Ithaca, New York.
- HILTON-TAYLOR, C. 1996. Red Data List of southern African plants. *Strelitzia* 4: 1-117.

- HILTON-TAYLOR, C. 1996a. Red Data List of southern African plants. 1. Corrections and additions. *Bothalia* 26(2): 177-182
- HILTON-TAYLOR, C. 1997. Red Data List of southern African plants. 2. Corrections and additions. *Bothalia* 27(2): 195-209
- HOOFDIREKTORAAT: OPMETINGS-EN GRONDINLICHTING, 1988. Topo-kadastrale kaarte van 2522 Bray, 2524 Mafeking, 2622 Morokweng, 2624 Vryburg, 2722 Kuruman, 2724 Christiana, 2726 Kroonstad, 2822 Postmasburg en 2824 Kimberley. Staatsdrukker, Pretoria.
- HULPBRONONTWIKKELING, GLEN. 1981. Klimatologiese variasie in die Vrystaatstreek. Glen Landboukollege. Oranje Vrystaat. Glen.
- JACOBY, P.W., UECKERT, C.N. & HARTMANN, F.S. 1982. Creosote bush response to Tebutiuron in Western Texas. In: Bush Management and Range Improvement Research. p. 21-25
- JELTSCH, F., MILTON S.J., DEAN, W.R.J. & VAN ROOYEN, N. 1997. Analysing shrub encroachment in the southern Kalahari: a grid-based modelling approach. *Journal of Applied Ecology* 34: p. 1 497 - 1 508
- JONES, C.R. 1982. The Kalahari of southern Africa. In: The Geological Story of the World's Deserts, ed. T.L. Smiley. *Striae* 17: 20-34.
- JÜRGENS, N. 1991. A new approach to the Namib Region. Part I: Phytogeographic subdivision. *Vegetatio* 97: 21-38
- KEYSER, N. & DU PLESSIS, C.P. 1993. The geology of the Vryburg area. Geological Survey. Government Printer, Pretoria.

- KRUGER, G.P. 1983. Terreinmorfologiese kaart van suidelike Afrika. Navorsingsinstituut vir grond en besproeiing. Departement van Landbou, Pretoria.
- LANCASTER, I.N. 1974. Pans of the southern Kalahari, Botswana. *Botswana Notes and Records* 6:157-169
- LANCASTER, I.N. 1976. Pans of the southern Kalahari, Botswana. PhD thesis, University of Cambridge, Cambridge.
- LANCASTER, I.N. 1978. The pans of the southern Kalahari, Botswana. *Geographical Journal* 144: 81-98
- LANDTIPE-OPNAMEPERSONEEL 1984a. Landtipes van die kaarte 2522 Bray, 2622 Morokweng, 2524 Mafeking, 2624 Vryburg. *Memoirs van die Natuurlike Landbouhulpbronne van Suid-Afrika* 1. Departement van Landbou en Watervoorsiening, Pretoria.
- LANDTIPE-OPNAMEPERSONEEL 1984b. Landtipe kaart, 1:250 000, 2522 Bray. Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing. Departement van Landbou, Pretoria.
- LANDTIPE-OPNAMEPERSONEEL 1984c. Landtipe kaart, 1:250 000, 2724 Christiana. Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing. Departement van Landbou, Pretoria.
- LANDTIPE-OPNAMEPERSONEEL 1984d. Landtipe kaart, 1:250 000, 2726 Kroonstad. Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing. Departement van Landbou, Pretoria.
